# ALLES ONDER *een Hoof*

## *40 Dae* GEBEDSFOKUS 2023

30 JAAR

AMOS agrimin

LIVING AND FARMING GOD'S WAY · sedert 1993

30 YEARS · 1993 - 2023 · 30 JAAR

# *Bid* vir AFRIKA




**Gebed is die mees effektiewe en vrugbare benutting van tyd.**

**- Hennie Viljoen -**

**God het lankal besluit om nie sy wil geheim te hou nie, maar om dit op die regte tyd aan ons bekend te maak:**

# Alles Onder Een Hoof

**Jesus Christus, die Verlosser en Koning!**

## *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou*
## *1 September – 10 Oktober 2023*

| | |
|---|---|
| Skrywer: | Hennie Viljoen |
| Buiteblad-ontwerp: | Leana Viljoen |
| Bladuitleg en grafika: | Paul Putter |
| Taal- en gehaltebeheer: | Cilna Maritz |
| | Hannatjie Theron |
| | Karen Botha |
| Druk- en bindwerk: | Jetline Menlyn, Pretoria |

**AMOS** is ŉ nie-rassige, a-politiese Koninkryksbediening wat hulle beywer om mense se verhouding met God, ander mense en die skepping te herstel en te bou. Besoek www.amosafrica.net

*God se Koninkryk moet oral sigbaar word –*
*ook in die landbou.*

**Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei,** hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u ŉ e-pos stuur aan secretary@amosafrica.net.

Aanhalings is uit die 1983-Vertaling van die Afrikaanse Bybel, tensy anders aangedui.

Uitgegee deur ***AMOS AGRIMIN***
**secretary@amosafrica.net www.amosafrica.net**

**ISBN** 978-1-920138-75-2

# Inhoudsopgawe


**Voorwoord: Alles onder één Hoof....................................................4**

**Hoe om die Gebedsfokus te gebruik ...................................................5**

**DEEL 1 God het sý wil bekend gemaak!.............................................7**

Dag 1 Aan God al die lof, dank en eer ...............................................8

Dag 2 Wat was God se opdrag? .......................................................10

Dag 3 Wat is steeds God se opdrag en wat is ons droom?.............13

**DEEL 2 Die enigste fondasie vir ons geloof en hoop.....................17**

Dag 4 God het rééds met die oplossing gekom! ...............................18

Dag 5 Die Burgers van die Koninkryk ..............................................20

Dag 6 Ons is ingesluit in Christus, net soos ons in Adam ingesluit was ..........................................................................23

Dag 7 Een met Jesus: Ons in Hom en Hy in ons............................25

**DEEL 3 Hy het in ons plek ’n vervloekte geword, sodat ons geseënd kan wees ..........................................................................28**

Dag 8 God het die ruil-transaksie geïnisieer ....................................29

Dag 9 Seën en vloek is werklikhede ................................................31

Dag 10 Seën en vloek: voorwaardes en oorsake .............................33

Dag 11 Seën en Vloek: onsigbare bonatuurlike kragte.....................37

Dag 12 Seën en Vloek: sigbare gevolge...........................................39

Dag 13 Bevry van die vloek van armoede .........................................43

Dag 14 Bevry van die vloek van skuld ...............................................46

Dag 15 Geseënd op grond van jou verhouding met Christus ............50

Dag 16 Breek die mag en houvas van geld en besittings..................54

Dag 17 Bevry van die vloek van bloedsweet! ....................................59

Dag 18 Bevry van die vloek van godsdienstige slawerny! .................62

Dag 19 Ons is Geseënd! ...................................................................63

Dag 20 Ek is geseënd omdat ek in U is en U in my!.........................66

Dag 21 Geseënd met ’n doel ............................................................69

Dag 22 Toegerus met mag en gesag.................................................72

**DEEL 4 Roepingsvervulling ........ 75**
Dag 23 Jou primêre roeping: Aanvaar die versoening wat God in Christus vir jou gee ........ 76
Dag 24 Jou primêre roeping: Maak die Koninkryk jou hoogste prioriteit (1) ........ 78
Dag 25 Jou primêre roeping: Maak die Koninkryk jou hoogste prioriteit (2) ........ 82
Dag 26 Jou primêre roeping: Maak die Koninkryk jou hoogste prioriteit (3) ........ 84
Dag 27 Jou sekondêre roeping: Boer met ŉ passie! ........ 87
Dag 28 Jou sekondêre roeping: Boer met ŉ passie! (2) ........ 89
Dag 29 Jou sekondêre roeping: Boer met ŉ passie! (3) Produseer gesonde kos ........ 92
Dag 30 Jou unieke roeping ........ 95
**DEEL 5 Die mikro-omgewing waarin ons leef en boer: Ons grond ........ 98**
Dag 31 *Living and Farming God's Way*... op God se grond ........ 98
Dag 32 *Living and Farming God's Way*... op grond wat God met Homself versoen het ........ 101
Dag 33 *Living and Farming God's Way*... op grond waaroor Christus gesag het ........ 104
**DEEL 6 Die makro-omgewing waarbinne ons leef en boer: Die gevegsterrein tussen twee koninkryke! ........ 108**
Dag 34 Wêreldleiers span saam teen die Here en teen sy Gesalfde ........ 108
Dag 35 Twee opponerende koninkryke ........ 111
Dag 36 Wie en wat is Babilon? ........ 114
Dag 37 Twee teenstrydige kulture ........ 116
Dag 38 Twee teenstrydige kulture (2) ........ 118
**DEEL 7 Seënbedes ........ 121**
Dag 39 Die gebed van ŉ boer ........ 122
Dag 40 Seënbede ........ 124
**Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem ........ 126**

# Voorwoord:
# Alles onder één Hoof

13 Augustus 1993 – 13 Augustus 2023

Na 30 jaar kyk ek terug en herhaal wat die Here deur die profeet Sagaria gesê het: *"Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie."* Die geboorte van Projek Amos was 'n "klein dingetjie". 'n Mosterdsaadjie wat God oor die jare laat groei het.

Hoe beter ek die Here oor die afgelope 30 jaar leer ken het, hoe liewer het ek Hom gekry! My verwondering, aanbidding en waardering vir Hom groei daagliks. Die Here Jesus Christus was bereid om alles wat Hy deur sy volkome gehoorsaamheid aan die Vader verdien het, met my te **ruil** vir die vloek en straf wat ek deur ongehoorsaamheid verdien het. Dié goeie nuus moet so vinnig en effektief as moontlik versprei word. Ek skryf hierdie Gebedsfokus uit dankbaarheid vir wat Jesus vir my (en jou) gedoen het. Ek wil betrokke wees by dít waarmee God besig is. Ek wil met Hom saamwerk. Sý wil en begeerte is my agenda. Maar wat ís sý wil?

***God het lankal besluit om nie sy wil geheim te hou nie, maar om dit op die regte tyd aan ons bekend te maak:***

## Alles Onder Een Hoof

**Jesus Christus, die Verlosser en Koning!**

(Efesiërs 1:9-10 en 4:15)

Dit is God se wil dat *alles en almal onder die beheer en bestuur van die één Hoof kom.* God het besluit wie die hoof sal wees: Jesus Christus die Here. Onder sý beheer en bestuur verander alles: van die vrugbaarheid van ons grond tot die voedingswaarde van die kos wat ons produseer; van die landbou-ekonomie tot arbeidsverhoudinge; van ons gesondheid tot die manier waarop ons God se hulpbronne wat Hy aan ons toevertrou het, gebruik. Wanneer alles en almal onder sy beheer en bestuur is, sal sý wil op aarde geskied soos in die hemel. Dan sal dit vir ons en vir die generasies wat kom soos *hemel op aarde* wees om te boer.

Hennie Viljoen
hennie.viljoen@amosafrica.net

# Hoe om die Gebedsfokus te gebruik

Hou die volgende in gedagte:

1. **Beplan en organiseer**

   Dis nou die ideale tyd vir Christene om oor kultuur, kerk, sosiale en partypolitieke grense hande te vat en saam te bid. Benut elke bestaande gebedsgeleentheid en skep ook nuwe geleenthede om dit te doen.

   **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus* so wyd as moontlik. Stuur die e-pos en WhatsApp aan familie en vriende, politieke partye en kandidate, kerke en gemeenskapsorganisasies. Plaas die inhoud op jou FB. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Verwys vriende na *AMOS* se tuisblad: www.amosafrica.net.

2. **Lees die Skrifgedeeltes**

   Lees daagliks ten minste die Skrifgedeeltes wat bo-aan elke dagstukkie gegee word. Indien jy net die boodskap lees, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.

3. **Bely sonde**

   Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkie genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:

   - Laat die Heilige Gees berou in jou bewerk;
   - Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
   - Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
   - Draai terug van jou bose weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

   Wanneer Christene dit doen, sál God hulle land genees!

4. **Gebedsriglyne**

   Die gebedsriglyne is nie wettiese voorskrifte nie. Dis net riglyne. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

   Aan die einde van die 40 Dagstukkies, is daar ’n lys Skrifgedeeltes waaroor jy deurlopend behoort te bid. Moenie ophou om vir die owerheid te bid nie.

**5. Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees**

Daar is verskeie goeie boeke oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is ’n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16). Jy kan soos Daniël en sy vriende vir 10 dae net groente eet en water drink. Of vir 21 dae geen lekker kos eet en jou mond nie aan vleis en wyn sit nie. Ook geen reukolie gebruik nie (Daniël 1:12 en 10:2-3). Jy kan ook soos Jesus ’n volle 40 dae vas (Matteus 4).

Daar is ook talle kragtige boodskappe op _YouTube_. Luister na: ***“The secret power of fasting”***, *a teaching by* **Derek Prince**. Dit kan (en sal) jou lewe en jou verhouding met God radikaal verander.

Dis nie net kos wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los.** Ons moet afsien (permanent “vas”) van ons bose werke en breek met slegte gewoontes. Kruisig die eie-ek: *Ék wil! Ék dink! Ék voel!* Dit gaan nie oor my en jou nie, maar oor ***God’s Word, God’s Will, and God’s Way*** vir my en jou en ons land.

Bid gedurig!

# DEEL 1
## God het sý wil bekend gemaak!

Spreuke 29:18 stel dit duidelik: ***"Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk."*** Visie is belangrik. Óók vir jou en vir landbou. Ons moet weet waarheen ons op pad is. Daarom beveel die Spreukedigter sy lesers: ***"Hou jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit. Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree. Moenie links of regs wegdraai nie, weerhou jou van die verkeerde koers"*** (Spreuke 4:25-27).

Die wil van die Here móét bekend gemaak word. Indien dit nie gebeur nie, ontstaan chaos. Dan doen elkeen wat reg is in sy eie oë (Rigters 21:25). Die tyd waarin ons leef word gekenmerk deur chaos. Dáárom is dit tyd om 'n visie vir landbouers en die landbou te formuleer. Maar die visie kan nie iets wees wat óns graag wil bereik nie. Dit gaan nie oor ons wil nie, maar sý wil. Nie oor ons koninkrykies nie, maar sý Koninkryk. Koninkryk-boere móét **medewerkers van die Koning** wees. Die Koning maak sy wil en begeerte bekend, en ons moet sê: *"Amen – só sal dit wees!"* Die Koning sê wat Hý gedoen wil hê, en ons spring aan die werk. Die Koning het 'n goeie plan vir landbou. Hy het 'n skeppingsdoel vir elke landbouer. Die vraag is: Wat is God se plan en hoe werk ons saam met Hom om dié plan uit te voer? Ons hoef nie te raai nie. ***God het lankal besluit om nie langer sy wil geheim te hou nie, maar om dit op die regte tyd aan ons bekend te maak:***

## Alles Onder Een Hoof

**Jesus Christus, dié Verlosser en Koning!**

(Vgl. Efesiërs 1:9-10; 1:22; 4:15)

Op 13 Augustus 1993 het God vir ons gesê hoe ons by die uitvoering van sy wil betrokke moet raak!

# Dag 1
# Aan God al die lof, dank en eer

**Lees:** Amos 1:1; 3:7; 7:14-15; Psalm 115:1

Die jaar 1993 was droog, donker en onseker. Daar was groot politieke verdeeldheid, veral onder blankes. Dit was die doodsnikke van Apartheid en die vooraand van die eerste algemene verkiesing in Suid-Afrika op 27 April 1994.

Maar in sulke onseker tye roep God steeds mense om uitvoering aan sy hartsbegeerte te gee. In Meimaand, op my 34ste verjaarsdag, het oom Beukes Willemse vir my R50 rand gegee. Ek was dankbaar. Tog het ek gewonder waarom hy my nét R50 gegee het, want hy kon baie meer bekostig. Hoe meer ek teen dié gedagte in opstand gekom het, hoe meer het ek daaraan gedink. Die gedagte het my so "gepla" dat ek vir die Here gevra het wat ek met die R50 moet doen. *"Open 'n bankrekening met die naam Projek Amos daarmee",* het ek in my gees gehoor. God was besig om iets aan my te begin openbaar (Amos 3:7). Waarom die naam Amos? Amos was 'n profeet én 'n boer (Amos 1:1 en 7:7-8).

Op Vrydag 13 Augustus 1993, op die plaas Swartwater in die Memel distrik in die Oos-Vrystaat, het God sy hart vir die landelike en boerdery-gemeenskap met ons gedeel. Ek en my vrou Janetta, Allan Liddle en drie boere (Tredoux Willemse, Vincent Prinsloo en Niekie Cronjé) het dié dag saam gebid. Ons het alles neergeskryf wat ons glo ons by die Here gehoor het.

- ✓ *Elke plaas vir Christus.*
- ✓ *Werkgewers en werknemers; mans, vroue en kinders.*
- ✓ *Rus mense toe om kinders effektief met die Evangelie te bedien.*
- ✓ *Christen-landbouskole.*

Met 'n vaste geloof in ons hart dat ons God reg gehoor het, het ons ongeveer drie weke later na mnr. Mike Hagemann van SmithKline Beecham Dieregesondheid in Midrand gery, sonder verwysings, sonder CV's of bewyse dat ons reeds iets gedoen het. Ons het hom ook van geen kant geken nie, maar ons het gehoor dat hy die Here opreg liefhet en dien. God het die afspraak "gereël". Ons het gedeel wat ons glo die Here vir ons gesê het. Twee ure later het ons saam gebid en ons is daar weg met Mike Hagemann se woorde wat in ons koppe maal: "Die Gees van die

Here wat in julle is, maar ook in my woon, getuig in my hart dat dié saak wel van die Here is. Ek sal kyk wat ek kan doen." 'n Maand het verbygegaan. Stilte. Op 'n Vrydagoggend teen die einde van September het die telefoon om 11:30 gelui. Mnr. Hagemann het eers die maatskappy se uitdagings geskets teen die agtergrond van die politieke en ekonomiese onsekerheid in die land. Maar toe gaan hy voort: "Ons kan julle net R75 000 gee om Projek Amos mee te begin. Ons sal ook die eerste seminaar met 'n verdere R1 000 borg." God het 'n aanvangswonder gedoen! Sedert daardie dag weerklink Psalm 115:1 in my ore elke keer as ek aan die geboorte en groei van AMOS dink: "Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys." God het bevestig dat ons Hom reg gehoor het. In geloof en gehoorsaamheid móés ons die AMOS-pad begin stap.

Die eerste AMOS-seminaar is van 5-7 November 1993 by *Aan de Vliet* naby Hazyview gehou. Net 'n paar mense het dit bygewoon. My ouers, Dickie en Mieta Viljoen, wat pas afgetree het, was ook daar. Op dié seminaar het die Here hulle geroep om ons voltyds te kom help om Projek Amos van die grond af te kry. Die vrug van hulle betrokkenheid in daardie eerste 10 jaar is onmeetbaar! Tot en met hulle dood jare later, was hulle getrou aan die roeping wat hulle in November 1993 ontvang het.

Waarom vertel ek die storie?

## Dink na en reageer:

1. God roep vandag steeds mense vir spesifieke take. Jongmense en oumense, mense met geld en mense sonder geld. Gewone mense! Boere en sakemanne! God roep mense soos jy!

2. God roep boere! Daar is baie voorbeelde daarvan in die Bybel: Noag, Abraham, Gideon, Dawid (2 Samuel 7:8; Psalm 78:70-72) en Amos (Amos 1:1 en 7:14-15). Dit beteken nie noodwendig jy moet ophou boer om aan God gehoorsaam te wees nie. Jou roeping is waarskynlik ***in die landbou***, want God se Koninkryk moet ***ook in die landbou kom***. Amos het as profeet opgetree terwyl hy geboer het!

3. Almal wat die Here roep, voel gewoonlik onbekwaam om sý opdrag uit te voer. Maar dit is nie 'n verskoning om ongehoorsaam te wees nie. Jou gevoel van *ek kan nie* dwing jou om op God te vertrou en nie op jouself nie. Dit dwing jou om God te glo, en nie net ín Hom te glo nie. Dit dwing jou om alle lof en eer aan Hom te gee en nie op jouself te roem nie. Jou gevoel van onbekwaamheid maak jou

waarskynlik juis die beste kandidaat vir die taak. Jy mag hulp vra, maar jy mag nie jóú roeping op iemand anders afskuif nie.

4. God roep mense gewoonlik deur sy Woord en bevestig dan dié roeping met ŉ unieke gebeurtenis. As jy dink dat die Here jou vir ŉ spesifieke taak roep, vra Hom om vir jou ŉ *aanvangswonder* te doen. ŉ Wonderwerk wat jou altyd sal oortuig dat jou roeping van Hom af kom, en nie iets is wat jy sélf uitgedink het nie. (Dink aan die tekens en wonders wat God reg aan die begin van die uittog uit Egipte en die intog in Kanaän gedoen het. Dink aan Gideon in Rigters 6 en 7. Dink aan die begin van Jesus en Paulus se bedienings, die begin van die kerk op Pinksterdag, ens. Daar is talle voorbeelde van aanvangswonders in die Skrif.)

5. Jy is deur God geroep!

**Gebed:**

† Loof, prys en dank die Here dat Hy geboorte aan Projek Amos, nou bekend as Amos Agrimin (Agrimin = Agricultural Ministry) gegee het.
† Bid vir almal wie se lewe die Here oor dertig jaar deur dié bediening aangeraak het. Bid dat elkeen getrou sal bly aan sy of haar roeping.
† Vra dat die Here spesifiek deur hierdie 40-Dae Gebedsfokus met jou oor jóú roeping sal praat.

**Bid vir Afrika:** Loof die Here vir die koms van sy Koninkryk in landbou in **Afrika**.

# Dag 2
# Wat was God se opdrag?

**Lees:** Amos 3:7

Die naam AMOS het die Here met die opening van die bankrekening gegee. Amos was ŉ boer *vóór* hy as profeet die wil van die Here bekend gemaak het. Hy was ŉ boer *terwyl* hy as profeet opgetree het. *Nadat* hy as profeet opgetree het, was hy steeds ŉ boer. Hierdie boer-profeet het sy hoorders 40 keer daaraan herinner dat wat hy sê, is wat God gesê het. Hy het nie probeer om polities korrek te wees nie (Amos 7:10-17). "*So sê die Here"* was sy enigste boodskap.

Amos het hoofsaaklik teen vier sake geprofeteer:

i. **Uiterlike vorm-godsdiens.** Godsdienstige rituele en reëls was vir mense belangriker as 'n lewende, intieme liefdesverhouding met God (Vgl. Deuteronomium 6:4).

ii. **Materialisme.** Geld en goed het vir mense belangriker as God geword. Dit het hulle god geword.

iii. **Sosiale onreg**. Vorm-godsdiens en 'n liefde vir geld (materialisme) is die ideale teelaarde vir sosiale onreg. Daarom is mense verontreg, verdruk en uitgebuit.

iv. **Valse vertroue in die politiek van die dag.** Dit was 'n tyd van politieke stabiliteit en die volk het geglo hulle is veilig. Hulle het hulle afhanklikheid van God verloor.

Al hierdie sake is vandag nog net so relevant. Soos Amos, moet ons steeds standpunt inneem en sê: *Só sê die Here!*

Terug by die opdrag op 13 Augustus 1993:

✓ *Elke plaas vir Christus.*

✓ *Werkgewers en werknemers; mans, vroue en kinders.*

✓ *Rus mense toe om kinders effektief te bedien.*

✓ *Christen-landbouskole.*

Wat behels die opdrag?

Hoe ons dit ook al verwoord, die kern bly dieselfde:

1. ***Almal op elke plaas moet met die hart glo en met die mond bely dat Christus hulle Verlosser én Koning is*** (Romeine 10:9)***!*** Wie Christus nie ken nie, is geestelik dood en het nie die ewige lewe nie (Efesiërs 2:1-3 en 12; Johannes 17:1-3; 1 Johannes 5:11-13). Almal moet genoeg hoor om 'n ingeligte besluit vir of teen Christus te maak. ***"God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle te bekeer, want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan"*** (Handelinge 17:30-31; vgl. Matteus 18:14; 1 Timoteus 2:3-6; 2 Petrus 3:9). In Matteus 18:14 sê Jesus spesifiek dat God ook álle kinders wil red. Maar hoe kan mense glo as hulle nie hoor nie? En hoe sal hulle hoor as niemand hulle vertel nie (vgl. Romeine 10:9-15)? Dis elke Christen in landbou se taak en roeping om vir ander van Christus te vertel.

2. ***God se boer, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer.*** Wat beteken dit?

***<u>God se boer:</u>*** God besit jou. Hy het jou gekoop teen 'n baie hoë prys (1 Petrus 1:18-19). Jy kan nie doen wat jý wil nie (1 Korintiërs 6:19-20; Galasiërs 5:16-18). Jy is in God se diens. Jy moet help om alles en almal onder een Hoof te verenig (Efesiërs 1:10). Jy moet sý raad vra en sý toestemming kry vir alles wat jy op sý plaas wil doen. Jy moet 'n verhouding met God hê.

***<u>Saam met God se mense:</u>*** Jy moet 'n verhouding met Jesus Christus hê, maar almal wat by jou bly en saam met jou werk, moet óók 'n verhouding met Hom hê. Julle moet die Here sáám dien, aanbid en Nagmaal vier. Wanneer julle mekaar liefhet en dien, sal die wêreld glo dat God Jesus vir ons almal gestuur het (Johannes 13:35 en 17:20-23).

***<u>Op God se grond:</u>*** Alle grond behoort primêr aan die Here (Levitikus 25:23). Jou kaart en transport maak jou die sekondêre eienaar (Jeremia 32:1-25). Dit maak jou slegs rentmeester van God se grond. Jy het 'n verantwoordelikheid *op* die grond en ook *teenoor* die grond. Jy kan nie op die grond doen wat jy wil nie, want deur Christus het God ook die grond met Homself versoen (Kolossense 1:19-20).

***<u>Tot God se eer:</u>*** Jou hele lewe en al jou boerderypraktyke moet God eer (1 Korintiërs 10:31). *"Living and Farming God's Way"* moet jou hartsbegeerte en jou doelgerigte strewe wees.

## Dink na en reageer:

1. As jy nog nie 'n Christen is nie, wil God hê jy moet een word. As jy rééds 'n Christen is, wil Hy hê jy moet vir almal wat saam met jou op die plaas woon en werk, van Jesus vertel.

2. Amos Agrimin se boodskap is nog dieselfde. Vormgodsdiens, materialisme, sosiale onreg en 'n vals vertroue op politici en/of politieke stelsels is euwels waarteen ons steeds moet veg. Die Here praat daaroor. Jy móét ook daaroor praat!

3. *Elke plaas vir Christus* het alles te doen met jou redding, maar óók met jou aanvaarding van Jesus Christus se gesag as koning oor jou hele lewe.

4. Jy is deur God geroep!

**Gebed:**

- † Praat met die Here oor dié sake waaroor Hy deur die profeet Amos met ons praat. Luister wat die Gees vir jou sê.
- † **God se boer, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer!** Vra dat die Here aan jou sal openbaar wat dit beteken.
- † Bid vir almal wat saam met jou woon en werk se bekering. Dit is God se wil (Handelinge 17:30-31; Matteus 18:14; 1 Timoteus 2:3-6; 2 Petrus 3:9).

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Suid-Afrika.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Suid-Afrika deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Suid-Afrika.

# Dag 3
# Wat is steeds God se opdrag en wat is ons droom?

**Lees:** Efesiërs 1:9-10 en Jakobus 1:22-25

'n Projek het 'n begin en 'n einde. Daarom is die naam *Projek Amos* in 2001 na *Amos Agrimin* verander. *Elke plaas vir Christus* is 'n blywende opdrag. Dit geld ***"tot die voleinding van die wêreld"*** (Matteus 28:18-20). *Amos Agrimin* is 'n voortgaande bediening.

Die visie is ook later anders geformuleer. *Elke plaas vir Christus* is na *Living and Farming God's Way verander*. Waarom? Omdat *Elke plaas vir Christus* deur baie mense verskraal is tot die redding van siele (terwyl die mens tog gees, siel en liggaam is – 1 Tessalonisense 5:23). Al die klem het op Christus as Verlosser geval terwyl Christus se koningskap nie tot sy reg gekom het nie (Lukas 6:46). Vir baie het *AMOS* 'n soort "kerk" geword. Hulle het spreekwoordelik nuwe wyn (AMOS se boodskap) in ou wynsakke (kerk strukture en tradisies) gegooi. Dit werk nie. *Living and Farming God's Way* is baie meer omvattend. Dit gaan oor hóé jy leef en hóé jy boer. Dit gaan oor die Koning en sý Koninkryk. Die Koninkryk sluit alles in: die kerk, landbou, politiek, wetenskap, tegnologie, gesondheid, onderwys, ens. Die wil van die Koning moet altyd oral uitgevoer word.

God se Koninkryk en Christus se heerskappy moet sigbaar word in die landbougemeenskap. Daarom beywer *AMOS* hom vir die transformasie van landbougemeenskappe in Afrika deur die herstel en bou van verhoudinge met **God**, **mense** en die **skepping**.

*AMOS* droom van ...

**'n Stabiele landbougemeenskap** ...
gekenmerk deur gesonde huwelike en gelukkige gesinne waar pa's en ma's hulle unieke rolle verstaan en ook hulle verantwoordelikheid aanvaar en uitleef; waar kinders *God's Way* grootgemaak en onderrig word (Efesiërs 6:1-4); waar hulle veilig en goed versorg is, gesond en gelukkig.

**'n Gelukkige Landbougemeenskap...**
waar alle verhoudings gekenmerk word deur wedersydse respek en onderlinge liefde; waar mense mekaar help en ondersteun; waar konflik, geweld en misdaad nie mense se lewe en/of besittings bedreig nie; waar reg en geregtigheid teenoor almal geskied, selfs teenoor die heel armste mense.

**'n Bemagtigde Landbougemeenskap ...**
wat hulle taak, roeping en verantwoordelikheid verstaan; wat ook die kundigheid en basiese vaardighede het om deur hulle arbeid 'n positiewe en blywende verskil in hulle gemeenskap te maak.

**'n Verantwoordelike Landbougemeenskap ...**
wat goeie rentmeesters is van alles wat hulle uit God se hand ontvang en wat daarmee rekening hou dat toekomstige geslagte ook nog dié hulpbronne gaan nodig hê.

**'n Goed versorgde landbougemeenskap ...**
waar landbouers 'n regverdige prys vir hulle produkte ontvang; waar almal die vrug op hulle arbeid geniet; waar rykes nie te veel het en armes nie te min nie (2 Korintiërs 8:13-15).

**'n Produktiewe landbougemeenskap ...**
wat hulle werk geniet en passievol daaroor is; wat daarna streef om hoë kwaliteit produkte te verbou en aan verbruikers waarde vir geld te bied.

**'n Kundige landbougemeenskap ...**
wat wetenskaplike kennis en tegnologie met integriteit gebruik, maar ook die kuns bemeester het om sinvol te lewe. 'n Landbougemeenskap wat

weet dat die slimste ding om te doen altyd is om die Here te dien (Job 28:28; Psalm 111:10; Spreuke 1:7; Miga 6:9); wat lewenskunde (soos in Spreuke opgeteken) bemeester het, en nie nét wiskunde, aardrykskunde, veekunde, plantkunde, grondkunde of weerkunde nie.

**'n Verenigde landbougemeenskap ...**
waar Christus die Hoof oor alles en almal is (Efesiërs 1:10); waar eenheid en versoening sigbaar word in huwelike, gesinne, kerke, arbeidsverhoudinge en landbou-organisasies; waar mense ander se belang eerste soek, net soos Christus ons belang eerste gesoek het. 'n Landbougemeenskap waar almal hulle opdragte van die Hoof ontvang en gewillig is om van harte gehoorsaam te wees.

**'n Geesvervulde Landbougemeenskap ...**
vir wie *Living and Farming God's Way* nie net 'n slagspreuk is nie, maar 'n lewensstyl.

## Dink na en reageer:

1. Die formulering van die visie en missie het verander, maar die kern het presies dieselfde gebly. Vorm-godsdiens, materialisme (met al sy vrot vrugte van gierigheid, selfsug en korrupsie), sosiale onreg en vertroue op politieke stelsels en sisteme móét aangespreek word. Christus is die enigste Verlosser en moet 24/7 as Koning oor jou hele lewe heers. Hy moet ook in landbou heers!

2. *AMOS* se visie móét altyd aan dié vereiste voldoen: **"So sê die Here."** Daar is nie plek vir eie visies en die najaag van selfsugtige drome nie. Die visie moet altyd in lyn met God se Woord wees. Mag die Heilige Gees ons help om dit te doen.

3. Die *AMOS*-droom moet 'n werklikheid word. Dáárom moet dit neergeskryf en verduidelik word. Dit moet sigbaar wees sodat mense daaroor kan praat (Vgl. Habakuk 2:2). Net mense in wie se hart die droom leef, sal dit 'n werklikheid maak. Leef die *AMOS*-droom in jóú hart? Is dit 'n werklikheid in jou lewe?

4. God roep jóú!

## Gebed:

† Gee opnuut aan Christus die reg om oor jou hele lewe te regeer.
† Praat met die Here oor die visie: *Living and Farming God's Way*. Vra vir Hom wat jy moet doen om dit uit te leef.
† Bid dat die *AMOS*-visie ook in die volgende generasie boere (en dit sluit werkers in) se harte sal leef.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Lesotho.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Lesotho deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Lesotho.

# DEEL 2
## Die enigste fondasie vir ons geloof en hoop

Ons weet almal intuïtief wanneer iets nie reg is nie. Ons voel dit aan. Elke dag het oorgenoeg moeilikheid en probleme. Mense verskil oor wat die probleem is en hoe dit opgelos moet word. Maar die Bybel gee op beide dié vrae ŉ duidelike antwoord.

Satan probeer mense mislei en sê dat die oplossing van hulle af moet kom. Só maak hy hulle sy slawe. Dit gebeur in alle godsdienste. Mense is bang vir hulle gode en die geeste van afgestorwenes. Hulle moet voortdurend gepaai en tevrede gehou word. Dié godsdienste word dus deur vrees en rituele gedryf, en nie deur liefde en dankbaarheid nie. Dit gaan oor dit wat die mens moet doen, en nie oor die goeie goed wat hulle god, gode, of voorvadergeeste vir hulle doen of gedoen het nie.

In die Bybel lees ons dat die enigste oplossing vir die nood van hierdie wêreld, van God af gekom het. Ons geloof en hoop is gebou op dit wat God gedoen het om die wêreld te red, nie op ŉ god wat ons self gemaak het, of dit wat ons self moet doen nie.

Eers as jy verstaan wat God rééds gedoen het, sal jy weet wat jý nie meer hoef te doen nie. Eers dan sal jy deur liefde gemotiveer word, en nie deur vrees nie. Eers dan sal jy weet wie jý is. Eers dan sal jy verstaan dat jy geseënd is, en nie vervloek nie. Wanneer jy verstaan wat God rééds gedoen het, sál jy in geloof die mag en die gesag begin gebruik om in ooreenstemming met God se opdrag te heers. Eers dan sal jy die vrymoedigheid ontwikkel om die sleutels van die Koninkryk wat Hy in jou hand gegee het, te gebruik om oop en toe te sluit (Matteus 16:19). Eers dan sal jy in staat wees om jou roeping as Koninkryk-boer uit te leef.

Maar baie Christene ken nie die Woord nie. Hulle het net ŉ vae begrip van die boodskap en ŉ paar verdraaide idees oor God en sy wil. Dis baie gevaarlik. Kom ons maak seker ons bou ons geloof en hoop op die fondasie wat God gelê het, op dit wat Hy rééds gedoen het.

# Dag 4
# God het rééds met die oplossing gekom!

**Lees:** Romeine 5:12 tot 6:14; 1 Korintiërs 15:22 en 45.

God is wonderlik. Hy los altyd ŉ probleem by die wortel op. Hy hanteer nie net die gevolge nie, maar ook die oorsaak. Hy het dit ook gedoen toe Hy Jesus Christus as die laaste Adam gestuur het. Die laaste Adam het die probleem wat met die eerste Adam se ongehoorsaamheid ontstaan het, kom oplos.

Om dit te verduidelik, is daar twee baie belangrike begrippe wat ons móét verstaan. Die eerste is ŉ **ruil-transaksie** (tussen Christus en ons) en die tweede is **insluiting** (ons is in Christus en Hy is in ons)! Maar kom ons begin by die begin.

Die **EERSTE ADAM**:

God het die eerste Adam uit die grond gemaak. God het sý lewensasem in Adam geblaas en Adam het ŉ lewende wese geword. Die Gees (Asem) van God was in hom. God het Adam na sy **beeld** geskep. Adam moes God op aarde **verteenwoordig**. Hy moes namens God oor alles **heers**. Daarom moes Adam en Eva vermeerder en moes hulle nageslag die aarde vul. Adam en sy nageslag moes **God se heerskappy stukkie vir stukkie oor die hele aarde vestig.** Hy moes sorg dat Satan (wat toe reeds teen God gerebelleer het) nie ŉ oop deur kry om ook op die aarde opstand teen God te bewerkstellig nie (Genesis 2:15). Dit was Adam se mandaat. God het Adam en Eva **geseën**. Só het Hy hulle volkome toegerus vir hulle taak. Maar Adam was ongehoorsaam aan God. Deur sy ongehoorsaamheid het hy die hele mensdom in ellende gedompel. Hy het Satan toegang gegee - die geleentheid om te heers, om dood en verwoesting te saai, om die god van die wêreld te word (Lukas 4:6; Johannes 8:44 en 10:10a; 2 Korintiërs 4:4). Ons is uit Adam gebore en aan hom verbonde. Ons is in Adam ingesluit (Handelinge 17:26a; 1 Korintiërs 15:22). ***"... Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het"*** (Romeine 5:12). ***"Vir die mens het die Here God gesê: 'Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom wat ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek; ...'"*** (Genesis 3:17). God kon nie net ingryp en die heerskappy

oor die aarde wat Hy aan Adam (die mens) en sy nageslag toevertrou het, terugvat nie. Omdat Hy regverdig is, moet Hy sonde straf. Maar omdat Hy liefde is, wil Hy sonde vergewe. Daarom het God besluit om weer 'n Adam te stuur – die laaste Adam (1 Korintiërs 15:45), sy Seun Jesus Christus. Dit het Hy al in Genesis 3:15b belowe.

Die **LAASTE ADAM:**

Die laaste, of tweede Adam moes al die moeilikheid wat die eerste Adam deur sy ongehoorsaamheid veroorsaak het, kom regstel. Hoe? Jesus Christus, die Seun van God, moes 'n **mens word, net soos Adam** 'n mens was. Hy moes in alle opsigte aan ons as mense gelyk word, behalwe om te sondig (Hebreërs 2:14a en 4:15). Anders as die eerste Adam, moes Hy **volkome gehoorsaam** aan die Vader wees - en Hy was (Johannes 14:31; Filippense 2:8). Hy moes weer God se **beelddraer** op aarde wees – en Hy was (Johannes 1:18 en 14:9-11; Hebreërs 1:3). Hy moes **oor Satan heers** en nie aan sy versoekings toegee nie – en só het dit gebeur (Matteus 4:1-11). Verder moes Hy bereid wees om alles wat Hy deur sy gehoorsaamheid verdien het, met ons **te ruil** vir alles wat ons deur ons ongehoorsaamheid verdien het. Hy moes bereid wees om in ons plek gestraf te word met bitter lyding, God-verlatenheid, dood en helse smarte, al het Hyself géén sonde gehad nie (Jesaja 53:9; Lukas 1:35; Johannes 8:46; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 7:26; 1 Johannes 2:2; 1 Petrus 1:18-19). Aan die kruis moes Hy Homself as volmaakte offer vir ons sonde gee, want diereoffers was nie genoeg nie (Hebreërs 7:26-27; 9:12-14; 10:1-18). ***"Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word"*** (Galasiërs 3:13). Eers na Christus Homself as offer gegee het, kon God ons sonde vergewe.

As jy in die Here Jesus Christus glo, is jou sonde vergewe. Is jou skuld betaal. Is die straf wat jy verdien, rééds uitgedien. Is elke klagstaat teen jou vernietig (Romeine 8:1; Kolossense 2:14-15; 1 Johannes 2:1-2). Die ruil is finaal afgehandel en 'n kwitansie is uitgereik (Johannes 19:30). Jesus het dit alles vir jou gedoen. Die verhouding tussen jou en God is heeltemal herstel. Daar is nou vrede tussen julle (Romeine 5:1).

## Dink na en reageer:

1. God het die oorsaak van die probleem wat deur die eerste Adam se ongehoorsaamheid ontstaan het, hanteer deur 'n tweede Adam te stuur – die laaste Adam! Dit is sy Seun, Jesus Christus die Here.

2. Die nalatenskap van die eerste Adam was die dood. Die nalatenskap van die laaste Adam is die ewige lewe (Romeine 5:12-17; 1 Korintiërs 15:45; 1 Johannes 5:11-13).

3. Die laaste Adam was volkome gehoorsaam aan God die Vader. Hy het nooit gesondig nie. Omdat Hy ons onbeskryflik liefhet, was Hy bereid om 'n **ruil-transaksie** met ons aan te gaan. Hy was bereid om al die gevolge van ons ongehoorsaamheid met ons te ruil vir al die gevolge van sy volkome gehoorsaamheid. Net 'n dwaas kan só 'n voordelige ruil-transaksie van die hand wys.

4. God het weer 'n Adam gestuur, die laaste Adam, om alles onder Hom te verenig (Efesiërs 1:10). Jesus Christus is die laaste Adam.

5. God is baie goed en het jou innig lief.

**Gebed:**

† Loof, prys en dank God dat Hy die Laaste Adam, gestuur het.

† Bid dat mense die Laaste Adam sal leer ken en dat hulle sal verstaan waarom God Hom gestuur het.

† God bied hierdie ruil-transaksie vir alle mense aan omdat Hy hulle liefhet. Bid dat die Heilige Gees God se liefde aan mense sal openbaar. Jy kan die woorde van Paulus se gebed in Efesiërs 3:14-21 gebruik.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Swaziland (Eswatini)**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Eswatini deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Eswatini.

# Dag 5
# Die Burgers van die Koninkryk

**Lees:** Romeine 5:6-8; Efesiërs 2:1-4; 1 Petrus 1:18-19

Om te ruil is die hartklop van elke ekonomie. Geen ruil, geen ekonomie! Die behoefte om te kry wat iemand anders het, is die dryfveer agter elke ruil-transaksie. Ek is bereid om iets wat vir my mínder werd is, prys te gee in ruil vir iets wat vir my méér werd is. Jy kan iets vir iets ruil. Maar jy kan

ook geld vir iets of iets vir geld ruil. Goeie besigheid is wanneer beide partye voel die ruil-transaksie is tot hulle voordeel.

Soms word mense deur skurke ontvoer en gevange gehou. Dan eis hulle ŉ losprys. Hulle aanvaar die lewe van ŉ geliefde is méér werd as baie geld.

Soms maak ŉ ruil-transaksie nie sin vir mense wat nie direk daarby betrokke is nie. Byvoorbeeld, wanneer iemand die geleentheid kry om die trui van sy sokkerheld, wat die wen-doel in die wêreldbeker geskop het, te koop, is hy bereid om baie meer vir die ou gebruikte trui te betaal as wat ŉ splinternuwe trui in die winkel hom sou kos. Vir hóm is die waarde van sy sokkerheld se trui baie groter as vir iemand wat nie in sokker belangstel nie.

Vir God het alle mense, óók jý, baie waarde. Jou waarde vir Hom word nie bepaal deur wie jy is of wat jy doen nie. Jy het vir Hom waarde omdat Hy jou baie lief het (vgl. Deuteronomium 7:7; Johannes 3:16). Jy is "ontvoer" en het in die hande van die bose beland. Omdat God jou oneindig lief het, was Hy bereid om méér as net goud en silwer te **ruil** om jou terug te kry. Die prys wat Hy bereid was om te betaal, is deur sy liefde vir jou bepaal (1 Johannes 4:8-10). Jy is losgekoop met die kosbare bloed van Jesus Christus.

Dis hierdie **ruil-transaksie** wat vir die wêreld geen sin maak nie. Vir hulle is dit dwaasheid en letterlik **on**gelooflik. Maar vir ons wat glo dat God ons só lief het dat Hy bereid was en is om die **ruil-transaksie** met ons aan te gaan, is dit lewensveranderend! Dis God se wysheid! (Romeine 1:16-17; 1 Korintiërs 1:18-31).

**Nét Jesus** kan my en jou loskoop van ons sonde en die straf wat ons as gevolg daarvan verdien, omdat Hý geen sonde gehad het nie (1 Petrus 1:18-19; Jesaja 53:9; Johannes 8:46; Lukas 1:35; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 4:15; 7:26; 9:9-15). Wie net soos ons gesondig het, is nie in staat om ons van ons sonde of die vloek te verlos nie. Hulle almal het self ŉ Verlosser nodig. **Nét Jesus Christus**, die Seun van God, kan dít doen.

Net soos ruil-transaksies die basis van die ekonomie is, vorm God se **ruil-transaksie** met my en jou die basis van ons hele geloofslewe. Geen **ruil** beteken geen verlossing, geen hoop, geen lewe, geen roepingsvervulling!

Omdat Jesus aan die Vader gehoorsaam was én bereid was om met ons te ruil, het die Vader Hom **beloon**. Hy het Jesus uit die dood opgewek. Hy het Jesus vir ewig en altyd koning gemaak en aan Hom ŉ plek langs

Hom in die hemel gegee (Efesiërs 1:19b-23; Filippense 2:5-11). Hy het Hom 'n magsposisie bo Satan en al sy bose magte gegee (Efesiërs 1:20-22).

Maar daar is nóg goeie nuus! God het ons in Christus **ingesluit** – net soos ons in Adam ingesluit was.

## Dink na en reageer:

1. Aan wie behoort jy? Onder wie se mag en invloed lewe jy? Lees weer Efesiërs 2:1-3.

2. Kan jy jouself loskoop uit die greep van die bose?

3. Waarom kan nét Jesus mense loskoop? Wat kan Hy in ruil vir jou aanbied wat ander mense (voorvaders, familie, vriende, kerkleiers, ens.) nie kan nie?

4. Glo jy dat Jesus jou só lief het dat Hy sý lewe in ruil vir jou lewe gegee het? Lees weer Romeine 5:6-8.

5. Wil jy graag Jesus se aanbod aanvaar? Ek glo jy wil. Sê dit vir Hom!

## Gebed:

† Loof, prys en dank God dat Hy jou baie lief het.
† Praat met God oor die ruil-transaksie wat Hy bereid is om met jou aan te gaan. Jy het nou die geleentheid om hierdie ruil-transaksie (opnuut of vir die eerste keer) te aanvaar en dit wat jy daaruit kry, vir jouself toe te eien.
† Vra dat die Here jou sal help om die ruil-transaksie al hoe beter en beter te verstaan. (Ons gaan 'n paar dae daarby stilstaan.)

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Namibië.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Namibië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Namibië.

# Dag 6
# Ons is ingesluit in Christus, net soos ons in Adam ingesluit was

**Lees:** Romeine 6:1-14; Efesiërs 1:18-23; Kolossense 1:27

Adam se ongehoorsaamheid het die hele probleem veroorsaak. Ons dra swaar aan die slegte gevolge van sy ongehoorsaamheid. Maar God het ook dié probleem by die wortel opgelos. Hy het ons in die laaste Adam **ingesluit**.

Dit is jammer dat baie predikers slegs 'n halwe Evangelie verkondig. Hulle begin en eindig by die feit dat **Christus in ons plek** aan die kruis gesterf het en só vir ons sondeskuld betaal het. Hulle fokus dus net op Jesus as die Verlosser. Hulle fokus net op die ruil-transaksie.

Maar die Evangelie (Goeie Nuus) is meer as dit. Ons is **in Jesus ingesluit** – in sy sterwe, opstanding en hemelvaart. Ons het **saam met Hom** gesterf. God het ons **saam met Hom** uit die dood in 'n nuwe lewe opgewek. God het aan ons 'n plek **saam met Hom** in die hemel gegee.

Omdat ons **saam met Hom gesterf** het, is ons dood vir die sonde. Die mag en houvas van sonde in ons lewe is gebreek. Ons hoef nie meer te sondig nie. Omdat ons **saam met Hom** uit die dood opgewek is, kan en moet ons nou elke deel van ons liggaam tot beskikking van God stel. Ons moet vir Hom lewe. Ons **sit saam met Christus** in die hemel. Die bose magte wat nou onder sý voete is, is ook onder ons voete. Ons het die opdrag en die voorreg om sý gesag op aarde uit te oefen - om weer namens Hom oor alles te heers.

Ons leef dus gedurig **na die kruis** toe met ons sonde en swakheid. Maar ons leef ook **weg van die kruis** af in God se krag - dieselfde krag as wat Hy gebruik het om Jesus uit die dood op te wek. Lees weer al die skrifgedeeltes hier bo.

Om in Christus te wees, is die kern van die Evangelie. Dis die goeie nuus. ***"God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid"*** (Kolossense 1:27).

Om in Christus te wees, gee aan my en jou 'n nuwe identiteit. Dis die heel belangrikste ding wat ons identiteit bepaal. Om in Hom ingesluit te wees, bring 'n totaal nuwe werklikheid na vore. **Die vloek oor my en jou lewe is gebreek en die seën is ons deel.** In Hom leef ek en jy nou met hemelse gesag, outoriteit en mag. Ons leef as kinders van die Koning. Ek en jy geniet al die regte en voorregte van 'n koningskind.

## Dink na en reageer:

1. Christus het met jou geruil. Dis belangrik, maar dis nie al nie. God het jou in Christus, die laaste Adam **ingesluit** sodat jy sáám met Christus alles kan ontvang waarmee die Vader Hóm beloon het vir sy volkome gehoorsaamheid. **Jy moet dit glo!**

2. Die geheim van 'n geseënde lewe is bekendgemaak! Dis nie iets nie, maar Iemand. **Dis Jesus Christus in jou!**

3. Om alles onder een Hoof te verenig het Christus 'n **ruil-transaksie** met jou aangegaan en het God jou in Christus **ingesluit.**

4. Jy moet die **ruil-transaksie** wat God in jou belang aanbied, in geloof aanvaar. Jy moet ook jou **insluiting in Christus** in geloof aanvaar. Indien jy dit nie glo nie, verwerp jy die liefde wat God ook aan jóú bewys het.

5. Christus se **ruil-transaksie** met jou en jou **insluiting** in Christus moet jou met soveel dankbaarheid vul dat jy in volle oorgawe aan Hom wil lewe.

## Gebed:

† Loof, prys en dank God dat Hy ons in Christus ingesluit het.

† Bid dat Christene nie net daarop sal fokus dat Christus in ons plek gesterf het nie, maar dat hulle ook sal onthou dat God ons in Christus ingesluit het. Ons het sáám met Hom gesterf, is sáám met Hom opgewek en sit sáám met Hom in die hemel.

† Vra die Here om 'n nuwe generasie jong boere op te wek wat honger en dors is vir die volle Evangelie. 'n Generasie boere wat die Woord bestudeer onder die leiding van die Heilige Gees.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Botswana.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Botswana deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's*** Way oor landbou in Botswana.

# Dag 7
# Een met Jesus: Ons in Hom en Hy in ons

**Lees:** Romeine 6:1-11; Kolossense 1:27 en 2:6-17

*"Steek aan die braaivleisvuur! Ons het gewen"*, skree Garth vanuit die TV-kamer nadat die Springbokke die All Blacks 35-18 gewen het. Garth is 'n Suid-Afrikaanse burger met 'n Suid-Afrikaanse ID-dokument. Daarom het hy die volste reg om te sê *"**ons** het gewen"* al was hy nie op die veld of selfs naby die stadion nie. Op grond van sy **identiteit** het hy die reg om homself as deel van die wenspan te sien. Die gedagte om te deel in die oorwinning wat iemand anders behaal het, is nie vreemd nie.

Dit was nog altyd God se begeerte om alle nasies (ons ingesluit) te seën met die rykdom (oorvloed) van sy heerlikheid (glorie). Maar vir eeue het niemand geweet presies hoe God dit gaan doen nie. God het dit eers baie later, op presies die regte tyd, bekend gemaak. Hy het die oorvloed van sy heerlikheid aan ons gegee toe Jesus deur sy Gees in ons kom woon het. Alles wat God aan ons wou en steeds wil gee, alles wat ons kan hoop om te kry, is saamgevat in hierdie paar woorde: ***Christus is in julle!*** Dít is die Goeie Nuus! Dít is die samevatting van die hele Evangelie (Kolossense 1:27; 2 Korintiërs 1:19-22). Dat Christus in ons is, onderskei Christene van alle ander godsdienste. Dit maak ons anders en uniek (vgl. Eksodus 33:16).

Net soos alle mense in Adam ingesluit was, is ons nou in Christus ingesluit. Omdat ons in Adam ingesluit was, het ons gedeel in die slegte gevolge van sy ongehoorsaamheid: die vloek, veroordeling en dood (Genesis 2:16 en 3:14-20). Maar omdat ons nou deur die genade van God in Christus ingesluit is, deel ons in al die goeie gevolge van sy gehoorsaamheid: vryspraak, lewe en heerskappy (oorwinning) (Romeine 5:12-21)! Moet dit nooit vergeet nie!

Omdat God ons in Christus ingesluit het, het ons **saam met Christus** gesterf, is ons **saam met Hom** begrawe en saam met Hom uit die dood

opgewek (Romeine 6:1-11). Nou sit ons **saam met Hom** in die hemel, ***"... hoog bo alle bose magte en enige ander vorm van gesag waarvan daar sprake mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom"*** (vgl. Efesiërs 2:6 en 1:18-21).

Hoe het dit alles gebeur? Waar het dit alles begin? Kolossense 2:6-15 gee die antwoord. Aan die kruis! Jesus het Homself in ons plek as offer aan die kruis gegee. Daarom kon God ons sonde vergewe en ons **saam met Christus** lewend maak. God het die skuldbewys met al die aanklagte teen ons vir altyd heeltemal vernietig deur dit saam met Christus aan die kruis te spyker. Hy het al Satan se argumente en bewyse vir waarom ons die doodstraf (hel) verdien, deur sy offer ongeldig verklaar. Só het God die bose magte ontwapen en vir almal gewys dat hulle die stryd verloor het. Hulle is nou Christus se gevangenes. Hy het triomfeer! Hy is die Oorwinnaar!

Hierdie **ruil** gee aan ons ŉ nuwe identiteit! Ons is tempels van die Gees (1 Korintiërs 3:16; 1 Korintiërs 6:19; Romeine 8:9). Ons is die huis waarin God woon. Maar ons is ook burgers van die hemel, want God het ons sáám met Christus uit die dood opgewek en sáám met Hom reeds ŉ plek in die hemel gegee (Efesiërs 2:6; Filippense 3:30).

Hemel en aarde het nou in mekaar begin gevloei. Die Hemel is hier en ons is daar! Vanuit ons nuwe gesagsposisie oefen ons nou heerskappy op aarde uit. Ons is sý *ekklesia* en ons het die sleutels van die Koninkryk. Ons is die draers van sý gesag op aarde. Ons dra die sleutels van die Koning se Koninkryk (Matteus 16:18-19; vgl. ook Jesaja 22:22).

Dit is nodig om dieper na hierdie ruil te kyk. Wat presies behels die **ruil-transaksie** wat God uit liefde besluit het om vir ons aan te bied?

## Dink na en reageer:

1. Glo jy dat Christus deur sy Gees in jou woon?

2. Glo jy dat God jou in Christus se sterwe, opstanding en hemelvaart **ingesluit** het?

3. Herhaal hierdie waarheid **oor en oor vir jouself totdat** jy gemaklik is om dit met ander te deel. Memoriseer ŉ paar verse wat hierdie waarhede bevestig.

## Gebed:

- † Loof, prys en dank God dat Hy my en jou in Christus Jesus se sterwe, opstanding en hemelvaart ingesluit het. Ons is in Hom en Hy is in ons!
- † Vra die Heilige Gees, die Gees van Christus, om hierdie waarhede aan die landelike en boerdery gemeenskap te openbaar – veral aan 'n nuwe generasie jong boere!

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Zimbabwe.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Zimbabwe deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Zimbabwe.

# DEEL 3
## Hy het in ons plek 'n vervloekte geword, sodat ons geseënd kan wees

Ons weet wat God rééds gedoen het om alles onder die een Hoof, Jesus Christus te plaas.

Ons kyk nou in meer diepte na die **ruil-transaksie** tussen Christus en ons, asook ons **insluiting** in Hom. Dit bepaal ons **identiteit** in Christus, ons **verhouding** met God en ons **roeping** as burgers van die Koninkryk. Ons kyk spesifiek na die feit dat Christus die seën wat Hy deur sy volkome gehoorsaamheid verdien het, met ons geruil het vir die vloek wat ons op grond van ons ongehoorsaamheid verdien het. Hy het in ons plek 'n vervloekte geword, sodat ons geseënd kan wees.

Dis baie belangrik, want ...

- ✓ Eers wanneer jy verstaan wat God rééds gedoen het, sal jy weet wat jý nie meer hoef te doen of te verduur nie.
- ✓ Eers dán sal jy deur liefde gemotiveer word, en nie vrees nie.
- ✓ Eers dán sal jy weet wie jý is – jy sal jou nuwe identiteit verstaan.
- ✓ Eers dán sal jy verstaan dat jy geseënd is, en nie vervloek nie.
- ✓ Eers wanneer jy verstaan wat God rééds gedoen het, sal jy in geloof die mag en die gesag begin gebruik om in ooreenstemming met God se opdrag te heers.
- ✓ Eers dán sal jy die vrymoedigheid ontwikkel om die sleutels van die Koninkryk wat Hy vir jou gegee het, te gebruik om oop en toe te sluit (Matteus 16:19).
- ✓ Eers dán sal jy in staat wees om jou roeping as Koninkryk-boer uit te leef.

Ons beantwoord ook die vraag: Waarom is ons geseënd? **God seën mense met 'n doel!** Moet dit nooit vergeet nie.

Kom ons delf dieper. Kom ons vertrou die Heilige Gees om die waarheid aan ons te openbaar, en ons te help om die regte praktiese toepassings te maak.

# Dag 8
# God het die ruil-transaksie geïnisieer

**Lees:** Jesaja 53:4-12; Galasiërs 3:10-14; Kolossense 2:14-15

Die kern van die Evangelie is:
- ✓ Jesus het **in ons plek** gesterf en só die straf op ons sonde gedra.
- ✓ Ons het **saam met** Christus gesterf **en saam met** Hom in 'n nuwe lewe opgestaan.
- ✓ Jesus Christus is **in** ons en ons is **in** Hom.

Die gebeure aan die kruis is God se totale en finale antwoord op al ons probleme, nood en behoeftes. Daar is géén ander plek waar ons antwoorde, oplossings en voorsiening kan kry as dáár nie. Wat het aan die kruis gebeur? Die groot **ruil** het plaasgevind – 'n **ruil** wat sy oorsprong in God se hart vol liefde gehad het. 'n Ruil wat jare gelede reeds deur die profete voorspel is – spesifiek in **Jesaja 53**. God het al ons sonde en ongeregtigheid op Jesus laat neerkom! Dit beteken God het al ons rebellie teen Hom en die rampspoedige gevolge daarvan, op Jesus gepak. Jesus daarmee belas! Waarom? Sodat Hy die gevolg van Jesus se sondeloosheid en sý volkome gehoorsaamheid aan ons kon gee. Die gevolg van Jesus se volkome gehoorsaamheid is volledige geregtigheid. Dit is wat ons uit die **ruil-transaksie** kry. Die **ruil** beteken ons kry die goeie wat Hy verdien het, en Hy kry die slegte wat ons verdien het. Hierdie ruil het plaasgevind op grond van God se ryk barmhartigheid en sy innige liefde vir ons (Efesiërs 2:4-5). Hierdie **ruil** sluit baie meer in as 'n betaalde kaartjie om eendag in die hemel te kom.

In hierdie ruil-transaksie is ten minste sewe dinge ingesluit:

1. Hy is veroordeel en gestraf.
   Ons is met God versoen en vrygespreek.
   (2 Korintiërs 5:21 en Romeine 5:1)
2. Hy is fisies (liggaamlik) verwond.
   Ons is genees.
   (Jesaja 53:4-5; Matteus 8:16-17; 1 Petrus 2:24)
3. Hy is sonde gemaak (2 Korintiërs 5:21 Interliniêre Bybel, Grieks Afrikaans, Direkte Vertaling).
   Ons is heilig gemaak en regverdig verklaar.
   (Jesaja 53:11; Hebreërs 2:11)
4. Hy is doodgemaak.
   Ons het die ewige lewe, 'n lewe in oorvloed.
   (Johannes 10:10b tot 28; Johannes 11:49-52; 1 Johannes 5:10-13)

5. Hy het arm geword.
   Ons is ryk.
   (2 Korintiërs 8:9 – let om die konteks!)
6. Hy is verwerp.
   Ons is as kinders aangeneem.
   (Matteus 27:46; Johannes 1:11-12 en Romeine 8:15-17)
7. Hy is vervloek.
   Ons is geseënd - die nageslag van Abraham.
   (Ons deel in die verbond en die seëninge daarvan. Galasiërs 3:10-14).

Deur hierdie ruil het ons rééds alles gekry wat God beloof het (2 Korintiërs 1:19-22). Jesus is die oplossing van ál ons probleme. Hý is die antwoord op ál ons gebede. Hý is die voorsiening in ál ons behoeftes. In Hom het die Koninkryk van God gekom – ook vir my en jou! Die Koninkryk is nou in ons (Lukas 17:21 Interliniêre Bybel, Grieks Afrikaans, Direkte Vertaling).

Hierdie **ruil** is alles-insluitend. Moet dit nie net tot geestelike dinge beperk nie. Die vrug van die ruil is nie iets wat êrens in die toekoms 'n werklikheid gaan word nie. Die **ruil-transaksie** is beklink. Dit is afgehandel. Ons moet dit glo en uitspreek. Ons kan op grond daarvan begin leef. Ons het die wettige reg om nou reeds te leef op grond van al die voordele wat ons uit die **ruil** ontvang het:

1. Ek/Ons is vrygespreek en met God versoen.
2. Ek/Ons is genees en gesond.
3. Ek/Ons is heilig en regverdig.
4. Ek/Ons het die lewe in oorvloed, die ewige lewe.
5. Ek/Ons is ryk (1 Korintiërs 3:21; 2 Korintiërs 9:8-11; 2 Petrus 1:3).
6. Ek/Ons is kinders/seuns van God.
7. Ek/Ons is geseënd, die nageslag van Abraham.

Ons fokus nou op die laaste punt van die **ruil-transaksie**. Verstaan ons ten volle wat ons alles uit hierdie **ruil** gekry het en waarop ons reeds aanspraak kan maak? Geniet ek en jy die volle seën (*blessing*) van hierdie **ruil**? Óf verdra ons maar die vloek (*curse*) omdat ons nie die aard van die vloek óf die aard van die seën verstaan nie?

## Dink na en reageer:

1. Verstaan jy wat die gevolg van die **ruil-transaksie** is? Wat is nié meer joune nie? Dis van jou af weggeneem! Wat is nou joune? Dis in ruil aan jou gegee!

2. Verduidelik wie jy **in Christus** is! Beskryf jou identiteit **in** Hom. Merk waar dit geskrywe staan. Jy gaan dit baie nodig hê wanneer die duiwel en sy bose geeste jou met leuens peper.

## Gebed:

† Loof, prys en dank God dat Hy my en jou in Christus Jesus ingesluit het. Ons is in Hom en Hy is in ons!

† Dank die Here vir elkeen van die sewe geskenke wat jy uit die ruil ontvang het. Spreek jou waardering uit!

**Bid vir Afrika**: Fokus vandag op **Mosambiek.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Mosambiek deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Mosambiek.

# Dag 9
# Seën en vloek is werklikhede

**Lees:** Haggai 1:1-7

In die tyd van die profeet Haggai was die volk se eie gemak en gerief vir hulle belangriker as die Here. Dit was 'n vorm van afgodery. Hulle het God op die agtergrond geskuif. Afgodery gee altyd aanleiding tot 'n vloek. As gevolg van dié vloek het slegte dinge gebeur. Maar die volk het nooit vir die Here gevra waarom al die slegte goed aanhou gebeur nie. Hulle het nie die verband tussen hulle sonde en hulle swaarkry raakgesien nie. Die Here moes hulle deur sy profeet daarvan bewus maak (Haggai 1:2-7).

Vir baie mense is seën en vloek net vae begrippe waaraan hulle hul nie regtig steur nie. Hulle aanvaar die lewe soos dit kom. Soms gaan dit beter en soms gaan dit slegter. Met party mense gaan dit oor die algemeen beter en met ander oor die algemeen slegter. Hulle dink nooit aan onsigbare bo-natuurlike kragte soos seën en vloek nie. Hulle wêreld is eendimensioneel – dit sluit God en Satan, asook hulle bo-natuurlike werking uit. Tog is die Woord duidelik: Seën en vloek is albei 'n realiteit.

Deuteronomium 28:1-14 teken vir ons 'n prentjie van wat ons kan verwag wanneer God se wil op aarde geskied soos in die hemel. Dis hoe dit lyk wanneer die hemel op die aarde 'n sigbare en tasbare werklikheid word.

Dit beskryf die lewe van mense wat deur God **geseën** is! Dié seën strek oor die hele lewe.

**Lees:** **Deuteronomium 28:1-14** en Genesis 24:1 en verse 35-36; Psalm 1:1-3; Psalm 112.

Deuteronomium 28:15-68 beskryf die vloek wat oor almal kom wat weier om na God te luister en Hom te gehoorsaam. Ook die vloek raak elke aspek van die lewe.

**Lees:** **Deuteronomium 28:15-68.**

Beide seën en vloek het 'n oorsaak en 'n gevolg.
Die seën is aan twee primêre voorwaardes gekoppel (Deuteronomium 28:1):
1. Luister goed na wat die Here sê!
2. Gehoorsaam Hom in alles!

Die vloek het twee primêre oorsake (Deuteronomium 28:15):
1. As jy nie na God luister nie!
2. As jy nie doen wat Hy sê nie!

## Dink na en reageer:

1. Dink oor wat jy in Deuteronomium, Haggai en al die ander gedeeltes gelees het.
   - As oeste jaar na jaar swakker word, terwyl die insetkoste jaar na jaar styg – dui dit op:
     i. Seën? ii. Vloek? iii. Nie een van die twee nie?

   - As mense eet, maar die kos versadig hulle nie en gee hulle nie krag nie - dui dit op:
     i. Seën? ii. Vloek? iii. Nie een van die twee nie?

   - Wanneer inflasie jou swaarverdiende geld, soos 'n stukkende broeksak opvreet sonder om jou iets in ruil daarvoor te gee - dui dit op:
     i. Seën? ii. Vloek? iii. Nie een van die twee nie?

   - Wanneer "politieke bevryding" tot groter slawerny en meer werkloosheid, korrupsie en armoede lei - dui dit op:
     i. Seën? ii. Vloek? iii. Nie een van die twee nie?

- Wanneer laas het jy goed nagedink oor alles wat met jou en rondom jou gebeur? Dui dit op:
  i. Seën? ii. Vloek? iii. Nie een van die twee nie?

2. Dink jy dat landbou "onder die vloek" (soos opgeteken in Deuteronomium 28:15-68) genoeg kos vir die groeiende wêreldbevolking kan produseer? Is dit moontlik met die seën van die Here (soos in Deuteronomium 28:1-14 opgeteken)?

**Gebed:**

† Seën en vloek is werklikhede. Bid dat mense dit sal besef en met God daaroor sal praat.

† Bid vir mense wat al jare 'n sukkelbestaan voer en een terugslag na die ander bly beleef. Vra vir die Here wat die wortel van die probleem is.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Zambië.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Zambië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Zambië.

# Dag 10
# Seën en vloek: voorwaardes en oorsake

**Lees:** Deuteronomium 27:9-26; Jeremia 17:5-8; Haggai 1:3-11; 2:15-19; Sagaria 5:1-4; Matteus 25:34 en 41.

Ons het gelees dat die vloek twee primêre oorsake het (Deuteronomium 28:15):
1. As jy nie na God luister nie!
2. As jy nie doen wat Hy sê nie!

Ons het ook gelees dat die seën twee primêre voorwaardes het (Deuteronomium 28:1):
1. Luister goed na wat die Here sê!
2. Gehoorsaam alles!

In die Woord vind ons **net één persoon** wat aan die **voorwaardes vir seën voldoen het**, en dit is Jesus Christus. Die Man sonder sonde (Jesaja 53:9; Johannes 8:46; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 4:15 en 7:26; 1 Johannes 2:2). Die res van ons kwalifiseer net vir die vloek (Romeine 3:9-20; Efesiërs 2:3). Ek en jy kan nie die seën verdien nie, maar ons kan deur ons sonde die deur vir 'n vloek oopmaak.

***"Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief"*** (Efesiërs 2:4). Daarom bied Hy vir ons die **ruil** aan.

As jy dié **ruil** aanvaar, is jy geseënd. Christus het in jou plek al die voorwaardes vir die seën vervul. Dit beteken jy kry deel aan die seën omdat jy in Jesus Christus glo, en nie omdat jy self aan die voorwaardes voldoen het nie. Maar kan jy, omdat jy nou geseënd is, God ignoreer en soos 'n heiden voortleef (Efesiërs 3:17-19)? Beslis nie! ***"Julle het tog van Hom (Jesus Christus) gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat na die beeld van God geskep is; lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig"*** (Efesiërs 4:21-24). Al word ons nie gered op grond van die onderhouding van die wet nie, kan ons nie wetteloos lewe nie, ***"... God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het"*** (Romeine 5:5). Toe ons die Heilige Gees ontvang het, het Hy God se liefde saamgebring. As jy aanhou doen wat tot vloeke aanleiding gee, maak jy beslis weer die deur oop vir al die slegte gevolge van die vloek.

Daarom: Moenie sondig nie. Maar as jy sondig, hardloop dadelik terug na Jesus Christus, die Regverdige, ons voorspraak by die Vader, sodat Hy jou sonde kan vergewe (Lees 1 Johannes 2:1-2!). Moenie uitstel nie!

Alle sonde het slegte gevolge. Daar is egter 'n paar spesifieke dinge wat tot vloeke aanleiding gee.

Volgens **Deuteronomium 27:9-26** bring jy 'n vloek oor jou wanneer...

- jy nie die Here dien nie, maar afgode of ander gode vereer, en okkultiese praktyke beoefen (Lees ook Deuteronomium 18:9-14);
- jy jou ouers minag;

- ❖ jy oneerlik is en/of steel;
- ❖ jy mense se verleentheid uitbuit en/of hulle onkunde misbruik;
- ❖ jy nie reg laat geskied aan weerlose mense nie;
- ❖ jy betrokke raak by allerhande perverse seksuele sondes;
- ❖ jy moord pleeg;
- ❖ jy omkoopgeld betaal of ontvang;
- ❖ jy leef soos jý wil en nie soos God wil nie.

Volgens **Jeremia 17:5** bring jy 'n vloek oor jou wanneer ...

- ❖ jy van God wegdraai en op mense vertrou en jou krag by sterflike mense soek – selfs by dié wat al dood is.

Dieselfde oorsake word deur ander Skrifgedeeltes in ander woorde beskryf. Daar is al baie boeke geskryf en video's gemaak oor alles wat tot 'n vloek aanleiding kan gee. Spesifieke sonde lei dikwels tot spesifieke vloeke. Jy kan dit nie ignoreer nie, jy moet dit hanteer. Jy moet die óórsaak daarvan bely. Dié vloeke móét gebreek word. Die invloed daarvan moet afgesny word. God wil nie hê dat jy onder die beperkende en vernietigende mag van 'n vloek lewe nie. Daarom bied Hy jou sy **ruil-transaksie** aan.

## Dink na en reageer:

1. Deur sy sondelose lewe het Jesus aan beide voorwaardes vir die seën voldoen. Daarom het Hy 'n wettige aanspraak op die volle seën! Glo jy dit?

2. Jy verdien die vloek. Daar staan geskrywe: ***"Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: 'Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie'"*** (Deuteronomium 27:26; Galasiërs 3:10-11). Glo jy dit?

3. Glo jy dat jy jouself nie kan verlos deur goeie werke nie? Glo jy óók dat jy nié die seën deur goeie werke kan verkry nie (Romeine 9:30 – 10:4; Galasiërs 2:16 en 3:10-11)? Daar is altyd iets wat jy nalaat of verkeerd doen (Jakobus 2:10-11).

4. Glo jy dat Jesus bereid was/is om die seën wat Hy verdien het, met jou te ruil vir die vloek wat jy verdien (Deuteronomium 21:23 en Galasiërs 3:13-14)?

## Gebed:

- † Dink na oor wat Deuteronomium 27 en Jeremia 17 sê vloeke veroorsaak. Bely alles!
- † Bely alle onvergewensgesindheid en bitterheid, want dit maak die deur oop vir die vloek.
- † Indien nodig, volg die vier stappe (4 x C) hier onder of kry hulp.
- † Bid vir vriende en familie wat onder vloeke leef.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Malawi.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Malawi deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Malawi.

**C**hristus is die antwoord. Hy het die vloek op Homself geneem en 'n vervloekte geword. Hy is die einde van die vloek. Hy is die Vloek-breker! Hy is die een wat seën. Daarom ...

| | |
|---|---|
| **C**onfess | Bely die oorsaak – dit is alle sonde wat die deur vir 'n vloek oopmaak. |
| **C**ancel | Kanselleer die vloek én die vernietigende krag wat dit op jou lewe het. Doen dit in die Naam van Jesus. |
| **C**ast out | Dryf die duiwel en al die demoniese, bose en onrein geeste uit. Jy mag moontlik hulp nodig hê om dit te doen. |
| **C**laim back | Eis wat die Satan van jou gesteel het, terug. Aanvaar opnuut die herstel en seën wat God gee. |

Met erkenning aan Ian van Niekerk van Skitterblink.

# Dag 11
# Seën en Vloek: onsigbare bonatuurlike kragte

**Lees:** Genesis 22:15-18 en Galasiërs 3:14; Josua 6:26 en 1 Konings 16:34

**Seën en vloek is bonatuurlike kragte** ***(super natural powers)*** wat 'n **positiewe óf negatiewe invloed** in ons lewe het. Die bonatuurlike krag van seën rus jou toe vir 'n spesifieke taak. Byvoorbeeld: God het vir Adam en Eva geseën (bemagtig / in staat gestel) om te vermeerder en te heers. Seën versnel die proses. Dit stel jou in staat om iets te doen. 'n Pragtige voorbeeld hiervan is in 1 Kronieke 17:25-27 en 2 Samuel 7:27-29. Dawid vra die Here om hom te seën sodat hy kan doen/bereik wat God aan hom beloof het. Daarteenoor ondermyn die bonatuurlike krag van 'n vloek jou werk en roepingsvervulling. Dit lê jou lam. Dit blokkeer die goeie wat jy wil doen of bereik. Dit dwarsboom jou gedurig.

***Vloek en seën is onsigbaar, maar die gevolge daarvan is sigbaar.*** Ons lees onder andere in Deuteronomium 28 van die sigbare gevolge van beide vloek én seën. (Ons bespreek dit later.)

Beide vloek en seën is woorde. Dit kan woorde wees wat jy uitspreek of gedagtes wat jy koester maar nie uitspreek nie. Hierdie woorde is gelaai met bonatuurlike krag. **Woorde het gevolge** – goed óf sleg, seën óf vloek, lewe óf dood (vgl. Spreuke 18:21). Dáárom beveel God ons om ander te seën en nie te vervloek nie. Plaas 'n wag voor jou mond! Spreek in alle omstandighede waarheid en seën (Lukas 6:28; 1 Petrus 3:9-10).

**Seëninge het goeie gevolge.** Seën vloei voort uit woorde wat God en/of mense wat Hom verteenwoordig, sê (vgl. Numeri 6:23-27). Satan en sy medewerkers kan niemand seën nie.

**Vloeke het slegte gevolge.** Vloeke tree óók in werking wanneer God en/of mense wat Hom verteenwoordig, dit uitspreek (Genesis 3:14 en 17, asook 12:3; Deuteronomium 21:23 en 27:9-26; Josua 6:26). 'n Vloek word ook beskou as die slegte gevolge wat God sê spesifieke sonde gaan hê. Wanneer mense hulle met Satan vereenselwig en by okkultiese praktyke en/of aktiwiteite betrokke raak, maak hulle die deur wawyd oop vir allerhande vloeke – in hul eie lewe én in die lewe van hulle nageslag (generasie-vloeke).

Dis veral mense wat deur die duiwel en sy bose geeste beïnvloed en beheer word, wat vloeke oor ander uitspreek.

**Wanneer 'n vloek of 'n seën uitgespreek is, gaan die effek daarvan voort totdat dit voltrek en/of amptelik herroep is** (Revoked = Officially cancelled). Dit kan gou gebeur, óf na baie jare. Dit kan selfs geslagte lank 'n goeie of slegte invloed hê. Die effek mag na eeue nog ervaar word. Tydsverloop vernietig nie die effek van 'n vloek of 'n seën nie:

- ✓ Die vloek wat Jakob in onkunde oor die persoon wat sy skoonpa se afgodsbeeldjies gesteel het, uitgespreek het, is afgehandel met die dood van Ragel (Genesis 31:30-32 en Genesis 35:16-20).
- ✓ Die vloek wat Dawid na die dood van Saul en Jonatan oor die Gilboaberge uitgespreek het, het vandag steeds 'n effek (2 Samuel 1:21).
- ✓ Vyfhonderd jaar nadat Josua 'n vloek uitgespreek het oor die man wat Jerigo probeer herbou, is die vloek voltrek toe die twee seuns van Giël dood is (Josua 6:26 en 1 Konings 16:34).
- ✓ Die seën wat die Engel van die Here oor Abraham uitgespreek het, gaan vandag steeds voort (Genesis 22:15-18 en Galasiërs 3:14). Jesus is uit die nageslag van Abraham gebore. In Hóm is al die volke van die aarde geseënd. As ons in Christus glo, is ons ingesluit in die nageslag van Abraham. Dan deel ons in die seën wat God oor hóm en sý nageslag uitgespreek het. Dáárdie seën het vandag nog positiewe en goeie gevolge in alle gelowiges se lewens.

Elke vloek wat oor my en jou uitgespreek is, is amptelik aan die kruis voltrek (afgehandel) toe Jesus in ons plek 'n vervloekte geword het. Dis 'n evangeliese waarheid waarvan jy absoluut seker kan wees (Galasiërs 3:13)!

As jy dít nie weet en/of nie glo nie, gaan die duiwel beslis jou onkunde uitbuit en vir jou **<u>lieg</u>**. Hy sal vir jou jok en sê:

- Seën en vloek is Ou-Testamentiese en/of heidense opvattings wat jy maar kan ignoreer.
- Die aanhoudende teenslae en slegte goed wat met jou gebeur, het niks met 'n vloek te doen nie. Dis maar net hoe die lewe is.
- Die slegte goed wat met jou gebeur is God se wil. Só hou Hy sy kinders nederig en bou Hy hulle karakter.
- Jy sal altyd vervloek wees. Jy voldoen nie aan die twee voorwaardes om geseënd te wees nie. Jy het dus geen reg om op seën aanspraak te maak nie.
- Jy doen te min om geseënd te wees. As jy geseënd wil wees, moet jy harder werk en meer doen.
- Ensovoorts.

Dis alles leuens.

## Dink na en reageer:

1. Stem dit wat jy aangaande seën en vloek dink en glo ooreen met dit wat God in sy Woord sê? Indien nie, moet jy God toelaat om jou denke te vernuwe, want sý Woord is die waarheid.

2. Christus het in ons plek 'n vervloekte geword. In Hom is elke vloek wat ek en jy verdien, voltrek en afgehandel. Jy moet dit glo.

3. Dit beteken nie dat vloek en seën nie meer bestaan nie. Beide is 'n werklikheid, 'n bo-natuurlike krag wat ons lewens kan beïnvloed.

## Gebed:

† Loof, dank en prys die Here Jesus wat elke vloek wat vir ons bestem is, op Homself geneem het. Dank Hom dat Hy bereid was om 'n vervloekte te word sodat ek en jy geseënd kan wees.

† Bid vir mense wat hulle hele lewe lank in vrees vir die een of ander vloek lewe, maar nog nooit vir Jesus, "Die Vloek-breker" leer ken het nie.

† Bid vir mense wat so gewoond geraak het aan al die onverklaarbare slegte goed wat deur die jare met hulle en hulle voorgeslagte gebeur het, dat hulle nie eers die moeite doen om met God daaroor te praat nie.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Tanzanië.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Tanzanië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Tanzanië.

# Dag 12
# Seën en Vloek: sigbare gevolge

**Lees:** Deuteronomium 28:1-14 en 28:15-68

Die Chinese het 'n spreekwoord wat lui: *"As jy wil weet wat water is, moenie 'n vis vra nie."* Waarom nie? Water is al wat 'n vis ken. Vir 'n vis is water normaal. Die meeste mense is so gewoond aan dit wat hulle elke dag onder die vloek ervaar, dat hulle dit as normaal aanvaar. Hulle besef nie dat hulle op Deuteronomium 28:1-14 (en baie ander seëninge) aanspraak

kan of mag maak nie. Net soos Israel van ouds het hulle al so gewoond geraak aan die juk van die vloek en slawerny, dat hulle sukkel om te glo dat God iets veel beter vir hulle in gedagte het (vgl. Eksodus 6:4-8).

Maar vloek en seën is volgens die Bybel 'n realiteit. Daarom is selfondersoek nodig. Dink na oor wat met jou gebeur en hoekom dit met jou gebeur (Haggai 1:7 en 9). Baie van die slegte dinge kan verband hou met die vloek. Maar omdat jy onkundig is oor die vloek en die feit dat Jesus reeds in jou plek 'n vervloekte geword het (Galasiërs 3:13), verdra jy maar die vloek en al die slegte gevolge daarvan. Hoekom? Die seën en die goeie gevolge daarvan is op grond van Christus se **ruil-transaksie** met ons, tot jou beskikking. Die kinders (nageslag) van Abraham is geseënd om vir die nasies tot seën te wees. God seën ons met 'n doel! Hierdie seën is allesomvattend. ***"Abraham was al baie oud, en die Here het hom in alles geseën"*** (Genesis 24:1 en 35-36). Is dit wat ek en jy ervaar?

Kom ons vra 'n paar vrae om te bepaal of ons die gevolge van Jesus se gehoorsaamheid geniet (in alles geseënd) en of ons maar die vloek verdra.

Volgens Deuteronomium 28:1-14, Psalm 1, 23, 91, 112; Jeremia 17:7-8 en ander Skrifgedeeltes, word iemand wat deur God geseën is, se lewe onder andere gekenmerk deur die volgende:

- ✓ Hulle gaan vorentoe, maak opgang en word bevorder;
- ✓ Hulle geniet 'n ryk en vol lewe (vgl. ook Genesis 25:7-8; Job 42:12-17);
- ✓ Hulle is voorspoedig en geseënd, ongeag omstandighede (vgl. ook Genesis 39:21-23);
- ✓ Hulle boerdery/besigheid is suksesvol en hulle is goed versorg;
- ✓ Hulle besittings vermeerder en die vrug op hulle arbeid is baie goed;
- ✓ Hulle het 'n nageslag (vgl. ook Genesis 17:6; 24:36 en Psalm 127:5);
- ✓ Hulle geniet veiligheid en beskerming teen vyande, siektes, peste en plae;
- ✓ Hulle is nie bang vir siekte, gevare of dié wat hulle haat nie;
- ✓ Hulle oorwin hulle vyande;
- ✓ Hulle geniet goeie gesondheid (vgl. ook Eksodus 15:26 en 1 Petrus 2:24);
- ✓ Hulle beleef voorspoed en vooruitgang op elke terrein;
- ✓ Hulle is vry van skuld en het genoeg om te gee en uit te leen;
- ✓ Hulle is die kop en nie die stert nie. Hulle loop voor, neem inisiatief en gee leiding;
- ✓ Hulle lewe word deur God in stand gehou – dit val nie uitmekaar nie;
- ✓ Ensovoorts!

Volgens Deuteronomium 28:15-68 is die gevolg van die vloek onder andere dinge soos:

- Vernedering;
- Ondergang;
- Onvrugbaarheid op vele terreine;
- Verwarring;
- Langdurige siekte, kwale en versteurings;
- Huwelik- en gesinsverbrokkeling;
- Uiterste armoede (Deuteronomium 28:48 en 53-55) en baie skuld;
- Nederlae teen vyande;
- Mislukking op talle terreine – niks werk ooit goed uit nie;
- Verdrukking en onderdrukking;
- Geniet nie God se goedheid en guns nie (vgl. ook Psalm 23);
- Is die stert en nie die kop nie: Jy word saamgesleep en het geen beheer oor jou lewe en wat met jou gebeur nie;
- Ensovoorts.

Maak jou eie opsomming van alles wat jy in Deuteronomium 28:15-68 lees.

Let daarop dat ons nie hier praat van iets wat een of twee keer met jou gebeur of wat logies verklaar kan word nie. Ons praat oor dinge wat herhaaldelik gebeur, bv. ’n tweede, derde of vierde egskeiding; langdurige angs en vrees; baie in een familie sterf op ’n jong ouderdom of op ’n onnatuurlike manier; permanente skuld, ens. Beantwoord die volgende vrae so eerlik as moontlik teen bogenoemde agtergrond:

1. Geniet jy alles wat jy glo God jou mee wil seën? Indien nie, wat kom nog kort? (Deuteronomium 28:1-14)

2. Is jy permanent in die skuld en/of sukkel jy om uit die skuld te kom? (Deuteronomium 28:12b is veronderstel om van toepassing te wees.)

3. Kom jou lewe tot niks? Voel dit asof jou lewe en werk in dryfsand of modder vasgeval het? (Deuteronomium 28:19-20)

4. Is ander gedurig besig om die vrug te pluk op dit waarvoor jy gewerk het? (Deuteronomium 28:30-31)

5. Werk jy soos ’n slaaf (werkoholis), maar kom nêrens nie? (Deuteronomium 28:38-40)

6. Geniet jy ’n gelukkige huwelik en gesinslewe, of spat jou familie om welke redes ook al uit mekaar? (Deuteronomium 28:30 en 41)

7. Is jou lewe een groot gesukkel terwyl dit goed gaan met ander wat nie die Here dien nie? (Deuteronomium 28:43)

8. Leef jy gedurig in angs en vrees vir slegte tyding? Is jy gedurig onseker, verward en bang? (Deuteronomium 28:20, 29, 65-67)

9. Ly jy gedurig aan allerhande siektes en kwale? Veral onverklaarbare siektes en kwale? (Deuteronomium 28:22, 27-28, 59-61)

10. Vernietig peste, plae en rampe jaar na jaar alles wat veronderstel was om vir jou te sorg? Is jy 'n regte ongeluksvoël? (Deuteronomium 28:59-61)

11. Word jy gedurig oop en bloot besteel? (Deuteronomium 28:31)

Onthou, om onder die gevolge van die vloek gebuk te gaan, beteken nie noodwendig jy is ongered en verlore nie. Miskien het niemand jou nog vertel dat jy nie langer jou lot hoef te aanvaar nie. God wil hê ons almal moet sy seën prakties beleef. Daarom het Jesus die seën wat Hy verdien het met ons geruil vir die vloek wat ons verdien het.

## Dink na en reageer:

1. Wat moet jy doen as jy steeds die gevolge van die vloek aanhoudend en op baie maniere in jou lewe ervaar? Gaan jy dit bly aanvaar as iets wat onveranderlik is? Of glo jy dat dit kan verander omdat Jesus in jou plek 'n vervloekte geword het?

2. Glo jy dat God jou met alles wil seën, met alles wat Jesus deur sy volkome gehoorsaamheid verdien het? (Deuteronomium 28:1-14 en méér!).

3. Beskryf in jou eie woorde 'n geseënde boerdery. Hoe lyk 'n boerdery wat steeds onder die gevolge van die vloek gebuk gaan? Watter tendense ontdek jy?

4. Dink jy ons sal ooit genoeg kos vir die groeiende wêreldbevolking kan produseer as landbouers in die vloek vasgevang is, en nie God se seën geniet nie?

**Gebed:**

- † Die Bybel gee meer as een perspektief op lyding en swaarkry[1] Bid vir spesifieke mense wat jy dink moontlik gebuk gaan onder die aaklige gevolge van 'n vloek. Hou aan bid totdat hulle loskom van die vloek en God se seën in al sy volheid geniet.
- † Praat met die Here oor jou eie omstandighede. Vra dat Hy jou sy seën sal laat geniet. Dank Hom nou al daarvoor, want in Christus is dit sy begeerte vir jou.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Angola.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Angola deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Angola.

# Dag 13
# Bevry van die vloek van armoede

**Lees:** Johannes 10:10; 2 Korintiërs 8:9 en 9:8; 1 Johannes 3:8

Grootskaalse armoede is die werk van die duiwel. Dis 'n vloek!

In Deuteronomium 28:48 word armoede beskryf: ***"... terwyl jy honger en dors en sonder klere is en gebrek ly ..."*** Honger, dors, kaal en 'n gebrek aan alles, beskryf die uiterste vorm van armoede. Dit staan lynreg teenoor dit wat God vir sy kinders wil gee: ***"Die Here sal jou oorlaai met die goeie"*** (Deuteronomium 28:11).

Dit is jammer dat Christene op grond van gedeeltes soos Johannes 12:8 begin aanvaar het dat armoede nooit gebreek kan word nie. Baie Christene dink dat hulle niks aan armoede kan of hoef te doen nie. Hulle deel kos en hulle ou klere uit, maar hulle spreek nie die <u>oorsaak</u> van die armoede aan nie. Armes se onmiddellike nood word tydelik verlig (dit is beter as om niks te doen nie), maar môre leef mense steeds onder die vloek van armoede.

---

[1] 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou – 2020 Lied in die nag. In gesprek met God oor lyding en swaarkry.

Armoede is nie God se hart nie. God wil nie hê mense moet arm wees nie. Deel van die seën wat God aan Abraham en deur hom aan alle nasies beloof het, is ***"'n land sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet en niks sal kortkom nie..."*** (Deuteronomium 8:6-9; Deuteronomium 15:4-6). Dis lasterlik om te maak asof God suinig is en mense net-net aan die lewe wil hou. God wil vir sy kinders meer as genoeg gee: ***'n Land wat <u>oorloop</u> van melk en heuning*** (Eksodus 3:8). Oorgenoeg manna en kwartels om elke dag te eet (Eksodus 16:8 en 11).

Mense kan onder die vloek leef, selfs al het hulle baie geld. Maar om sonder geld en materiële besittings te wees is beslis 'n teken dat die vloek heers. Hoe word die vloek van armoede gebreek? Dit word nié met geld gebreek nie. Dit word soos alle ander vloeke gebreek: Glo en aanvaar dat Jesus 'n vervloekte geword het om die vloek van armoede in jou lewe te vernietig. Jesus het jou armoede geruil vir sy rykdom.

Jesus het die heerlikheid, rykdom en oorvloed wat Hy as Seun van God in die hemel gehad het, prysgegee. Hy het mens geword en die posisie van 'n arm slaaf ingeneem (Filippense 2:6-8). Aan die kruis het Hy in ons plek 'n vervloekte geword (Galasiërs 3:13). As vervloekte aan die kruis het Hy armoede in sy ergste vorm ervaar: honger, dors, naaktheid en 'n gebrek aan alles, selfs aan die Vader se teenwoordigheid. Hy het uitgeroep: ***"Ek is dors"*** (Johannes 19:28). Sy laaste besittings, sy klere, is tussen die soldate verdeel. Dit beteken Hy het ook die vloek van armoede wat ons op grond van ons ongehoorsaamheid verdien het, op Hom geneem. Hy het die rykdom van God se seën wat Hy deur sy gehoorsaamheid verdien het, aan ons gegee. Uit liefde het Hy dus sy rykdom vir ons armoede **geruil**. Só het Hy ons verlos van die vloek van armoede!

In 2 Korintiërs 8 en 9 skryf Paulus oor geld. Hy skryf oor materiële besittings en hoe Christene daarmee moet werk. In hoofstuk 8:9 en hoofstuk 9:8 word die **ruil** waarvan ons vroeër gepraat het, duidelik uitgespel. 2 Korintiërs 8:9 sê: ***"Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word."*** In 2 Korintiërs 9:8 beskryf Paulus die oorvloed wat die ruil tot gevolg het: ***"En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk"*** In vers 10-11a skryf hy: ***"God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat***

***groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer. Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees."*** (Klem bygevoeg).

In Johannes 10:10 word die werk van die duiwel (vloek) en die werk van Jesus (seën) teenoor mekaar gestel. Die duiwel het gekom om te steel, te slag en uit te roei (vloek). Jesus het gekom sodat ons lewe in oorvloed kan hê (seën). Grootskaalse armoede wat mense in skuld en gebrek gevange hou en van hulle slawe maak, is die werk van Satan. Nie van God nie. Om die juk wat armoede op mense se nekke sit, te breek, is deel van die roeping van Koninkryk-boerderye en -besighede (Jesaja 58:6-7). Ons moet Jesus se medewerkers en vennote word om die werk van die duiwel te vernietig (1 Johannes 3:8). Armoede moet met wortel en tak uitgeroei word. Dit is moontlik want die ruil is afgehandel.

## Dink na en reageer:

1. God is nie suinig nie! Glo jy dit?

2. In die Paradys was daar nie armoede nie en in die Koninkryk is daar nie armoede nie! Glo jy dit?

3. Lees Deuteronomium 8:17-18. Wat doen God om sy verbond met Abraham en ons as sy nageslag in stand te hou?

4. Armoede is 'n vloek. Daarom kan dit nié met geld gebreek word nie. Selfs ryk mense kan 'n armoedementaliteit hê en in vrees vir te min leef (Prediker 5:9). Armoede kan net met die seën van God gebreek word. Die aanvaarding van die **ruil-transaksie** is die voorwaarde waarvolgens die vloek van armoede vernietig word. Glo jy dit?

5. Aanvaar jy God se **ruil-transaksie** - ook wat rykdom en armoede aanbetref?

## Gebed:

† Dank God vir die seën en oorvloed wat Hy graag aan sy kinders gee.
† Bid dat Christene nie langer armoede as God se wil sal aanvaar nie. Dat armoede God se wil is, is 'n leuen van Satan.
† Bid dat Christene die verantwoordelikheid sal aanvaar om saam met Jesus te werk om armoede uit te roei (1 Johannes 3:8).
† Bid dat die grootskaalse armoede, veral op die platteland, vernietig sal word. Dis een van die duiwel se bose werke.

**Bid vir Afrika**: Fokus vandag op die **Demokratiese Republiek van die Kongo.** Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in die DRK deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in die DRK.

# Dag 14
# Bevry van die vloek van skuld

**Lees:** Deuteronomium 28:43-44 teenoor 28:12; Efesiërs 2:1-10

Landbou in Suid-Afrika sit met byna 200 biljoen rand se skuld. Dít is beslis nie God se wil of plan vir die landbou nie. Volgens die Woord wys dit dat daar iets fout is. 'n Vloek is beslis aan die werk.

Die Bybel moedig niemand aan om skuld te maak nie (Spreuke 22:7 en Romeine 13:8). Sommige skuld mag beter (teen laer rente) as ander skuld (teen hoër rente) wees. Maar skuld bly skuld en dit moet terugbetaal word. Of jy in staat sal wees om terug te betaal, weet jy nie (Jakobus 4:13-17). Skuld moet sover moontlik vermy word. Waarom? Drie belangrike redes:

- i) Skuld word gesien as een van die gevolge van die vloek. Dit is nie 'n gevolg van die seën van die Here nie;
- ii) God het maatreëls in plek gesit om te voorkom dat sy volk permanent in skuld en armoede verval. Dink aan die Sabbatsjaar en die Hersteljaar (Levitikus 25).
- iii) Daar is geen skuld in die hemel nie. Dit is dus nie deel van die Koninkryk van die Hemel nie.

God se hart is die afskrywing van álle skuld – sondeskuld en finansiële skuld. Maar méér as dit. Sy wil is oorvloed! Hy wil hê jy moet genoeg hê om sonder rente uit te leen (Psalm 15:5). Sy wil is dat jy voortdurend in staat sal wees om 'n Barmhartige Samaritaan te wees (Lukas 10:37).

Jesus het as 'n vervloekte aan die kruis gehang vir ál die gevolge van die vloek. Ook ons finansiële skuld. Die meeste van ons het in die skuld beland omdat ons ons tuisgemaak het in goddelose wêreldse finansiële stelsels (Babiloniese stelsel). As ons <u>Efesiërs 2:1-6 in ekonomiese terme moet vertaal</u>, sal dit min of meer so klink: *Julle was finansieel bankrot en korrup as gevolg van julle ignorering van God se ekonomiese*

*beginsels. Julle hantering van geld en besittings het geensins verskil van dié van die sondige wêreld nie. Net soos hulle het julle ook julle finansiële besluite geneem onder invloed van bose onsigbare Mammon-geeste en die Babiloniese stelsel. Dis dieselfde geeste en stelsels wat almal se gedrag bepaal wat aan God ongehoorsaam is.* (Die stelsels word gekenmerk deur gierigheid, afgodery, korrupsie, uitbuiting, vals mates en gewigte, leuens, skuld, buitensporige rente, inflasie, vrees vir gebrek, ens.) *Ons almal het net soos die wêreld geleef. Ons is ook oorheers* (verslaaf/slawe gemaak) *deur ons sondige begeertes. Ons het alles gekoop wat ons wou hê en alles geniet waaraan ons kon dink. Met ons geld het ons gemaak wat ons wil. Ons was sondige mense met 'n bose hart. God was verplig om ons vir al hierdie dinge te straf. Ons verdien die vloek.* ***Maar God is ryk aan barmhartigheid en het ons innig lief.*** *Deur sy groot liefde het Hy ons wat geestelik dood was as gevolg van die wêreldse* (heidense/korrupte) *manier waarop ons met geld en besittings werk, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade het Hy meer gedoen as om ons weer ekonomies op ons voete te bring. Omdat Hy ons in Christus gesit het, het Hy ons saam met Christus uitgehaal uit die ekonomiese put waarin ons was en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee.*

Omdat ons saam met Christus (in Hom) in die hemel sit, heers ons nou oor geld en besittings. Geld en besittings oorheers ons nié meer nie. Indien ons steeds met 'n ekonomiese bril verder lees, verduidelik Paulus in vers 7-10 waarom God ons ook ekonomies verlos: Mense moet God se **goedheid ervaar en besef hoe geweldig groot sy genade is.** Ons kom dan tot die besef dat ons ekonomiese herstel en voorspoed nie die gevolg is van ons briljante planne en harde werk nie. Dis God wat ons ekonomies uit die dood gehaal het. Ons het niks om op te roem nie. In Christus het Hy ons ekonomies herstel en geseën sodat ons dít kan doen waarvoor Hy ons geskep het. **Hy gee ekonomiese herstel met 'n doel** (vgl. 2 Korintiërs 9:8-11a). Hy doen dit beslis nie sodat ons maar kan aanhou om ons geld te gebruik soos voor ons burgers van sy Koninkryk was.

Ons eerste/outomatiese reaksie in 'n ekonomiese krisis is om terug te val op ons Babiloniese denke en planne, want dis al wat ons ken. Maar ons moet anders oor ons skuld dink. **Ons moet glo dat ons reeds ekonomies verlos en bevry is. Ons moet glo dat Christus ook al die finansiële skuldbewyse en -eise teen ons in sy hand gehad het toe**

**Hy as vervloekte aan die kruis gespyker is. Ons moet glo dat Hy ons armoede en skuld op Hom geneem het en aan ons sy oorvloed en finansiële vryheid geskenk het. Die ruil-transaksie was ook op ekonomiese gebied.** Dis die waarheid, selfs al ervaar ons dit nog nie.

Wanneer ons oor ons skuld dink, moet ons ruimte laat vir God se Koninkryk om ook dáár te kom. God wil, kan en sal wonders doen om sy kinders uit die vloek van skuld (skuld is slawerny – Spreuke 22:7) te bevry en aan hulle oorvloed in sy Koninkryk te gee. Dít het Hy gedoen toe Hy die goud, silwer en klere van die Egiptenaars aan sy volk gegee het toe Hy hulle as arm slawe uit Egipte verlos het (Eksodus 12:35-36). Dit het Hy gedoen toe Hy sy kinders beveel het om elke 7de en elke 50ste jaar alle skuld af te skryf (Levitikus 25). Dit het Hy gedoen toe die olie aanhou vloei het uit die weduwee se kruik, totdat al haar skuld betaal was en daar genoeg oorgebly het om van te leef (2 Konings 4:1-7). Dit het Hy gedoen toe Hy Petrus gestuur het om geld uit 'n vis se bek te gaan haal om belastingskuld te betaal (Matteus 17:24-27). Dit het Hy gedoen toe die eerste Christene alles met mekaar gedeel het (Handelinge 2:45 en 4:33-37). Die meeste wonders waarvan ons in die Ou Testament lees, was fisies van aard. Dit was beskerming teen vyande, voorsiening van kos en water, dit was genesing en gesondheid. Dit was tasbare seëninge op elke terrein van die lewe (Genesis 24:1 en 34-36). Dit was nie 'n *"pie in the sky when you die"*-belofte nie.

Wanneer God ons uit die Koninkryk van Duisternis uitruk en ons in sy Koninkryk onder die regering van sy Geliefde Seun plaas (alles en almal onder een Hoof), sluit dit ons verlossing van skuld in. Hierdie verlossing van skuld kan op 'n bonatuurlike manier in 'n oomblik gebeur. Of dit kan oor tyd gebeur omdat ons nou nie meer onder die vloek of die invloed van Mammon nie, maar in die seën van die Here leef (Spreuke 10:22).

Daar is nie skuld in die hemel nie. Wanneer mense van skuld verlos word, kom nog 'n stukkie van die Koninkryk van die Hemel op aarde.

Aanvaar dat God jou van jou skuld wil bevry. Hy wíl vir jou alles in oorvloed gee sodat jy kan uitleen sonder dat jy ooit self hoef te leen. Hy wil jou skuldvry maak sodat jy sy goedheid kan sien en proe (Psalm 34:9). Hy wil vir jou oorvloed gee sodat jy ander kan help om ook skuldvry te word. Hy wil jou skuldvry maak en oorvloed gee (meer as genoeg vir eie behoeftes) om die roeping wat Hy aan jou gegee het, te finansier. Die oorvloed wat God gee moet deur kanale van vrygewigheid na ander vloei (Spreuke 11:24-25; Efesiërs 4:28; 1 Timoteus 6:17-19). God gee nie sy seën vir ons om dit op te gaar en daaraan vas te klou uit vrees vir 'n onseker

toekoms nie (Hebreërs 13:5-6). Môre sal Hy ons wéér seën en steeds versorg (Matteus 6:25-33). Hy seën ons om tot seën te wees (Genesis 12:2 en let op die woordjie "sodat" in Psalm 67:2-3).

## Dink na en reageer:

1. God se wil is finansiële vryheid, ook jóú finansiële vryheid! Hoe behoort jy op dié waarheid te reageer?

2. Na wie se raad luister jy wanneer jy finansiële besluite moet neem? Wat sê die Here in Psalm 1? Na wie mag jy nie luister nie? Na wie moet jy luister?

3. Vlad Savchuk gee in een van sy YouTube-boodskappe *(Spiritual Warfare in Finances)* praktiese raad oor hoe om los te kom van skuld. Hy sê jy moet anders dink en anders doen. Maak 'n denkskuif. Beweeg van een gewoonte na 'n ander:
   - ✓ *From Fear to Faith*
   - ✓ *From Confession to Correcting (restitution like Zaccheus in Luke 19:8)*
   - ✓ *From Borrow to Budget*
   - ✓ *From Laziness to Laboring*
   - ✓ *From Greed to Generosity*
   - ✓ *From Tipping to Tithing*
   - ✓ *From Coveting to Contentment*
   - ✓ *From Income to Investment*

   Luister gerus na hierdie boodskap as jy kan.

## Gebed:

† Bely alle gierigheid, finansiële ongeduld en impulsiwiteit, korrupsie en diefstal. Bely alles wat die Woord sê tot armoede aanleiding gee (bv. in Spreuke 6:6-11; 21:25-26; 23:20-21).

† Bely alle dwase finansiële besluite. Bely besluite wat jy geneem het sonder om die Here daaroor te raadpleeg omdat dit volgens die wêreld se stelsels en sisteme na goeie besluite gelyk het.

† Vra die Here om jou skuldvry te maak en jou finansieel te seën om tot seën vir ander te wees. Vra ook wie Hy wil hê jy moet seën en help om skuldvry te wees.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op die **Kongo**.
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in die Kongo deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in die Kongo.

# Dag 15
# Geseënd op grond van jou verhouding met Christus

**Lees:** Job 20:1-29 en 21:21-30

Die Woord leer duidelik dat niemand gered of geseënd kan wees deur die wet te onderhou nie. Die rede is duidelik: een oortreding van die wet maak jou skuldig aan die oortreding van die hele wet (Jakobus 2:10-11). ***"Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: 'Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie'"*** (Galasiërs 3:10). Seën en vloek word nie bepaal deur baie of min geld of besittings nie. **Seën en vloek word bepaal deur my en jou verhouding met Christus.**

Ons almal het op een die of ander **manier 'n korrupte verhouding met geld en besittings**. Geld en besittings neem baie maklik die plek van God in ons lewe in. Dit word 'n afgod waarvoor ons buig. Dit word ons hoogste prioriteit; die basis van ons besluite; ons sekuriteit vir môre. Om ons *"Gold"* te verloor en nét God (*Gold* sonder die l) oor te hê, is ons grootste vrees. Afgodery word in die Bybel gesien as geestelike hoerery - om gemeenskap met duiwels en ander gode te hê (1 Korintiërs 10:18-22). Afgodery en hoerery lei áltyd tot vervloeking (Deuteronomium 27:15 en 20-23).

Ons kan nie die finansiële vloek *(wat ons verdien)* vryspring deur die wet te onderhou nie. Ons het Jesus nodig om ons van die vloek te verlos.

## Dink na en reageer:

1. Die lys sake wat hier volg het 'n dubbele doel: Eerstens moet dit my en jou finaal oortuig hoe korrup ons verhouding met geld en besittings is. Ons verdien die vloek al is ons net skuldig aan een oortreding. Tweedens moet dit ons in die arms van Christus dryf. Hy het ook vir hierdie sondes in ons plek 'n vervloekte geword. Hoe kan ons anders as om Hom lief te hê?

    - Ek bely dat geld dikwels vir my belangriker as God is en 'n groter rol in my lewe as God speel. Geld is vir my 'n groter werklikheid as God;

- Ek bely elke finansiële ooreenkoms (mondelings of skriftelik) wat ek aangegaan het, maar nie nagekom het nie;
- Ek bely elke belofte om iets te gee of te betaal wat ek nie gehou het nie;
- Ek bely alle skuld wat ek te laat of glad nie betaal het nie;
- Ek bely alle suinigheid en gierigheid;
- Ek bely alle gawes (geld, goed, geleenthede, ens.) wat ek uit selfsug nie gegee het toe ek dit kon doen nie (vgl. Spreuke 3:28);
- Ek bely alle vrees vir gebrek wat my finansiële besluite beïnvloed het;
- Ek bely alle jaloesie op ander mense se voorspoed;
- Ek bely elke begeerte na ander se goed;
- Ek bely dat ek finansiële- en besigheidsbesluite geneem het asof ek in beheer van my eie lewe en toekoms is (Jakobus 4:13-17);
- Ek bely dat ek my dikwels deur Mammon (die bose gees wat agter gierigheid skuil) laat beïnvloed en lei;
- Ek bely dat ek dikwels glo dat geld en goed wat ek deur onreg bekom, tot my voordeel sal wees (vgl. Spreuke 20:17 en 21; 21:17; Jeremia 17:11);
- Ek bely alle oneerlike transaksies; alle vals mates en gewigte;
- Ek bely dat ek ander se produkte of dienste afkraak om 'n winskopie te kan kry. Ek is soms onwillig om vir die werklike waarde van iets te betaal (Spreuke 20:14);
- Ek bely dat ek dikwels finansiële raad aan ander gee wat ek nie self in my eie lewe toepas nie;
- Ek bely alles wat ek sê of doen wat die indruk skep dat U suinig is;
- Ek bely elke skimp wat ek gooi (indirekte of bedekte versoek) dat ander iets vir my moet gee;
- Ek bely alle ongeduld en 'n gebrek aan selfbeheersing; om nie te wag voor ek koop nie, maar om gou skuld te maak;
- Ek bely alle impulsiewe aankope;
- Ek bely alle emosionele aankope (die spandering van geld om my emosioneel beter te laat voel, al het ek dit nie nodig nie);
- Ek bely my gebrek aan behoorlike finansiële administrasie (karige of geen boekhouding en begroting);
- Ek bely my gebrek aan finansiële dissipline;
- Ek bely my betrokkenheid (deel wees, deelneem, laat beheer) in en vertroue op Babiloniese (wêreldse) ekonomiese stelsels en sisteme;
- Ek bely alle diefstal van my ouers (Spreuke 28:24);
- Ek bely dat ek nie (behoorlik) sorg vir weduwees en wese wat alleen agtergelaat is nie (1 Timoteus 5:3-4; Jakobus 1:27);

- Ek bely alle ongeloof en vrees vir die dag van môre (Matteus 6:25-34);
- Ek bely dat geld dikwels in my hart kom lê in plaas daarvan om in my sak te bly;
- Ek bely alle verkwisting van geld deur swak finansiële besluite;
- Ek bely die terughou van dankoffers en/of offergawes;
- Ek bely dat ek dikwels op geld in plaas van op U vertrou;
- Ek bely dat my gemoedstemming te maklik deur geld en nie deur u Gees bepaal word nie;
- Ek bely dat ek dikwels wetend of onwetend in 'n leefstyl-kompetisie met ander is (Try to keep up with the Joneses);
- Ek bely dat ek dikwels gee om iets te verdien of terug te kry;
- Ek bely dat ek maklik alles wat my oë sien, begeer;
- Ek bely my ingesteldheid op besit (1 Johannes 2:15-17);
- Ek bely elke vriendskap wat ek met bybedoelings en/of uit selfsug aangeknoop het;
- Ek bely dat ek dikwels die "meer as genoeg" wat U my gegee het, ook op mý behoeftes spandeer het en dit nie laat deurvloei het om dit wat U wil doen, te finansier nie;
- Ek bely dat ek dikwels toelaat dat geld en goed my selfbeeld bepaal – hoe ek oor myself dink en voel;
- Ek bely dat ek mense dikwels op grond van hulle besittings beoordeel; Dat ek anders oor ryk mense dink en teenoor hulle optree as teenoor arm mense;
- Ek bely alle kritiek en veroordelende uitsprake oor hoe ander mense hulle finansies hanteer en bestuur. Ek sien maklik die splinter in 'n ander se oog, maar die balk in my eie oog sien ek nie raak nie (Matteus 7:1-5);
- Ek bely dat ek dikwels tyd by die werk steel deur myself met allerhande privaat en ander nuttelose dinge besig te hou;
- Ek bely die gebruik van die werk se telefoon en/of ander gebruiksgoedere vir privaat doeleindes;
- Ek bely die terughou van lone en/of die gesindheid om so min as moontlik so laat as moontlik te betaal.
- Ek bely dat ek altyd onthou wat ander my skuld, maar maklik vergeet wat ek ander skuld;
- Ek bely alle administratiewe chaos ten opsigte van my finansies;
- Ek bely dat ek selde of ooit 'n barmhartige Samaritaan is, wil of selfs kan wees (as gevolg van my eie swak finansiële posisie en my eie swak finansiële dissipline en bestuur);
- Ek bely my diepgewortelde liefde vir geld, al probeer ek dit hoe goed wegsteek;

- Ek bely dat ek die Lotto speel. Ek begeer ander moet alles verloor sodat ek baie kan wen.
- Ek bely dat ek dikwels u voorsiening bevraagteken;
- Ek bely dat ek nie elke keer volop wil bydra vir elke goeie saak nie – dat ek dikwels wil oes sonder om te saai;
- Ek bely dat ek dikwels gee wat ek nie het nie. Ek gee dus eintlik iemand anders se goed (want ek gee op skuld) en nie my eie goed nie;
- Ek bely dat ek maklik omkoopbaar is en selfs soms gewillig is om ander om te koop (natuurlik nie oop en bloot of blatant nie);
- Ek bely dat ek nie altyd weet waar die grens tussen "opgaar om my toekoms te verseker" en "spaar en belê" is nie;
- Ek bely dat ek dikwels kla dat ek swaarkry net om simpatie van ander te kry;
- Ek bely dat ek dikwels my oog op die gawes in plaas van die Gewer hou.

2. Verstaan jy nou hoekom ek en jy soveel waardering, liefde en dankbaarheid teenoor Jesus moet hê?

3. In Christus is ons geseënd – ook op ekonomiese gebied. Waarom beteken dit nie dat ons kan aanhou leef soos ons voorheen geleef het nie? Waarom moet ons voortdurend verander?

4. Het die Heilige Gees jou van iets oortuig wat jy moet bely en ook moet regstel (soos Saggeus in Lukas 19)?

## Gebed:

† Bely alles waarvan die Gees jou oortuig het terwyl jy deur bostaande lys gewerk het.

† Dank die Here dat Hy ook jou sonde op finansiële/ekonomiese gebied vergewe het. Dank Hom dat Hy die vloek van jou ongehoorsaamheid gedra het. Dank Hom dat jy nou aanspraak op die seën kan maak.

† Vra die Here om jou skuldvry te maak en jou finansieel te seën om tot seën vir ander te wees.

† "Here, op grond van my ongehoorsaamheid aan U Woord en wil, verdien ek die vloek. Ek weet ek kan nie al bogenoemde goed altyd 100% reg doen nie. Maar ek glo U het. U het in mý plek 'n vervloekte geword om my van die vloek op my finansies vry te maak. Ek aanvaar in die geloof dat ek nou geseënd is omdat U met my geruil het. Help my asseblief om uit dankbaarheid vir die ruil, die finansiële

seën wat ek van U kry, te gebruik vir die doel waarvoor U my geseën het. **Amen**."

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Rwanda.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Rwanda deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Rwanda.

# Dag 16
# Breek die mag en houvas van geld en besittings

**Lees:** Matteus 6:24; Lukas 16:10-15

Geld het 'n stewiger houvas op ons as wat ons wil erken. Maar dis nie geld self nie. Dis die demoniese mag, die Mammon-gees wat agter geld en besittings wegkruip. Mammon staan teenoor God. Jesus beskryf hom in Lukas 16 as oneerlik. Mammon het al die eienskappe van 'n demoon. Hy kan mense beset, beheer en/of beïnvloed. **Mammon bring mense in 'n korrupte verhouding met geld en besittings**, ongeag hoe min of hoe baie dit is.

Armoede is 'n vloek en kan dus nie met geld gebreek word nie. Geld kan ook nie Mammon se houvas op iemand se lewe breek nie. Maar sy houvas móét gebreek word om uit armoede te kom en 'n goeie rentmeester van geld en besittings te word. Hoe?

1. **Dryf Mammon uit.**
   Finansiële vryheid is onmoontlik wanneer Mammon 'n greep op jou lewe het. Jy kan nie terselfdertyd gebind en vry wees nie. Daarom moet die Mammon-gees eers uitgedryf word. Sy houvas moet gebreek word. Christus moet jou **bevry van Mammon** en die **korrupte verhouding** met geld waartoe Mammon jou verlei. Jesus moet jou in die regte verhouding met geld en besittings bring. Raak eers van Mammon ontslae. Laat die Heilige Gees Mammon se beheer oorneem. Dít is die eerste stap na finansiële vryheid. Ek en jy sal nooit daarin slaag om mense ekonomies te bemagtig solank ons en/of hulle onder die beheer en invloed van Mammon is nie.

- Lukas 16:11-15 - oneerlike Mammon maak jou lief vir geld.
- 1 Timoteus 6:7-10 - geldgierigheid is die wortel van alle kwaad.
- 1 Timoteus 6:17 - Mammon maak mense hooghartig.
  - Mammon skep ŉ vals gevoel van sekuriteit.

2. **Aanvaar dat jy niks besit nie.**
As jy glo geld en goed behoort aan jóú, bemagtig jy geld om jou lewe te beheer. Só word geld en goed jou god. As jy glo en bely dat alles aan die Here behoort en dat jy net ŉ bestuurder (rentmeester) van sý goed is, ontneem jy Mammon die geleentheid om jou lewe deur geld te beheer. Só verswak jy Mammon se greep.

- Psalm 24:1 - alles behoort aan die Here.
- Levitikus 25:23 - grond behoort aan die Here.
- Haggai 2:8 - silwer en goud behoort aan die Here.
- 1 Timoteus 6:7 - jy het niks ingebring en kan niks wegvat nie.

3. **Wees ŉ goeie rentmeester.**
Gebruik wat jy kry vir die doel waarvoor God dit vir jou gee; nie vir dit wat Mammon sê nie. Besluit vooraf wat jy met dit wat jy ontvang, gaan doen. Dan is die versoeking baie kleiner om dit te misbruik. Misbruik is om God se gawes te gebruik soos jý (en Mammon) wil, en nie soos Hý wil nie.

- Efesiërs 2:1-3 - gelei deur die vors van die onsigbare bose magte, die gees wat in ongehoorsame mense werk.
- 1 Johannes 2:15-17 - wêreldse begeertes en ingesteldheid op besit.

4. **Deel jou geld en besittings met ander.**
Die mag van geld word sigbaar in gierigheid. Ek wil dit hê. Dis myne! Dié houvas van Mammon word gebreek wanneer ons vrygewig en mededeelsaam is, in plaas van gierig en selfsugtig.

- 1 Timoteus 6:17-19 - gee weg, wees mededeelsaam.
- 2 Korintiërs 9:6-11 - volg God se voorbeeld.

- Psalm 112:9 - gee mildelik aan armes. Bly vrygewig.
- Spreuke 11:24 - uitdeel en tog meer besit.
- Handelinge 20:35 - gee maak gelukkiger as om te ontvang.

5. **Loof God selfs wanneer jy nie geld het nie.**
Mammon maak ons negatief en swaarmoedig wanneer ons geen of te min geld het. Hy verlei ons om God die skuld vir ons gebrek te gee. Jy kan nie God blameer én Hom terselfdertyd loof, prys en dank nie. Wanneer ek en jy leer om God te loof en prys, ongeag wat ons het, verloor Mammon en geld hulle greep op ons lewe.

- Lukas 18:22-23 - verkoop alles – deel uit - diep bedroef.
- Filippense 4:11-13 - alle omstandighede, oorvloed en gebrek.
- Hebreërs 10:34 - verlies met blymoedigheid aanvaar.
- 1 Tessalonisense 5:16 - wees altyd bly.

6. **Weier om geld as maatstaf te gebruik.**
Moenie mense beoordeel op grond van hoe ryk of arm hulle is nie. As jy status aan mense gee net omdat hulle ryk is, word jy deur Mammon en nie deur die Gees beheer nie. God kies en gebruik dikwels mense wat in die oë van die wêreld niks is nie. Moenie geld toelaat om jou hooghartig en verwaand te maak nie. Geld en besittings is nie ’n waarborg dat iemand se verhouding met God reg of sy karakter goed is nie. Soms is die gesalfde koning in ’n grot (Dawid – 1 Samuel 24) en die een wat God kies om lewens te red, in die tronk (Josef – Genesis 39 en 50:20 en Paulus – Filippense 1:12-13).

- 1 Samuel 16:6-7 - God kyk na die innerlike.
- Lukas 21:1-4 - arm weduwee gooi die meeste in.
- 1 Korintiërs 1:26-29 - God se maatstaf lyk heeltemal anders.
- 1 Timoteus 6:17-20 - waak teen hooghartigheid.
- Spreuke 14:20 - ryk mense het baie vriende.
- Jakobus 5:1-5 - ryk mense kom ook onder die oordeel.

7. **Moenie omkoopgeld betaal of aanvaar nie.**
*"Geld wat stom is, maak reg wat krom is"*, sê die spreekwoord. Wanneer jy omkoopgeld betaal of aanvaar, bring jy 'n vloek oor jouself. Jy bemagtig geld om reg en geregtigheid te verkrag; om jou jóú sin te gee; om onregmatige invloed te kry. Só maak jy dit vir Mammon moontlik om jou in 'n korrupte verhouding met geld gevange te hou.

- ➢ Eksodus 23:6-8 - gebruik geld om die reg te verdraai.
- ➢ Deuteronomium 27:25 - omkoop lei tot vervloeking.
- ➢ Psalm 15:5 - omkoop om die onskuldige te kort te doen.

8. **Fokus op wat jy sonder geld kan doen.**
Geld en besittings is handig. Maar as jy net fokus op wat jy met geld kan doen, versterk jy Mammon se houvas op jou lewe. Dink ook aan alles wat jy sónder geld kan doen. Dit kos niks om te getuig nie. 'n Groot deel van die Koninkryk kan sonder geld kom. Fokus op goed wat God losgemaak het van geld. Die gawes van die Gees kos nie geld nie. Mammon word sonder geld uitgedryf. Jy het nie baie geld nodig om gelukkig en goed te lewe nie.

- ➢ Lukas 9:1-2 - dryf alle duiwels uit en genees siektes.
- ➢ Lukas 12:15 - besittings is nie gelyk aan 'n kwaliteit lewe nie.
- ➢ Handelinge 3:6-7 - nie goud en silwer, nie geld nie – maar genesing.

9. **Vertrou God. Hy sal sorg!**
Om in God te glo en om God te glo, is twee verskillende dinge. Dis nodig om God te glo en Hom te vertrou. Hy wéét wat ons nodig het. Hy verseker ons dat ons belangriker as veldblomme en voëltjies is. As Hy vir hulle sorg, waarom nie vir ons nie? Hy was bereid om met ons te ruil en om ons in Christus **in te sluit.** Daarom sal Hy ons ook gee wat ons elke dag nodig het. Hy sal nie sê ons moet vir daaglikse brood vra, as Hy dit nie wil gee nie. God versorg altyd sy kinders.

- ➢ Psalm 37:25 - nageslag van regverdige soek nie brood.
- ➢ Matteus 6:25-34 - Vader weet. Vader sorg.
- ➢ Romeine 8:31-32 - al die ander dinge saam met Hom.

- Hebreërs 13:5-6 - moenie geldgierig wees nie. Die woord-vir-woord vertaling van Hebreërs gee 'n vyfvoudige versekering dat ons nie (vyf keer nie) bekommerd hoef te wees nie. God sal môre ook daar wees om te sorg. ***"Nie geldgierig die leefstyl terwyl julle tevrede is met wat beskikbaar is. Self Hy het gesê: nie nie jou Ek sal verlaat, ook nie nie nie Ek sal in die steek laat sodat wat moed het ons om te sê: Here vir my Helper, nie ek sal bang wees. Wat kan hy doen aan my mens?"*** (Hebreërs 13:5-6 Interliniêre Bybel - Grieks-Afrikaans - Direkte vertaling)

10. **Ken geld se beperkinge.**
    Mammon plaas mense in 'n korrupte verhouding met geld en besittings. Hy maak geld hulle god. Maar daar is baie wat hierdie geld-god nie kan doen nie. Moenie op hom vertrou nie.

- 1 Timoteus 6:7 - het net tydelike waarde.
- 1 Timoteus 6:17 - bied geen vaste sekerheid.
- Lukas 12:15 - verseker nie 'n kwaliteit lewe nie.
- Prediker 5:9 - versadig nie geld-honger nie.
- Jeremia 9:23-24 - kan nie teen God se oordeel beskerm nie.
- Jakobus 5:1-5 - tydelik en verganklik. Dit vrywaar jou nie van God se oordeel nie.

## Dink na en reageer:

1. Mammon is die bose mag agter geld en besittings. Hy verlei ons om 'n korrupte verhouding met geld en besittings te hê. Voor Mammon nie uitgedryf en ons verhouding met besittings deur Christus herstel en deur die Gees beheer word nie, is meer rykdom gevaarlik. Dit word 'n vloek, nie 'n seën nie.

2. Dis gevaarlik om Mammon 'n plek in jou lewe te gee. Mammon maak die deur oop vir korrupsie en alles wat sleg is. Dit mislei jou om jou geloof prys te gee en sorg dat jy in baie ellende beland (1 Timoteus 6:10). Net soos die duiwel, is bose geeste (Mammon ingesluit) altyd besig om te steel, te slag en te vernietig (Johannes 10:10a). Raak van Mammon ontslae.

3. Dryf Mammon uit. Volg die 4xC-stappe soos op bladsy 36.

**Gebed:**

† Heilige Gees, ek het alle bande met Mammon en sy bose invloed op my, in die Naam van Jesus afgesny. Kom vul my asseblief sodat Mammon nie 'n terugkeer kan maak nie (Lukas 11:24-26). Bring en hou my in die regte verhouding met geld en besittings, want alles behoort aan U. Bewaar en beskerm my teen Mammon, teen al sy leuens en versoekings. Maak my vry van hom sodat ek finansieel vry kan wees. Amen.

† Praat met die Here oor die gevaar dat geld en besittings 'n plek in jou en jou mense se hart kan kry, in plaas daarvan om in julle sak te bly.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Burundi.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Burundi deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Burundi.

# Dag 17
# Bevry van die vloek van bloedsweet!

**Lees:** Genesis 3:17-19 (1953-Afrikaanse Vertaling) en Lukas 22:24

'n Vriend van my sê altyd: *"As jy sweet, is jou 'tools' nie reg nie."* Hy is daarop ingestel om die regte gereedskap vir elke taak te gebruik en altyd te soek na makliker maniere om die werk gedoen te kry. Ek wil dit anders stel: *"As jy sweet, verstaan jy nie die ruil-transaksie nie."*

Ons is al so gewoond aan die vloek, dat ons dink daar is geen alternatief nie. Ons is steeds besig om alles (insluitend grond, water en lug) en almal onder ons te vertrap om 'n bestaan te maak, geld te maak, opgang te maak en vir onsself naam te maak. Ons het *"**in die sweet van jou aangesig**"* tot 'n deug verhef, maar dit is deel van die vloek (Genesis 3:17-19). Ons noem die "deug" *werkolisme!* Ons is trots daarop. Ons probeer onsself terugwerk in die *paradys* in. Ons sê ons doen dit ter wille van ons vroue en kinders, maar baie kom sonder hulle vrou en kinders in die *paradys* aan. Gou begin hulle soek na 'n nuwe of volgende *paradys*, want die eerste een voldoen nie aan hulle verwagtinge nie. Prediker 5:9 gee die rede: ***"Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie."*** Ons kan

ook sê: *Die mens wie se identiteit en selfbeeld van sy werksprestasies afhang, sal nooit ophou sweet nie.*

God het nié aan Abraham belowe dat sy nageslag sal swoeg en sweet om ŉ bestaan te maak nie (Deuteronomium 11:11-12). God se begeerte vir sy volk (die nageslag van Abraham, waarvan ons nou deel is) was om hulle te laat eet sonder dat hulle "gesweet" het. Lees Levitikus 25:18-22. Al sou hulle nie in die sewende jaar plant nie, sou hulle in die negende jaar nog die laaste deel van die opbrengs van die sesde jaar eet. Dis hoe dit is wanneer God jou seën. In Spreuke 10:22 lees ons: ***"The blessing of the Lord brings [true] riches, and He adds no sorrow to it*** [for it comes as a blessing from God] (Amplified Bible). Dink aan alles wat God in die woestyn aan sy volk gegee het, sonder dat hulle daarvoor gewerk het. Dink aan die getuienis van die Psalmdigter: ***"Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite ŉ bestaan te maak. Vir die wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap"*** (Psalm 127:2).

God het die opdrag om te werk reeds vóór die sondeval gegee. Daardie werk was *aanbidding*. (In Hebreeus, die taal waarin die Ou Testament oorspronklik geskryf is, word dieselfde woord vir *werk* en *aanbidding* gebruik.) Werk is om God te verheerlik. Werk was die eerste vorm van aanbidding, musiek en sang het later gekom. Die doel van werk was om namens God oor groter en groter dele van die aarde te heers namate die mense die aarde gevul het. Werk was om God se Koningskap en heerskappy oral op aarde te vestig. Adam en Eva moes nie werk om aan die lewe te bly nie. In die Paradys het God reeds alles voorsien wat hulle nodig gehad het om van te lewe. Om te swoeg en sweet is deel van die vloek as gevolg van Adam se ongehoorsaamheid. En hierdie vloek het Jesus op Homself geneem.

Jesus het God die Vader verheerlik deur die werk wat die Vader Hom gegee het, klaar te maak (Johannes 17:4). Dit was nie 'n maklike opdrag nie. Hy moes Homself as offer gee en in ons plek ŉ vervloekte word (Galasiërs 3:13). Hierdie taak het Hom laat **bloed sweet** (hematidrose is die mediese term – Lukas 22:44). Hy het in ons plek gesweet om ons te verlos van ons stryd om oorlewing en arbeid wat tot niks kom nie. Hy het die vrug en seën op *sý* werk vir ons gegee.

Omdat Hy met ons **geruil** het, is ons werk nou weer lekker, ŉ vorm van aanbidding en ŉ uitdrukking van ons liefde vir mense. Saamgevat in twee uitdrukkings: ***Work is worship! Work is love made visible!*** Ons kan met lus en vreugde werk, sonder om onsself "dood" te werk. Ons hoef nie meer te sweet nie, want Jesus het klaar in ons plek gesweet; bloed

gesweet! Daar is vrug op ons arbeid, nie omdat ons gesweet het nie, maar omdat God die werk van ons hande seën (Deuteronomium 28:8; Psalm 1:3; Spreuke 10:22; Lukas 5:5-7).

## Dink na en reageer:

1. "*As jy 'sweet', verstaan jy nie die ruil-transaksie nie.*" Dink nuut oor werk. *Work is worship! Work is love made visible!* Moet dit nie as 'n vloek en 'n las sien nie. Christus het die vloek reeds gedra.

2. Jy hoef nie te werk om aan die lewe te bly of 'n bestaan te maak nie. God sorg vir jou (Matteus 6:25-34). Werk omdat God jou die opdrag gegee het. Werk omdat: *Work is worship! Work is love made visible!*

3. Het jy al agtergekom dat jy nie gou moeg word as jy iets doen wat vir jou lekker is nie? Rus is nie om niks te doen of lui te wees nie. Rus is om lekker te werk. Om alles wat jy doen vir die Here en tot sy eer te doen. Luiheid is 'n skande en 'n sonde en lei tot armoede wat 'n vloek is.

## Gebed:

† Dank die Here vir die voorreg van werk. Dank die Here dat werk nie meer 'n vloek of 'n straf is nie.
† Bid en vra dat God jou siening van werk radikaal sal verander. Vra dat Hy jou sal leer: *Work is worship! Work is love made visible*!
† Bid vir lui mense, maar ook vir werkoliste.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Uganda.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Uganda deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Uganda.

# Dag 18
# Bevry van die vloek van godsdienstige slawerny!

**Lees:** Matteus 11:25-30; Galasiërs 3:21 tot 4:11

Meeste godsdienste maak van mense slawe. Dit maak mense bang vir hulle gode en die geeste van afgestorwenes. Dié godsdienste word deur vrees gedryf, nie deur liefde nie; deur rituele, nie deur dankbaarheid nie. Daar is lyste en lyste goed wat mense vir hulle god, gode, of voorvadergeeste moet doen. Dit gaan nié oor die goeie goed wat hulle god, gode, of voorvadergeeste vir hulle gedoen het nie. Die mense moet hulleself probeer beskerm deur eindelose rituele. Hulle weet nooit of hulle genoeg gedoen het nie. Daarom bly hulle onseker en leef hulle altyd in vrees vir straf en die dood. Só word mense nog verder belas. Hulle word *slawe van wettiese godsdienstige reëls*. Hulle dagtaak is harde werk, maar so ook hulle godsdiens.

Voor Jesus met ons geruil het, ***"was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls"*** (Galasiërs 4:3). Dit was 'n bitter swaar las en het ons heeltemal uitgeput (vgl. Matteus 11:28-30). In beide hierdie Skrifgedeeltes lees ons ook van die **ruil-transaksie.** Christus was in sy hemelse heerlikheid nie aan die wet onderworpe nie. Maar toe Hy as mens uit 'n vrou gebore is, het Hy Homself vrywillig onder die wet geplaas. Waarom? Sodat Hy ons, wat slawe van wettiese godsdienstige reëls was, kon loskoop en ons kinders van God kon maak. Hy het sy rus vir ons gegee terwyl Hy ons slawejuk op Homself geneem het. Hy het die wet namens ons gehoorsaam. Wat is die gevolg van hierdie **ruil**? ***"Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak"*** (Galasiërs 4:4-7). Ons is vry van die wet. Ons gaan God se rus, sy Koninkryk in deur geloof, nie deur die wet te onderhou nie (Galasiërs 2:16; 3:10-13; Hebreërs 3:18 tot 4:11).

## Dink na en reageer:

1. Aanvaar die ruil wat God jou in Christus aanbied. Indien jy dit nie doen nie, gaan selfs jou godsdiens harde werk bly. Jy gaan probeer om deur "goeie werke" gered en geseën te word. Jy gaan bloed sweet, maar niks daarby baat nie.

2. Christus het ons kom bevry van die slawejuk van godsdienstige reëls en rituele. ***"Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie"*** (Hebreërs 10:18). ***"Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word"*** (Romeine 10:4). Geen harde werk is meer nodig om gered te word nie.

3. ***"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin"*** (Handelinge 16:31). Glo jy dat Hy bereid was, is, en altyd sal wees om met jou te ruil? Glo jy dat God jou in Christus ingesluit het – in sy sterwe en opstanding?

## Gebed:

† Dank die Here vir die rus, die sagte juk en die ligte las wat Hy jou aanbied in ruil vir die swaar las van godsdienstige wette en rituele.

† Bid dat mense tot geloof in Christus sal kom en verlos sal word van tradisionele godsdienstige oortuigings, demoniese verdrukking en die effek van uiteenlopende vloeke.

† Bid dat mense sal ontdek dat hulle in Christus geseënd is. Bid dat hulle nie tevrede sal wees om onder die vloek te bly lewe nie.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Kenia**.
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Kenia deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Kenia.

# Dag 19
# Ons is Geseënd!

**Lees:** Efesiërs 1:3; Galasiërs 3:13-14; Psalm 115:12-13

'n Kurkprop bly nie onder die water nie. As jy dit onder die water wil hou, moet jy dit daar vasmaak. Sodra jy dit los sny, skiet dit onmiddellik op en dryf bo-op die water. Waarom? Die wese van kurk (kurk se "identiteit") maak dit onmoontlik om onder die water te bly. Dieselfde is waar van dié wat deur God se **ruil-transaksie** bevoordeel en in Christus **ingesluit** is. Sodra die vloek in Jesus se Naam gebreek is, skiet die geseënde van die Here na bo! Dit kan nie anders nie. Hy/sy **is** geseënd!

Jy kan **nie** jou verlossing verdien deur die onderhouding van die wet en goeie werke **nie**. Net so kan jy ook **nie** die vloek vryspring en die seën verdien deur die onderhouding van die wet **nie**. **Jy is verlos omdat jy in Jesus Christus glo. Net so is jy ook geseënd omdat jy in Jesus Christus glo** (Galasiërs 3:7-14). Jy is nie na gelang van omstandighede die een dag geseënd en die ander dag weer vervloek nie. Jou identiteit word nie deur jou omstandighede bepaal nie. Paulus noem die gelowiges in Efese ***"heiliges"*** selfs al doen hulle nog sonde. Hy sê hulle is ***"geseën met alle geestelike seëninge in die hemel in Christus"*** (Efesiërs 1:1-3 in die 1953-vertaling) selfs al was sommige van hulle nog slawe (Efesiërs 6:5-9). Die ruil is vir altyd heeltemal afgehandel. Dis onherroeplik! Christus het in jou plek 'n vervloekte geword sodat jy nou eens en vir altyd 'n geseënde kan wees. Hierdie sekerheid staan net so vas op grond van jou **eenheid met Christus** as wat jou sekerheid dat jy die ewige lewe het, vasstaan op grond van jou eenheid met Hom (1 Johannes 5:11-13).

Niemand kan geseënd wees buite Christus nie, al is hy of sy ook hoe ryk, gesond, slim, geleerd en invloedryk volgens die maatstaf van die wêreld. Wie sonder Christus is, is uitgesluit uit die seën wat God in Christus aan gelowiges gee (Johannes 3:16-21; Efesiërs 2:12-13a). Dié wat in Hom is, is geseënd (Matteus 25:34; Efesiërs 1:3).

**Ek herhaal**: Die probleem is dat ons aanspraak maak op die vergewing van ons sonde op grond van Jesus se offer aan die kruis, maar ons maak nie aanspraak op die seën op grond van dieselfde offer nie. Ons stop halfpad! Omdat ons saam met Christus gesterf en opgestaan het, is ons dood vir die sonde (Romeine 6:11). Ons mag nie sonde in ons lewe verdra en verduur nie. Net só moet ons onsself dood reken vir die vloek. Ons kan nie die vloek en die gevolge daarvan in ons lewe verdra en verduur nie. **Wat kenmerkend van die vloek is, moet plek maak vir wat kenmerkend is van die seën.** Indien dit nie gebeur nie, geskied God se wil nog nie hier op aarde soos in die hemel nie. God se seën moet ons lewe aantreklik maak vir mense wie se lewe onder die vloek uitmekaar val. Dít sal maak dat hulle begin vrae vra en luister na die antwoorde wat God se kinders vir hulle gee.

**In Christus ís ons Geseënd!** Dis ons **identiteit.** Ons het deel aan die seën wat God aan Abraham belowe het. Dié **seën** word op verskillende maniere op verskillende plekke in die Ou Testament beskryf. Maar oral is dit baie duidelik, **dis omvattend en alles-insluitend:** leierskap, welvaart, oorvloed en voorspoed, gesondheid, veiligheid en beskerming, vrugbaarheid, oorwinning, geld en reën, ensovoorts (lees Deuteronomium 28:1-14; Psalm 91; Psalm 112). As nageslag van Abraham is ons geseënd!

Glo God as Hy so sê. Wees sy na-prater! Verklaar jou identiteit as geseënde op grond van wat God in sy Woord sê (Galasiërs 3:13-14; Efesiërs 1:3; Matteus 5:3-12 en 25:34). Omstandighede kan nie jou identiteit in Christus verander nie. Jy bly 'n geseënde van die Here, ongeag jou omstandighede!

Moenie die seën met goeie werke en die onderhouding van die wet probeer verdien nie. Moenie dit wat Christus reeds 100% reg gedoen het, probeer beter doen nie. Jy sal dit nie regkry nie. Dit sal tot verdere vervloeking lei (Galasiërs 3:10). Christus het sy lewe lank na die Vader geluister en alles presies gedoen soos die Vader Hom beveel het (Johannes 5:19-20; 12:49-50; 14:24 en 31; 17:4). Hy het nooit gesondig nie (Jesaja 53:9; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 7:26). Hy het die wet vervul deur dit 100% te gehoorsaam. Hy het uit liefde vir jou sý verdienste (die seën) aangebied in ruil vir jóú verdienste (die vloek). Daarom sê God: *"Jy **is** 'n geseënde. Dít **is wie jy is**. Dis jou **identiteit.**"* Jy moet dit in jou hart glo en met jou mond sê. Die Satan sal alles in sy vermoë doen om jou van die teendeel te probeer oortuig. Moenie na hom luister nie. Moenie afleidings uit omstandighede maak nie. As daar sonde is wat jy moet bely, doen dit dadelik. Kyk weer na dié dinge wat 'n deur vir vloeke oopmaak – Dag 10. As daar spesifieke vloeke is wat gebreek moet word, kry hulp en doen dit. Maar hou altyd vas aan jou identiteit as geseënde. In Christus is jy dit reeds.

## Dink na en reageer:

1. Christus het in jou plek 'n vervloekte geword sodat jy nou eens en vir altyd 'n geseënde kan wees. Spreek dit uit! Sê hardop dat jy 'n geseënde is.

2. Wat moet jy doen as jy agterkom dat daar dinge in jou lewe is wat meer op die gevolge van 'n *vloek* dui as op die gevolg van God se *seën*?

3. Wanneer God jou geseënd noem, maar jy ervaar die teenoorgestelde, wie moet jy glo? God of die omstandighede? Wat bepaal jou identiteit?

4. Jy is soos 'n kurkprop wat onder die water vasgemaak was, maar nou los gesny is. Jy is nou met 'n doel bevry van die vloek. Jy is verlos om die Here te dien en geseënd om jou roeping te vervul. Die volgende deel gaan oor ons roeping en taak as Christen-boere (vroue en landbouwerknemers ingesluit).

## Gebed:

- † Dank die Here vir wie jy in Christus is!  Skryf soveel as moontlik Skrifgedeeltes neer.  Memoriseer dit.
- † Bid dat die Here jou, jou familie en jou vriende sal seën.  Bid dit ook vir jou gemeenskap en die boere/plaaswerkers in jou omgewing.
- † Seën landbouleiers.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Somalië.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Somalië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Somalië.

# Dag 20
# Ek is geseënd omdat ek in U is en U in my!

## Gebed:

Jesus Christus, ek dank, loof en prys U dat U gewillig was om die seën op U gehoorsaamheid met my te **ruil** vir die vloek op my ongehoorsaamheid (Galasiërs 3:13-14).  In geloof aanvaar ek hierdie **ruil-transaksie**. Baie dankie, Jesus.  Ek aanvaar in geloof die uitkoms daarvan, net soos ek in die geloof my verlossing aanvaar het.

Ek dank, loof en prys U Vader dat U my in Christus **ingesluit** het.  Ek is geseënd omdat **Christus in my en ek in Hom** is (Johannes 15:4-7;  17:23; Kolossense 1:27).

**Daarom proklameer ek met volle oortuiging dat ek op grond van die ruil-transaksie en my insluiting in Christus, geseënd is**.  In Hom is ek geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is (Efesiërs 1:3).

Vader, sal U asseblief aan my alles gee wat Jesus deur sy volkome gehoorsaamheid verdien het, want Hy het dit aan my gegee in ruil vir die vloek wat ek verdien.  Op grond van die **ruil-transaksie** tussen ons maak ek nou aanspraak op alles wat in Deuteronomium 28:1-14, Psalm 91, Psalm 112 en Johannes 10:10b staan.  Dit is die vrug van Jesus se volledige gehoorsaamheid.  Dit ***is*** U wil vir my.  Ek dank U daarvoor, want

alles wat ek in die Naam van Jesus, in ooreenstemming met sý wil vra, ontvang ek. Ek begeer dat U verheerlik sal word deur die seën en voorspoed wat U deurlopend in my lewe gee (Johannes 15:7-8 en 16)!

Ek verklaar dat ek vry is van die wet en die vloek wat volg op die oortreding van die wet. Niks en niemand kan my meer aankla nie. Al die skuldbewyse is mos deur Christus ongeldig verklaar en vernietig (Kolossense 2:14). U self spreek my vry (Romeine 3:26; 8:33). Satan het niks meer op grond waarvan hy my kan aankla of 'n vloek op my kan afdwing nie. Christus het in my plek 'n vervloekte geword. Ek is nou geseënd. Ek is die nageslag van Abraham en deel in die seën wat U oor hom en sy nageslag uitgespreek het (Genesis 12:1-3; Galasiërs 3:13-15). Ek is geseënd, van nou af tot in ewigheid! Maak my asseblief tot 'n seën vir ander. **AMEN**

## Geloofsverklaring

Ek is geseënd met die vrug op Christus se gehoorsaamheid.
(1 Korintiërs 1:30-31; 2 Korintiërs 5:21)
Ek is geseënd met 'n skoon rekord – daar is geen klagstaat teen my nie.
(Kolossense 2:14 en Romeine 8:33-34)
Ek is geseënd met 'n herstelde verhouding tussen my en God.
(Romeine 5:1)
Ek is geseënd met 'n Advokaat wat nog nooit 'n saak verloor het nie.
(1 Johannes 2:1-2)
Ek is geseënd met 'n Hoëpriester wat voltyds vir my intree.
(Hebreërs 7:24-28)
Ek is geseënd met 'n Hoëpriester wat medelye met my swakhede het.
(Hebreërs 2:17-18; 4:15)
Ek is geseënd om 'n Helper te hê wanneer ek versoek word.
(Hebreërs 2:17-18)
Ek is geseënd met 'n plek in die hemel saam met Christus, hoog bo alle bose magte. (Efesiërs 2:6 en 1:21)
Ek is geseënd met oorwinning oor alle bose en demoniese magte.
(Psalm 91:13; Lukas 9:1; Romeine 8:37; 16:20; Jakobus 4:7; 1 Johannes 4:4)
Ek is geseënd met vrye toegang tot die Vader.
(Efesiërs 2:18; Hebreërs 4:16 en 10:19; 1 Johannes 5:14)
Ek is geseënd met die verhoring van my gebede.
(Numeri 6:23-27; 1 Johannes 5:14)
Ek is geseënd met mag en gesag, outoriteit en krag.
(Lukas 9:1; Handelinge 1:8)
Ek is geseënd met die sleutels van die Koninkryk.
(Matteus 16:19)
Ek is geseënd met goeie gesondheid.
(Jesaja 53:4-5; 1 Petrus 2:24)
Ek is geseënd met vrug op my arbeid.
(Deuteronomium 28:12; Psalm 1:3)

Ek is geseënd, want ek is die kop, nie die stert nie.
(Deuteronomium 28:14)
Ek is geseënd om sonder skuld te wees.
(Deuteronomium 28:12)
Ek is geseënd met genoeg om te gee, uit te leen en te saai.
(Deuteronomium 28:12; 2 Korintiërs 9:8-11)
Ek is geseënd met meer as genoeg; ek is oorlaai met die goeie.
(Deuteronomium 8:6-9; 28:11; Lukas 15:22-24; Johannes 10:10b)
Ek is geseënd met vrede en veiligheid.
(Deuteronomium 28:7; Psalm 91:1-16)
Ek is geseënd met goeie oeste op my lande en baie aanteel van my vee.
(Deuteronomium 28:3-6 en 11-12)
Ek is geseënd met reën op die regte tyd.
(Deuteronomium 11:11-15; 28:12)
Ek is geseënd met Goddelike wysheid en insig.
(1 Korintiërs 2:6-16; Jakobus 1:5)
Ek is geseënd met die Here se permanente teenwoordigheid.
(Matteus 28:20; Lukas 24:50-51)
Ek is geseënd met 'n begeerte om, soos Jesus, die Vader se wil te doen.
(Hebreërs 10:7)
Ek is geseënd met die hulp en kragtige ondersteuning van die Here.
(2 Kronieke 16:9; Markus 16:20; Hebreërs 2:4)
Ek is geseënd met lekker werk.
(Kolossense 3:23-24; Efesiërs 6:7)
Ek is geseënd ten spyte van slegte omstandighede.
(Genesis 39:21; Psalm 91)
Ek is geseënd met vryheid van die wet en vryheid van die vloek op ongehoorsaamheid. (Romeine 9:30 – 10:4; Galasiërs 3:10-13 en 5:1)
Ek is geseënd met die vrug en die gawes van die Heilige Gees.
(Galasiërs 5:22; 1 Korintiërs 12)
Ek is geseënd om saam met Christus 'n erfgenaam van God te wees.
(Romeine 8:17; Galasiërs 4:7)
Ek is geseënd met alles wat ek nodig het om te lewe en God te dien.
(2 Petrus 1:3)
Ek is geseënd met Christus in my!
(Kolossense 1:27)

Ek is geseënd met 'n nuwe **identiteit** in Christus.
Ek is geseënd met 'n volmaakte **verhouding** met die Vader.
Ek is geseënd sodat ek my **roeping en taak** kan uitleef.

Aan Hom wat dit alles vir my gedoen en gegee het, aan God drie-enig my lof, dank en waardering tot in alle ewigheid.

**AMEN**

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Ethiopië.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Ethiopië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Ethiopië.

# Dag 21
# Geseënd met 'n doel

**Lees:** Lukas 9:1-2; Efesiërs 2:8-10

God het Adam en Eva geseën en toe aan hulle 'n opdrag gegee. God se seën het hulle die vermoë gegee om die opdrag uit te voer. Hy het hulle onder andere geseën met die vermoë (gesag) om namens Hom oor die aarde en alles daarop te heers (Genesis 1:26-28; Psalm 8:4-9). God se besluit dat die mens namens Hom oor die aarde moet heers, was só finaal dat Jesus 'n mens (die tweede Adam) moes word om die heerskappy wat die eerste Adam nie uitgeoefen het nie, te kom uitoefen. Hy is die een Hoof onder wie God besluit het om alles te verenig. Alles moet onder Jesus se beheer en bestuur gebring word. God wil dit deur ons doen. Hy werk altyd deur mense.

Toe God Moses geroep het om sy volk uit Egipte te lei, het Hy hom toegerus met **woorde** en met die **vermoë om bonatuurlike dinge te doen**. Om hom te help met die pratery, het God Aäron vir Hom gegee (Eksodus 4:10-16). Maar God het ook vir Moses beveel om wonderwerke te doen. ***"Die Here het vir Moses gesê: 'Wanneer jy teruggaan Egipte toe, moet jy sorg dat jy al die wonderwerke waartoe Ek jou in staat gestel het, voor die farao doen...'"*** (Eksodus 4:21).

Na die kruis en opstanding behoort alle gesag (eksousia) aan Christus (Matteus 28:18). Hy het die bose magte ontwapen en die duiwel vernietig (Kolossense 2:14; Hebreërs 2:14). Hy dra die sleutels van die dood en doderyk (Openbaring 1:18). Met sy hemelvaart het Hy ons geseën met sy permanente teenwoordigheid deur die Heilige Gees (Lukas 24:50; Matteus 28:20; Johannes 16:13-15; Romeine 8:15-17). Die Gees dra sy vrug in ons lewe en bring al die gawes saam met Hom om ons die vermoë te gee om Jesus se bediening voort te sit. Jesus het gesê: ***"Soos die Vader My na die wêreld toe gestuur het, het Ek julle ook na die wêreld toe gestuur"*** (Johannes 17:18).

Christus het niks uit sy eie gedoen nie. Hy is deur die Vader gestuur en het sy opdrag van die Vader gekry. Daarom het Hy net gesê wat Hy die Vader hoor sê het. Hy het net gedoen wat Hy die Vader sien doen het (Johannes 5:19-20; 12:49-50; 14:9-11 en 24). Daarin het sy gesag gelê. Ons is deur Jesus gestuur en het ons opdrag van Hom gekry. Daarom moet ons na Jesus kyk net soos Hy na die Vader wat Hom gestuur het, gekyk het. Wat ons Hom hoor sê, moet ons sê. Wat ons Hom sien doen, moet ons doen. En ons kan, want ons is in Hom en Hy in ons, net soos die Vader in Jesus en Jesus in die Vader is (Johannes 14:11 en Johannes 15:4-8). Daarin lê ons gesag en die vermoë om wonders te doen. Ons doen wat ons Jesus sien doen. Hy het nie net gepraat nie. Hy het baie duiwels uitgedryf en baie siekes gesond gemaak (Handelinge 10:38). In Jesus se tyd is die politieke en godsdienstige stelsels misbruik om mense uit te buit. Jesus het dit ontmasker en stopgesit. Hy het mense verniet genees en sonde sonder betaling vergewe. Hy het duisende mense gevoed met kos wat nie deur die waardeketting al duurder geword het nie.

***"Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê"*** (Johannes 20:30-31; vgl. ook 21:25).

Jesus het ook aan sy dissipels hierdie dubbele opdrag gegee: *Praat en doen bonatuurlike dinge*. Verkondig en demonstreer die Koninkryk. Om dit te kon doen, het Hy aan hulle krag (power = dunamin) en gesag (authority = eksousian) gegee (Lukas 9:1-2). ***"Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het"*** (Markus 16:20; Hebreërs 2:4; Handelinge 1:8). Vir dié doel het Hy ook aan sy kinders die gawes (uitsonderlike vermoëns) van die Gees gegee (1 Korintiërs 12).

Ons het die gesag en die mag ontvang om die krag van die Koninkryk wat ons verkondig, te demonstreer. Net soos in die geval van Jesus se bediening, behoort dit wat ons doen te bevestig wat ons sê. Sonder die demonstrasie van die Koninkryk is die proklamasie van die Koninkryk nie oortuigend nie. Ongelukkig praat ons baie, maar doen min. Ons het gesien wat Hy doen, maar ons is traag om die toerusting wat Hy ons gegee het, te gebruik om dieselfde (en méér – Johannes 14:12-14) te doen. God gaan nie sy opdrag verander om aan te pas by dit waarvoor ons kans sien nie. Ek en jy moet groei in ons geloof en gehoorsaamheid, in ons intimiteit met God, totdat Jesus se bediening in ons bedienings sigbaar word.

## Dink na en reageer:

1. As jy nie die doel van iets verstaan nie, is die kans goed dat jy dit gaan misbruik – vir 'n ander of verkeerde doel. As jy nie weet waarom jy geseënd is nie, kan jy dit maklik misbruik. Hoe?

2. God het jou in Christus geseën met 'n nuwe identiteit. Waarom?

3. Die Vader het Jesus na die wêreld toe gestuur. Daarom het Jesus alles gesê en gedoen wat Hy by sy Vader gehoor en gesien het. Jesus het my en jou na die wêreld toe gestuur. Waarom is dit belangrik dat ons alles sal sê en doen wat ons Jesus hoor sê en sien doen het?

4. Sal jy ooit kan doen wat God sê as jy nie weet wie jy in Christus Jesus is nie? Motiveer jou antwoord.

## Gebed:

† Praat met die Here oor jou roeping en hoe Hy jou daarvoor toegerus het.

† Bid vir die verkondiging van die evangelie in landelike- en boerdery-gemeenskappe dwarsoor Afrika. Bid dat die Here sy kinders sal bemoedig deur hulle getuienis met tekens en wonders te bekragtig.

† Bid dat die bediening in en deur kerke al hoe meer soos Jesus se bediening sal lyk.

**Bid vir Afrika**: Fokus vandag op **Soedan** en **Suid-Soedan**.
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Soedan en Suid-Soedan deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Soedan en Suid-Soedan.

# Dag 22
# Toegerus met mag en gesag

**Lees:** Lukas 9:1-2

Percy het vir sy werkgewer ŉ motorfiets gevra om sy werk te kan doen. Sy werkgewer het die motorfiets gekoop en betaal. Hy het ook seker gemaak die motorfiets is padwaardig en dat brandstof altyd beskikbaar is. Maar Percy het elke dag sy versoek herhaal: *"Gee asseblief vir my ŉ motorfiets om my werk te doen."* Dit maak nie sin nie. Waar lê die probleem? Die werkgewer het rééds sy verantwoordelikheid nagekom, maar Percy was te **bang** om te leer bestuur – hy was **bang** hy val. Hy het nog nie ŉ rybewys gehad nie en was te **bang** om aansoek te doen – hy was **bang** hy slaag nie. En hy was **bang** hy begaan ŉ verkeersoortreding as hy wel ŉ rybewys kry. **Vrees** het gekeer dat Percy, ten spyte van die motorfiets wat hy reeds ontvang het, sý werk doen. Hy het voortgegaan om elke dag te vra wat hy reeds ontvang het. Dis nie die werkgewer wat onwillig was nie, dis Percy wat te **bang** was om te gebruik wat hy rééds ontvang het. Intussen het Percy verwag dat die werkgewer self die aflewerings moet doen. Dis absurd. Tog is dit wat ons as Christene elke dag doen.

God het ons reeds alles gegee wat ons nodig het om sy opdrag uit te voer. Maar ons hou aan bid asof ons nog niks gekry het nie. Ons gebruik nie die gesag en mag wat Hy aan ons gegee het nie. Ons vra Hom om mense gesond te maak, terwyl Hy gesê het ons moet dit doen. Ons vra Hom om mense van die Bose te verlos, terwyl Hy ons die opdrag gegee het om in sy Naam duiwels uit te dryf (Lukas 9:1-2). Ons is geseënd omdat ons in Christus is en Hy in ons. Daarom moet ons die gevolg van die vloek weier en aanspraak maak op die seën. Ons moet weier om soos vervloektes deur die Bose verdruk en geboelie te word, want Christus het reeds ŉ vervloekte in ons plek geword. Ons moet weet wie ons in Christus is en waarop ons geregtig is op grond van die **ruil-transaksie** en ons **insluiting** in Hom. As ons dit nie weet en nie glo nie, as ons nie daarop aanspraak maak nie, gaan die duiwel aanhou om vir ons te lieg. Hy gaan ons intimideer. Hy gaan ons mislei om ons oë te glo, in plaas van die Woord van God. Hy gaan ons in vrees vir die vloek en die gevolge daarvan gevange hou. Ons moet leer om onsself te handhaaf en die duiwel die waarheid vertel. Sê vir hom wie jy is en dat jy ŉ geseënde is. Hou aan om hom met die waarheid te frustreer totdat hy vlug (Jakobus 4:7; vgl. Dag 19). Die duiwel is die vader van die leuen en kan die waarheid nie verdra nie (Johannes 8:44). Die Woord is die waarheid, die swaard van die Gees

(Efesiërs 6:13-17). Met dié swaard het Jesus die duiwel op sy plek gesit sodat hy Hom 'n tyd lank met rus gelaat het (Lukas 4:1-13).

Wanneer gaan ons die verantwoordelikheid wat Hy aan ons gegee het, aanvaar? Wanneer gaan ons ophou om oor die reuse wat ons bedreig te praat, in plaas daarvan om soos Dawid mét die reus te praat (1 Samuel 17:45-47). Wanneer gaan ons in die Naam van Jesus mét die berge (Markus 11:23) en die storms (Markus 4:39-41) en die demone begin praat (Markus 1:25)? Is dit nie ons opdrag nie? Is dit nie waarvoor Hy ons toegerus het nie? Is dit nie waarom Hy die **ruil-transaksie** met ons aangegaan het en ons in Hom **ingesluit** het nie? Is dit nie waarom Hy ons geseën het nie? Is ons nie geseënd om weer namens Hom op aarde te regeer en die bose se grondgebied af te neem nie? Moet ons nie die mag en gesag wat Hy ons gegee het, gebruik om met Hom saam te werk om alles onder een Hoof te verenig nie?

## Dink na en reageer:

1. Die duiwel gee nie om as ons aanhou vra dat die Here aan ons mag en gesag moet gee nie, solank ons net nie die mag en gesag gebruik wat Hy reeds aan ons gegee het nie. Wat dink jy?

2. Hoe meer ons as Christene die mag en gesag wat God aan ons gegee het, begin gebruik, hoe vinniger gaan die Koninkryk van God kom. Hoe meer Christene God se mag en gesag as konings begin uitoefen, hoe meer gaan die koninkryk van duisternis die knie móét buig - totdat dit finaal deur die Koninkryk van God vernietig word (Daniël 2:44-45). Stem jy saam?

3. Wat verhinder jou om met die mag en gesag wat Christus jou gegee het, te leef en te boer?

## Gebed:

† Dank die Here dat Hy ons met alles geseën en toegerus het om ons roeping en taak uit te voer.

† Bid dat Christene dit al hoe meer sal "waag" om hulle outoriteit en mag te gebruik om die werk van die duiwel te vernietig (1 Johannes 3:8).

† Bid dat Christene die Woord sal ken, die Waarheid sal liefhê en die swaard van die Gees sal gebruik in elke geestelike geveg.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op die **Sentraal-Afrikaanse Republiek.** Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in die SAR deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in die SAR.

# DEEL 4
## Roepingsvervulling

Dawid het gebid: ***"Weerhou my van 'n nuttelose lewe, laat my leef op die weg wat U aanwys"*** (Psalm 119:37). ***"Turn my eyes away from vanity*** [all those worldly, meaningless things that distract – let Your priorities be mine]**,** ***and restore me*** [with renewed energy] ***in Your ways*** (Psalm 119:37 - AMP)**.**

Jesus het aan die einde van sy lewe gesê: ***"Ek het U*** (die Vader) ***verheerlik deur die werk te volbring*** (volledig klaar te maak) ***wat U My gegee het om te doen"*** (Johannes 17:4).

Paulus skryf dat God wil hê ons lewe moet gefokus wees op die doel waarvoor Hy ons geskep het. ***"... God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het"*** (Efesiërs 2:10).

Ek en jy is gered en geseën om ons roeping te vervul. Daarom moet ons uitvind wat God se roeping vir ons is. Ek het een begeerte, en dit is om eendag uit die mond van my Here te hoor: ***"Mooi so!"*** (Matteus 25:21).

God se roeping is nie beperk tot leraars, pastore, dominees, priesters en sendelinge nie. God roep ook boere! God roep al sy kinders, ongeag watter beroep hulle beoefen of watter werk hulle doen; ongeag hoe oud hulle is, watter posisie hulle in die samelewing beklee of hoe lank hulle Hom reeds dien.

God roep jou!

# Dag 23
# Jou primêre roeping: Aanvaar die versoening wat God in Christus vir jou gee

**Lees:** 2 Korintiërs 5:17-21

Jy word geroep, gevra, uitgenooi, gesmeek én beveel om die versoening met God, wat Hy in Christus Jesus bewerk het, te aanvaar (2 Korintiërs 5:20-21; Handelinge 2:37-40; 16:29-31; 17:30-31; 1 Johannes 3:23 en 5:11-13). Jy word geroep om in Jesus te glo. As jy nie in Hom glo nie, bly jy veroordeel en verlore, al is jy ook een van die beste boere in die land (Johannes 3:18; Romeine 3:21-26). Maar as jy in Jesus glo, kry jy 'n nuwe identiteit. Jy is 'n nuwe skepping, 'n nuwe mens (2 Korintiërs 5:17). Gered en geroep met 'n doel!

Onthou, jy is éérs 'n Christen, dan 'n boer. Jou **identiteit as Christen** is primêr en onveranderlik. Jy is 'n kind van God. (Vgl. Johannes 10:27-30; 1 Johannes 5:11-13; Efesiërs 1:13-14). Jou **identiteit as boer** is sekondêr en kan verander. Jy kan ophou boer en iets anders gaan doen. Jou sekondêre identiteit beskryf wát jy doen en nie wie jy is nie.

Daarom gee ons eers aandag aan 'n paar aspekte van jou roeping as Christen. Daarna praat ons oor jou roeping om te boer. Beide is belangrik.

1. **Jy is geroep om 'n <u>verhouding met Jesus Christus</u> te hê!** Net soos elke ander Christen, het God jóú ook uit die koninkryk van Duisternis geruk en jou onder die heerskappy van sy geliefde Seun, Jesus Christus geplaas (Kolossense 1:13; Efesiërs 1:10). Daarom is jy eerstens geroep om 'n verhouding met Hom te hê. God moet jou eerste liefde en hoogste prioriteit wees (Deuteronomium 6:4; Psalm 73:25)! Jesus sê: ***"Julle moet in My bly en Ek in julle"*** (Johannes 15:4 en vgl. Kolossense 1:27; 2:6-12). Jy is dus eerstens geroep om 'n persoonlike, intieme verhouding met God te hê (Matteus 22:37-38).

2. **Jy is geroep om 'n <u>volgeling</u> (dissipel) van Jesus te wees.** Dit beteken jy moet in sy voetspore loop. Hy loop voor en jy volg. Hy bepaal die koers en rigting. Hy bepaal jou agenda en daaglikse prioriteite. Dit beteken jy moet elke dag bereid wees om jou *"**ék** wil, **ék** dink, **ék** voel-houding"* (die eie ek) prys te gee (af te sterf) om plek te

maak vir Christus se heerskappy oor jou wil, denke en emosies (Matteus 16:24-26). Hy het selfs die sê oor jou liggaam (Romeine 6:13; 1 Korintiërs 6:19-20). Daar kan net één in beheer van jou lewe wees. Dis jý of Hý! Altwee kan nie die finale sê hê nie. Daarom gee Hy jou 'n onverdeelde hart (Jeremia 32:39).

3. **Jy is geroep vir <u>voltydse</u> diens!** Net soos alle ander Christene is jy geroep om voltyds vir die Here te werk, ongeag jou beroep (1 Korintiërs 10:31; Kolossense 3:22-4:1). Daar bestaan nie iets soos deeltydse Christene nie. Om 'n Christen te wees, is 'n **24/7-roeping**! 'n Roeping wat jy met jou hele hart, hele siel, al jou krag en met jou hele verstand moet uitleef (Lukas 10:27). Dis 'n leuen dat slegs predikante, pastore en sendelinge vir voltydse diens geroep is. Alle Christene is burgers van die Koninkryk en is geroep om *voltyds in diens van die Koning* te wees. Hulle dien die Koning net op verskillende terreine in sy Koninkryk.

4. **Jy is geroep om 'n <u>dissipel te wees</u> en <u>dissipels te maak</u>.** Alle Christene is geroep om dissipels te maak daar waar hulle woon en werk. Dis God se wil dat die Evangelie nie net aan Christene wat op Sondae bymekaarkom, verkondig moet word nie. Mense wat nog nooit hulle voet in 'n kerk gesit het nie, moet die Goeie Nuus in hulle werkplek hoor. Dit staan bekend as *"marketplace ministry."* Dis wat elke Christen buite die mure van 'n kerkgebou moet doen. Doop mense en leer hulle om Jesus te gehoorsaam (Matteus 28:20). Dit is waarvoor God jóú geroep het.

5. **Jy is geroep om die <u>Koninkryk te soek.</u>** ***"Beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en die wil van God..."*** (Matteus 6:33). Die Koninkryk is groter en meer omvattend as die kerk. Die Kerk is ook deel van die Koninkryk. In kort kan ons sê dat dit in die Koninkryk oor ten minste nege dinge gaan:
   - 5.1 Die <u>Koning</u>;
   - 5.2 <u>Gehoorsaamheid</u> aan die wil van die Koning;
   - 5.3 Die <u>oorwinning</u> van die Koning oor die bose;
   - 5.4 Die <u>herstel</u> wat in die Koninkryk plaasvind;
   - 5.5 In die Koninkryk gaan dit oor <u>reg en geregtigheid</u>.
   - 5.6 Die onstuitbare <u>groei</u> van die Koninkryk;
   - 5.7 Die Koninkryk is 'n <u>gawe en 'n opdrag</u>;
   - 5.8 Die Koninkryk is <u>natuurlik en bo-natuurlik</u>;
   - 5.9 Die sekerheid dat die <u>Koning weer kom</u>.

   In Dag 24-26 brei ons hierop uit.

## Dink na en reageer:

1. Jy is geroep om ŉ dissipel te wees en dissipels te maak! ***Dissipelskap kan in drie woorde opgesom word: Oorgee, Omgee, Aangee:***

   ***OORGEE aan God*** = Om in Hom as Verlosser en Koning te glo en jou lewe in gehoorsaamheid aan Hom oor te gee.

   ***OMGEE vir mense*** = Om mense se geestelike en fisiese nood raak te sien en iets daadwerklik te doen om dié nood te verlig.

   ***AANGEE*** = Om Jesus en sy Woord met ander te deel sodat hulle dissipels kan word wat oorgee, omgee en aangee.

2. Besef jy dat jý ook ŉ voltydse roeping het?

## Gebed:

† Dank die HERE vir die voorreg om voltyds in sý diens te wees.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Gaboen.** Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Gaboen deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Gaboen.

# Dag 24
# Jou primêre roeping: Maak die Koninkryk jou hoogste prioriteit (1)

**Lees:** Matteus 6:9-10 en 33

Baie Christene gebruik die term "Koninkryk" sonder om te verstaan wat dit presies beteken. Lees die 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou (2013): ***Die Koninkryk kom in die Landbou.***[2] Die Koninkryk is ŉ omvattende saak wat moeilik is om te verduidelik, maar die volgende is seker:

1. In die Koninkryk gaan dit oor die **Koning**. Sy karakter-eienskappe en vermoë vereis dat Hy altyd, oral, deur alles en almal geloof, geprys

---

[2] Besoek www.amosafrica.net. Jy kan dit gratis van Amos Agrimin se webblad aflaai.

en aanbid moet word. Dan word iets van die Koninkryk van die Hemel reeds hier op aarde sigbaar (Psalm 148; Openbaring 4).

*Buig in aanbidding voor die Koning – soos in die hemel!*

2. In die Koninkryk gaan dit oor die **wil van die Koning**. Sy wil **móét gehoorsaam word**. Die Grondwet van die Koninkryk is liefde. Dit word deur die lewe van die Koning gedemonstreer (Johannes 13:1 en 1 Johannes 3:16). Die burgers van die Koninkryk moet aan hulleself sterf. Hulle moet die Koning toelaat om sý lewe van volkome gehoorsaamheid aan die Vader, deur hulle uit te leef (Galasiërs 2:19-20). Waar dit gebeur, word iets van die Koninkryk van die Hemel reeds hier op aarde sigbaar (Johannes 14:31 en 1 Johannes 5:3-5).

*Doen die wil van die Koning – soos in die hemel!*

3. In die Koninkryk word die **oorwinning van die Koning oor die bose** sigbaar. Jesus se oorwinning word sigbaar in die uitdryf van duiwels (Markus 1:23-27 en 32-34). Hy het gekom om die duiwel en sy werk te vernietig. Dié taak het Hy perfek uitgevoer - presies soos die Vader gesê het (Johannes 10:10; 12:49; 14:9-10; 14:31; 17:4; Hebreërs 2:14; 1Johannes 3:8; Openbaring 1:17-18). Sy opstanding maak sy oorwinning nóg duideliker. God het Hom uit die dood opgewek en aan Hom die hoogste posisie moontlik gegee: Hy sit aan God se regterhand, ***"... hoog bo alle bose magte en enige ander vorm van gesag waarvan daar sprake mag wees - nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom"*** (Efesiërs 1:21; Filippense 2:5-8; Efesiërs 1:20-22; Kolossense 2:10). Aan Hom is alle mag en gesag gegee (Matteus 28:18; Openbaring 5:5). Hy deel sy mag en gesag met ons sodat ons sý Koninkryk kan verkondig en sý oorwinning kan demonstreer (Lukas 9:1-2).

*Gaan verkondig en demonstreer die oorwinning van die Koning.*

4. In die Koninkryk gaan dit oor die **herstel wat die Koning bring**. Jesus het ons verhouding met die Vader volkome herstel en vrede tussen ons en God gebring. Hy het sy volmaakte verhouding met die Vader vir ons as geskenk gegee (Romeine 5:1; 1 Korintiërs 1:30). Maar Hy het ook die verhouding tussen God en die skepping herstel (Kolossense 1:19-20). Waar die Koninkryk kom, word mens en natuur herstel in ooreenstemming met God se oorspronklike bedoeling. Die mag wat Adam deur sy ongehoorsaamheid aan Satan oorgegee het

(Lukas 4:6), het Jesus weer van Satan afgevat en aan ons teruggegee. Ons kán en móét weer heers (Genesis 1:28; Psalm 8:4-9; Lukas 9:1-2).

Herstel is eie aan die Koninkryk van God. Dié herstel kom deur bonatuurlike tekens, wonders en genesings, maar óók deur gehoorsaamheid aan die wil van die Koning (onthou punt 2). Die Koninkryk kom wanneer iemand tot bekering kom; wanneer ’n huwelik herstel of ’n pa en seun mekaar vind; wanneer ’n werkgewer en werknemer mekaar vergewe en vir mekaar bid; wanneer goeie bestuur daartoe lei dat ’n vertrapte stuk grond weer toegroei met gras; wanneer grond volhoubaar en verantwoordelik benut word; wanneer goeie rentmeesterskap die herstel van ekosisteme tot gevolg het; wanneer ’n siek mens of dier gesond word; wanneer jy opstaan nadat jy geval het, ongeag of dit uit sonde, teleurstelling of ’n finansiële terugslag is (Spreuke 24:16; Psalm 145:14). Wanneer die HERE jou trane in lag verander; jou rouklere uittrek en vir jou feesklere aantrek; en die vloek in ’n seën verander, het herstel plaasgevind (Psalm 30:6, asook vers 12-13; Deuteronomium 28). Herstel vind veral plaas wanneer ek en jy die Koning begin gehoorsaam. Wanneer ons sy wil op aarde begin doen soos wat dit reeds in die hemel gedoen word, breek die hemel op aarde deur.

*Werk met God saam om alles te herstel en in lyn te bring met sy oorspronklike bedoeling.*

5. In die Koninkryk gaan dit oor **reg en geregtigheid**. Die troon van die Koning is op reg en geregtigheid gevestig (Psalm 97:2). Dis die fondasie van die Koning se regering. Jesaja en Jeremia het voorspel dat Jesus sy Koninkryk gaan vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid (Jesaja 9:6; vgl. Jeremia 33:15-16; ). Reg en geregtigheid is God se hartsbegeerte. Dit kenmerk sy optrede (Psalm 37:28; Jeremia 9:24; Romeine 3:26; Openbaring 15:3-4). Omdat Jesus die geregtigheid wat Hy deur sy volkome gehoorsaamheid aan die Vader verkry het as geskenk aan ons gee, verklaar God ons regverdig. Daarom verwag die Koning van al die burgers in sy Koninkryk om reg te laat geskied teenoor alle mense en geregtigheid na te jaag (Jesaja 1:10-17; 58:6-10; Jeremia 9:24; Amos 5:24; Miga 6:7-9; Matteus 6:33).

*Aanvaar Christus se geregtigheid wat God jou aanbied. Doen reg aan ander. Beveg alle vorme van onreg.*

6. Die Koninkryk bly **groei**. Die Ou Testament voorspel dat die Koninkryk van God sal aanhou groei en dat niks en niemand dit sal

kan keer of stuit nie (Jesaja 9:6; Esegiël 47:1-12; Daniël 2:35 en 44; 6:27-28). God het **’n onomkeerbare proses** begin om alles in die hemel en op aarde onder een hoof, naamlik Christus, te verenig (Efesiërs 1:10). Dit word bevestig deur die gelykenis van die mosterdsaadjie en verskeie ander Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament (Markus 4:30-32; 1 Korintiërs 15:24-28; Openbaring 11:15). Die Koninkryk van God gaan die hele aarde vul (Daniël 2:35; Habakuk 2:14). Dit gaan die enigste Koninkryk wees wat vir altyd bestaan (Daniël 2:44; Filippense 2:9-11). Babilon gaan val (Openbaring 17:12-14 en Openbaring 18). Dit motiveer ons om te bid vir die koms van die Koninkryk en om ons daarvoor te beywer.

*Hou op vrees en bang wees. Die Koninkryk kom. Raak deel daarvan!*

## Dink na en reageer:

1. Wat maak die Koninkryk vir jóú aantreklik? Wat maak jou lus vir hierdie Koninkryk?

2. Begeer jy dat die Koninkryk op aarde moet kom soos in die hemel? Hoe sal ander mense dit weet?

3. Watter onreg vind in die landbou en voedsel-waardekettings plaas? Hoe kan en moet Koninkryk-boere help om dié onreg tot ’n einde te bring sodat reg en geregtigheid al meer sigbaar word?

4. Hoe lyk ’n hemel-op-aarde-boerdery? Is dit moontlik?

## Gebed:

† Aanbid die Koning van die Koninkryk. Loof en prys Hom.
† Bid vir die koms van die Koninkryk in primêre en sekondêre landbou.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Ekwatoriaal-Guinee.** Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Ekwatoriaal-Guinee deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God’s Way*** oor landbou in Ekwatoriaal-Guinee.

# Dag 25
# Jou primêre roeping: Maak die Koninkryk jou hoogste prioriteit (2)

**Lees:** Matteus 6:9-10 en 33

Die Koninkryk is 'n omvattende saak. Dis moeilik om te verduidelik, maar die volgende is seker (vervolg):

7. Die **Koninkryk van God is 'n gawe en 'n opdrag.** Die Koninkryk kom in antwoord op gebed. Daarom word ons geleer om te bid: ***"Laat u Naam geheilig word; laat u Koninkryk kom; laat u wil geskied ..."*** (Matteus 6:9-10). Die Koninkryk is soos 'n skat wat ons skielik ontdek (Matteus 13:44-46). Dis 'n geskenk van die Koning van die Koninkryk. Die Koninkryk is nie die gevolg van menslike prestasie nie. Die Koning beveel ons om sy Koninkryk te soek, maar ook om ons voortdurend daarvoor te beywer. Ons moet die Koninkryk verkondig en dit demonstreer (Matteus 6:33; Lukas 9:1-2). Dáárom het Jesus aan ons (sy liggaam,) mag en gesag gegee. Hy het ons toegerus met die krag én die gawes van die Heilige Gees om sy medewerkers te wees (Johannes 15:4-5; Handelinge 1:8; 1 Korintiërs 12 tot 14) en om sý heerskappy op aarde uit te brei. Ons moet sý invloed groter maak en die grondgebied van die Koninkryk uitbrei – totdat dit die hele aarde vul. Dit is 'n proses.

*Omhels, verkondig en demonstreer die Koninkryk!*

8. Die **Koninkryk is bo-natuurlik**. Jesus se aardse lewe demonstreer die hemelse werklikheid. Met sy koms en bediening het die hemel na die aarde gekom (Johannes 1:1-18); sy hemelse heerlikheid het op aarde sigbaar geword. Jesus het die Vader se hart aan ons kom openbaar. Die Vader wil alles op aarde in lyn bring met hoe dit reeds in die hemel lyk. Jesus het aan ons kom verkondig én demonstreer wat Vader se wil is: Hemel op aarde! Die grens tussen hemel en aarde het vaag geword. In Jesus het die skeiding tussen die natuurlike en die bo-natuurlike 'n dowwe stippellyn geword. Jesus het die Vader en sy hemelse heerlikheid op aarde kom sigbaar maak (Johannes 1:14-18; 14:9-11)! Siekes is sonder medisyne, dokters of geld genees. Dit is hemelse gesondheid op aarde (Lukas 8:43-48)! Twaalf mandjies brood en vis het oorgebly nadat vyf broodjies en twee vissies aan 5000 manne (én vroue en kinders) gegee is. Dit is hemelse

oorvloed op aarde (Lukas 9:10-17)! Demone is uitgedryf en die duiwel se verdrukking van mense is beëindig. Dit is hemelse oorwinning en vryheid op aarde (Markus 1:23-27 en Handelinge 10:38)! Gierige, ryk tollenaars het viervoudig terug gegee wat hulle van arm mense afgepers het. Dit is 'n hemelse nekslag vir die Mammon-gees op aarde (Lukas 19:1-10)! Die Vader se hart vir mense in nood word op aarde sigbaar (Psalm 146:6-9)! Jesus en Petrus het op die water geloop. Dooies is opgewek – selfs die wat vier dae of langer al dood was (Johannes 11:17, 39-44 en Matteus 27:50-53). Belasting-geld is uit 'n vis se bek gehaal. Jesus het nog baie meer tekens en wonders gedoen as wat in die Bybel beskryf is (Johannes 20:30 en 21:25). Dit is duidelik dat die Koninkryk wat Jesus gebring het, bo-natuurlik is. Daarom het Hy ons beveel om die Koninkryk ook op 'n bo-natuurlike manier te gaan verkondig en vestig (Lukas 9:1-2; Johannes 14:12-14 en Markus 11:22-24).

*Glo dat God sy Koninkryk ook op bo-natuurlike maniere laat kom. Wees beskikbaar. Hy wil deur jou doen wat menslik onmoontlik is – net soos Hy in en deur Maria gedoen het* (Lukas 1:38).

9. Burgers van die Koninkryk het 'n **vaste sekerheid en verwagting dat die Koning weer kom**. Dit kan enige oomblik gebeur. Op dié dag sal die Koning die Bose finaal vernietig met die asem uit sy mond en die glans van sy verskyning (2 Tessalonisense 2:8b). Almal wat in Christus gesterf het, sal uit die dood opstaan (1 Korintiërs 15:21-23; Openbaring 20:11-15). Die ganse skepping sal vrygemaak word om te pas by die heerlikheid en vryheid van God se kinders (Romeine 8:21). Die nuwe hemel en nuwe aarde sal kom en die woonplek van God sal by die mense wees (Openbaring 21:1-5). Dan sal die groot bruilofsfees aanbreek en die bruid (Kerk = gelowiges) sonder enige sonde of ongeregtigheid (Judas 24 en 1 Tessalonisense 5:23-24) haar Bruidegom (Jesus) ontmoet. Dít is die dag waarop ons as gelowiges volkome verlos word en ons volle erfenis ontvang (Efesiërs 1:14 en Romeine 8:17). Dié dag wanneer God die finale oordeel oor Satan en sy bose magte voltrek (Openbaring 20:10). Dié dag wat daar niks meer sal wees wat deur God vervloek is nie (Openbaring 22:3a). Burgers van die Koninkryk leef in toewyding aan die Koning as gevolg van die verwagting dat Hy weer gaan kom (2 Petrus 3:1-18). Die toekomstige werklikheid (wanneer die Koning kom!) beïnvloed ons huidige werklikheid (ons maak onsself gereed vir sy koms).

*Doen alles wat nodig is om jou voor te berei op die koms van die Koning.*

## Dink na en reageer:

1. Dink aan al die tekens en wonders wat God gedoen het toe Hy Israel uit Egipte verlos en in die Beloofde Land (Koninkryk) gevestig het. Dink aan die tekens en wonders wat Jesus gedoen het toe Hy God se Koninkryk verkondig en op aarde kom vestig het. Dit is tyd dat ons ruimte maak in ons denke en ons beplanning vir God om bo-natuurlike dinge te doen.

2. Géén tekens, wonders en kragtige dade = géén Koninkryk! Die Koninkryk is óók bo-natuurlik.

3. Wie nie ruimte laat vir die bo-natuurlike aard van die Koninkryk nie, water die Koninkryk af tot natuurlike dinge en tot alles wat menslik moontlik en verstaanbaar is. Maar die Koninkryk is méér dit!

**Gebed:**

† Heilige Gees, gee asseblief vir my 'n brandende begeerte na u Koninkryk. Vader, gee my asseblief insig in u Koninkryk en leer my wat dit alles behels. Maak u Koninkryk vir my só aantreklik dat ek bereid sal wees om dit my hoogste prioriteit te maak. Amen

† Bid spesifiek vir die koms van die Koninkryk in die platteland en die landbougemeenskap.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Kameroen.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Kameroen deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Kameroen.

# Dag 26
# Jou primêre roeping: Maak die Koninkryk jou hoogste prioriteit (3)

**Lees:** Matteus 6:9-10 en 33

In kort kan ons sê dat dit in die Koninkryk oor ten minste nege dinge gaan:

1 Die <u>Koning</u>;
2 <u>Gehoorsaamheid</u> aan die wil van die Koning;

3 Die oorwinning van die Koning oor die bose;
4 Die herstel wat in die Koninkryk plaasvind;
5 Reg en geregtigheid;
6 Die onstuitbare groei van die Koninkryk;
7 Die Koninkryk is ŉ gawe en ŉ opdrag;
8 Die Koninkryk is natuurlik en bo-natuurlik;
9 Die sekerheid dat die Koning weer kom.

**Hierdie Koninkryk van God kan net op God se manier (*God's Way*) gebou word:**[3]

i. *God's Way* is deur die Heilige Gees;
ii. *God's Way* is só radikaal anders, dit klink na nonsens;
iii. *God's Way* is om deur mense te werk;
iv. *God's Way* is om in antwoord op ons gebede te werk;
v. *God's Way* is eenheid en samewerking;
vi. *God's Way* is oop hande;
vii. *God's Way* is om te dien;
viii. *God's Way* is prosesse;
ix. *God's Way* is om die wortel van ŉ probleem aan te spreek;
x. *God's Way* is om geloof te eer *(to honor faith)*;
xi. *God's Way* is om met gesag te praat. Wat Hy sê, gebeur.

***You can only build God's Kingdom God's Way.***

Elke burger van die Koninkryk (Filippense 3:20) moet al bogenoemde *God's Way*-kenmerke in ag neem om met Jesus saam te werk om die werk van die duiwel te vernietig, die koninkryk van duisternis te oorwin (1 Johannes 3:8) en die wil van God te vestig. Hy het ons die gesag en mag gegee (outoriteit en krag) om sý bediening op sý manier voort te sit (Lukas 9:1-2; Matteus 28:18-20).

Die duiwel het gekom om te steel, te slag en uit te roei (Johannes 10:10a). "Steel, slag en uitroei" word sigbaar op baie terreine: afgodery; moord en aborsie; lieg en bedrieg; onreg en diskriminasie; gierigheid, uitbuiting en korrupsie; pornografie en prostitusie; egbreek en gesinsverbrokkeling; swak dienslewering en patetiese vakmanskap; honger, dors, naaktheid en ŉ gebrek aan alles (Deuteronomium 28:48 – dit is armoede); siekte, peste en plae; die vernietiging van die natuur; die produksie en vervaardiging van minderwaardige voedsel en ongesonde kos; die misbruik van mag, tegnologie, kennis, chemiese stowwe; ens.

---

[3] In die 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou (2018): ***Living and Farming God's Way***, word die eerste tien God's Way-kenmerke bespreek. Vir jou gratis kopie, besoek www.amosafrica.net

Die roeping van die boer (en alle Christene) is om met Jesus saam te werk om die werk van die duiwel te vernietig (1 Johannes 3:8). Alles wat nie soos in die hemel lyk nie, moet stukkie vir stukkie vervang word met "soos in die hemel" (Lukas 4:18-19; Jesaja 58:6-10 en 61:1-2).

Elke opdrag in die Woord wat aan Christene gegee is, is ook aan jou as Christen-boer gegee. Die eerste roeping van die Christen-boer is dieselfde as enige ander Christen sin. Dis net die plek waar jy jou roeping uitleef wat verskil.

## Dink na en reageer:

1. Watter een van die *God's Way*-kenmerke het jou die meeste getref? Waarom?

2. Kan ons na aanleiding van die 11de *God's Way*-kenmerk sê: *Die Koninkryk kom wanneer ons namens die Koning met gesag proklameer (sê) wat die Koning wil hê moet gebeur.* Lees Markus 11:22-24.

## Gebed:

† Heilige Gees, gee my asseblief 'n brandende begeerte na die Koninkryk. Leer my om nie die Koninkryk "*my way*" te probeer bou nie, maar *God's Way*. Vader, dankie vir die sekerheid dat u Koninkryk dag vir dag besig is om te kom. Dankie dat dit binnekort die enigste Koninkryk op aarde gaan wees en dat U vir ewig daaroor sal regeer. Inspireer en motiveer my om u Koninkryk daagliks my hoogste prioriteit te maak.

† Praat met die Here oor die verskillende *God's Way*-kenmerke, want "***we can only build God's Kingdom God's Way.***"

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Nigerië**.
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Nigerië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Nigerië.

# Dag 27
# Jou sekondêre roeping: Boer met 'n passie!

**Lees:** Matteus 22:34-40 en Jesaja 28:23-29

Ek glo die eerste en die grootste gebod gaan oor my en jou primêre roeping. Die tweede gebod, wat net so belangrik soos die eerste is, gaan oor ons sekondêre roeping. Daarom is ons sekondêre roeping (om te boer) net so belangrik soos ons primêre roeping.

Eendag het 'n vrou voor my in die tou by 'n winkel gestaan. Agter op haar swart T-hemp het die volgende in groot helder geel woorde gestaan: ***"Work is love made visible!"*** Hierdie waarheid is onmiddellik deur die Gees in my hart ingegraveer. Ek is al jare oortuig ***"Work is worship!"*** Die woord wat in Genesis vir "werk" gebruik word, is dieselfde as die woord wat vir "aanbidding" gebruik word. ***Work is love made visible*** het daardie dag langs ***Work is worship*** in my hart kom lê. Dit bind ons primêre (eerste) en sekondêre (tweede) roeping netjies aan mekaar. Ons liefde vir God en vir ons naaste word sigbaar in die kwaliteit werk, produk en diens wat ons aan ander mense lewer.

Dit is binne die intieme verhouding met God dat ons leer om ons sekondêre roeping uit te leef. God leer ons om die regte ding, op die regte tyd, op die regte manier te doen (Jesaja 28:23-29).

Anders gestel: As jy nie **"JA"** geantwoord het op jou primêre roeping nie, kan jy al die mooi en regte goed doen wat Koninkryk-boere doen, maar dit sal jou nie 'n Koninkryk-boer maak nie. Goeie werke kan jou nie red nie. Net so maak goeie, verantwoordelike en volhoubare boerdery-metodes jou nie 'n Koninkryk-boer nie. Wie die Koning ignoreer en alleen op boerderypraktyke fokus, is besig met wettiese werke. God waarsku ons in sy Woord: As jy een fout maak, is jy terug onder die vloek (Romeine 9:30 - 10:4; Galasiërs 2:16 en 3:10-14; Jakobus 2:10-11). Jy word nie 'n Koninkryk-boer op grond van wat jy doen nie. God maak jou 'n Koninkryk-boer wanneer jy in Jesus Christus glo. Dan moet jy jou deur God laat leer hoe om te boer. Dit is dus duidelik: Deur geloof in Christus word jy in 'n oomblik 'n boer in God se Koninkryk. Maar om te leer hoe om Koninkryk-beginsels in die landbou toe te pas moet jy daagliks aan die voete van die Here sit. Hy sal jou leer. Wees versigtig om nie tuis te raak in die geselskap van goddelose "kundiges" nie (Psalm 1:1-6; Romeine 1:18-23;

Efesiërs 2:1-10). Laat die Woord en Gees jou leer. Dit gaan nie hier oor wetenskaplike en tegniese kennis nie. Die opdrag is duidelik: *Moet jou nie laat lei deur die vors van die onsigbare bose magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is* (Efesiërs 2:1-3). Hierdie onsigbare bose vors het voorheen ook in ons gewerk. Hy probeer ons steeds verlei om ons eie kop te volg, te doen wat ons wil en geld ons god te maak. Geld raak maklik die enigste of belangrikste oorweging wanneer ons besluite neem.

## Dink na en reageer:

1. God se boer, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer!

   ***God se boer***
   Hy besit jou. Hy het jou gekoop teen ŉ baie hoë prys (1 Petrus 1:18-19). Jy is nie jou eie baas nie en kan nie doen wat jy wil nie (1 Korintiërs 6:19-20; Galasiërs 5:16-18). Hoe beïnvloed dít die manier waarop jy besluite neem? Wie se raad en toestemming vra jy?

   ***Saam met God se mense***
   Hoe sien jy die ander mense op die plaas en in jou gemeenskap? Watter voordeel hou dit vir hulle in dat jy ŉ Koninkryk-boer is? Gee praktiese voorbeelde.

   ***Op God se grond***
   Alle grond behoort primêr aan die Here (Levitikus 25:23). Jou kaart-en-transport maak jou die sekondêre eienaar (Jeremia 32:1-25). Jy is slegs die rentmeester van God se grond. Wat is die implikasies daarvan?

   ***Tot God se eer***
   Is *"Living and Farming God's Way"* jou hartsbegeerte en doelgerigte strewe, of net ŉ mooi slagspreuk? Bring jou lewe en boerderypraktyke lof en eer aan God?

2. *"Work is worship! Work is love made visible!"* Watter kwaliteite moet ons produkte hê, of nie hê nie, om ons liefde vir mense sigbaar te maak? Wanneer is *"work worship"* en wanneer nie?

## Gebed:

† Here, laat die manier waarop ek leef en boer duidelik wys hoe lief ek U en my medemens het. Bewaar my daarvan dat ek ooit iets net ter wille van geld sal doen, al weet ek dis tot nadeel van ander.

† Praat met die Here oor die volgende twee sake:
*Work is worship. Work is love made visible!*

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Ghana**.
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Ghana deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Ghana.

# Dag 28
# Jou sekondêre roeping: Boer met 'n passie! (2)

**Lees:** Genesis 1:26-28 en Psalm 65:10-14

Almal is na die beeld van God geskep. Almal is geroep om God te verteenwoordig. Almal is beveel om die aarde te bewoon, te bewerk en op te pas (Genesis 2:15). Maar ek glo elke beroep het ook 'n spesifieke taak. Elke beroep moet 'n spesifieke aspek van God se beeld en karakter aan mense openbaar. So moet regters namens God uitspraak in regsake lewer. Hulle moet dit só doen dat mense God as die Regverdige Regter beleef (2 Kronieke 19:5-7). Onderwysers moet mense met wysheid, insig en gesag leer. Mense moet iets van die beeld en karakter van die groot Leermeester (Rabbi) in hulle sien. Hulle moet die waarheid leer en kwaliteit onderrig gee (Markus 1:22 en 27; 1 Johannes 2:26-27). Die argitek en vakmanne se werk moet iets vertoon van die kreatiwiteit van die Skepper: Sy uitsonderlike gebruik van kleure, vorms, style en struktuur. In hulle werk moet mense iets van die grootheid van die Argitek van hemel en aarde beleef (Eksodus 35:30 – 36:1). Almal in die mediese beroep moet mense help om God as die Groot Geneesheer te leer ken en lief te hê. Dié Een wat siektes genees en mense gesond hou (Eksodus 15:26). Boere moet vir mense wys dat God goed is en hulle daagliks wil en kan versorg. God is die Groot Voorsiener (Psalm 146:7). Die Een wat kos en klere aan almal, ook aan arm mense, gee. Maar Hy doen dit deur boere. **Ons boere is geroep om mense te laat proe en sien dat God goed is** (Psalm 34:8). En onthou, wanneer ons daarin slaag, kom mense tot bekering (Romeine 2:4).

Ons kan die roeping van die boer as volg saamvat: ***Boere is geroep om genoeg kwaliteit kos te produseer sodat almal kan proe en sien dat God goed is*** (Psalm 34:8). Daarom moet boere genoeg (kwantiteit) goeie

(kwaliteit) kos produseer wat God se stempel van goedkeuring dra. *Food carrying God's stamp of approval:* ***"God saw everything that He had made, and behold, it was very good, and He validated it completely*** (Genesis 1:31 - AMP). Goeie kos voldoen aan mens en dier se voedings-, groei- en energie-behoeftes. Dit hou mense gesond en bring genesing (vgl. Eksodus 15:26; Openbaring 22:2). Dis kos wat van gesonde diere, plante en bome afkomstig is; plante en bome wat in goeie, gesonde grond groei, saad gee en kan vermeerder (Genesis 1:10-12). Goeie plante en bome voed en verryk die grond. Vir goeie plante het jy goeie grond nodig, en vir goeie grond het jy goeie plante nodig.

Die duiwel het natuurlik ook 'n agenda. Hy lieg en bedrieg; verlei; maak dood; steel, slag en roei uit. Hy is teen alles wat goed en reg is (Johannes 8:44 en 10:10a). Hy doen alles in sy vermoë om mense steeds te oortuig dat die vloek waaronder hulle leef normaal is en daarom aanvaar behoort te word. Hierdie vieslike werk doen die duiwel ook in die landbou en landbougemeenskap. Hy gebruik elke denkbare leuen om boere te verhinder om hulle roeping te vervul. Hy wil nie hê hulle moet genoeg goeie kos produseer wat God se stempel van goedkeuring dra nie. Dooie grond; swak kwaliteit kos met 'n lae voedingswaarde; buitensporige hoë insetkoste en pryse wat vir die meeste verbruikers onbekostigbaar is; besoedeling en besmetting; steriliteit van saad en grond; die misbruik van goeie tegnologie en nuttige chemikalieë; hongersnood en onvolhoubare landbou-praktyke; geldgierigheid en eiebelang; selfs plaasmoorde is alles hoog op sy agenda. Dis naïef om te dink dat daar nie bose magte en mense onder hulle invloed is wat alles in hulle vermoë doen om dit vir Koninkryk-boere so moeilik as moontlik te maak om hulle roeping uit te leef nie.

Teenoor die Koninkryk van God staan die koninkryk van Duisternis. Dit staan ook bekend as Babilon. Babilon is magsugtig, korrup, verwaand, intimiderend, manipulerend, sedeloos, losbandig, verslaaf aan grenslose weelde en vyandig teen gelowiges wat van Jesus getuig (Openbaring 17:5-6 en Openbaring 18). Babilon se agenda is skaarste, hongersnood en wanvoeding. God se agenda is seën en oorvloed. Dis waarom Jesus met ons geruil het; in ons plek 'n vervloekte geword het (Deuteronomium 28:1-14 en Galasiërs 3:13). Hy het gekom om lewe te gee, en dit in oorvloed (Johannes 10:10b). Hy het dit vir ons kom moontlik maak om wéér te heers en nie die Satan toe te laat om sy invloed op aarde te laat geld nie (Genesis 1:28 en 2:15; Lukas 9:1; Jakobus 4:7; 1 Johannes 4:4).

Waar en wanneer Babilon haar bose invloed in landbou wil laat geld, móét Koninkryk-boere met Jesus saamwerk om die werk van die duiwel te

vernietig en Babilon tot 'n val te bring (1 Johannes 3:8 en Openbaring 17:14). Lig moet duisternis oorwin en waarheid die leuen.

Dis onvermydelik dat Koninkryk-boere in konflik sal kom met alles en almal wat deel is van die Babiloniese stelsel en daardeur onbehoorlik verryk word. ***"The reformer has an enemy in all those who prosper by the old order."***

## Dink na en reageer:

1. Hoe sien jy die roeping van die Koninkryk-boer? Wat doen hy anders as ongelowiges of selfs boere wat godsdienstig is, maar nie gered is nie?

2. Geestelike oorlogvoering is nie iets wat net in die kerk gevoer moet word nie. Die stryd tussen lig en duisternis is op sy hewigste in die raadskamers *(boardrooms)* van besighede en boerderye. Dis waar besluite geneem word oor hoe geld gemaak en spandeer moet word. Dis hier, in die hart van die sakewêreld, waar die grootste invloed op die breë samelewing uitgeoefen word. Dis waar hulpbronne en die aanwending daarvan bespreek en bepaal word. Dis hier waar mense deur Satan se leuens mislei word en waar mag maklik misbruik word. Waar selfsug regverdig word. Waar fisiese realiteite harder praat as geloof en gehoorsaamheid. Dis hier in die raadskamers waar die primêre geveg om die hart en die siel van die mens plaasvind. Dis hier waar bepaal word voor watter god of God die knie gebuig word. Hier woed die geveg om die hart van die ekonomie: God of Mammon? Is jy bewus van hierdie geveg in die landbou? Is jy gereed vir die geveg? Vir aanval en verdediging? Hoe lyk geestelike oorlogvoering in die raadskamer *(boardroom)* van jou boerdery? (Ons kom later terug na hierdie saak.)

3. Hoe lyk "Babilon" in jóú wêreld?

## Gebed:

† Jesus, open asseblief deur u Gees die oë van my gees sodat ek sal sien en verstaan hoe die duiwel my wil keer om my roeping as Koninkryk-boer uit te leef. Leer my om die kragtige wapens wat U vir ons gegee het effektief in hierdie geveg te gebruik (2 Korintiërs 10:3-6; Efesiërs 6:10-18). Leer my asseblief hoe belangrik geestelike oorlogvoering in besigheid en boerdery is. AMEN

† Bid vir die koms van die Koninkryk in die landbou en in landelike en boerdery-gemeenskappe in Afrika.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op die **Ivoorkus**.
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in die Ivoorkus deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in die Ivoorkus.

# Dag 29
# Jou sekondêre roeping: Boer met 'n passie! (3) Produseer gesonde kos

**Lees:** Genesis 22:14; Eksodus 15:26; Matteus 8:2-3

Onthou, jy is God se boer, saam met God se mense, op God se grond tot God se eer. Alles gaan oor Hom! Daarom moet ons verstaan wie God is en wat Hy wil doen. God en sy Name kan nie van mekaar geskei word nie. Sy Name sê wie Hy is én wat Hy doen.

Twee Name is hier belangrik:

1. **Jehovah Yireh** – God wat voorsien (Genesis 22:14)!
Abraham het die plek waar die Here vir hom 'n skaapram in die plek van sy seun Isak gegee het, genoem: *"Die Here voorsien!"* God is die Voorsiener en daarom voorsien Hy altyd. Sy voorsiening vloei uit sy wese. Wie Hy is en wat Hy doen is onlosmaaklik van mekaar. Hy kan nooit ophou voorsien nie, want dan is Hy nie meer God die Voorsiener nie. Jesus Christus is die duidelikste bewys van God se voorsiening. Johannes die Doper bevestig dit: ***"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem"*** (Johannes 1:29). Jesus is God se volledige voorsiening aan ons (Johannes 3:16; Romeine 5:12-21; 1 Johannes 4:9-10 en Hebreërs 10:12-18). Alle goeie gawes en elke volmaakte geskenk kom van Hom af (Jakobus 1:17). Maar Jehovah Yireh werk ook deur mense. Hy roep en gebruik ons as boere om vir mense kos te gee. Daarom moet ons goeie kos produseer. Kos wat God se stempel van goedkeuring wegdra (Genesis 1:29-31).

2. **Jehovah-Rapha** - God wat genees (Eksodus 15:26)!
God het nie net 'n naam nie – Hy is sy NAAM! Hy is **Jehovah-Rapha** – God wat genees! Gesondheid is deel van sy wese. God is Gesondheid, daarom maak Hy gesond. Siekte is nooit sy wil nie, want dit is in stryd met die wese van God. Wanneer 'n melaatse man uitroep: ***"Here, as U wil, kan U my gesond maak"***, reageer Jesus onmiddellik in lyn met die wese van God – in lyn met wie Hy is, **Jehovah-Rapha!** Hy sê onmiddellik: ***"Ek wil. Word gesond!"*** (Matteus 8:2-3). Jesus genees massas mense gedurende sy aardse bediening. Hy sien dit is wat **Jehovah-Rapha** (die Vader) doen en daarom doen Hy dit net só (Johannes 5:19-20; 14:8-11; Markus 1:32-34)! Hy bly vir ewig dieselfde (Hebreërs 13:8) en daarom is genesing en gesondheid vandag steeds sy wil.

Mense word siek omdat hulle dikwels te veel eet. Maar ook omdat hulle 'n te klein verskeidenheid, swak gehalte en chemies besmette kos eet. Genetiese manipulering van saad en moderne produksiemetodes (op die plaas, in die fabriek en in die kombuis) veroorsaak dat kos vandag nie die voedingswaarde het wat dit moet hê nie. Sulke kos maak mense siek in plaas van gesond. Bewyse hiervan is volop!

Daarom is dit die **boer se roeping en verantwoordelikheid** om te vra: **Is die kos wat ek produseer só goed dat ek dit namens God vir mense kan gee om hulle gesond te maak en gesond te hou?**
**Het die kos wat ek produseer al die voedingswaarde wat dit veronderstel is om te hê volgens God se oorspronklike bedoeling? Dra dit God se stempel van GOEDkeuring?**

Die voorsiening van gesonde kos is in lyn met God se Naam en sý wese! Dáárom is dit die Koninkryk-boer se roeping en eerste verantwoordelikheid. Landbou-navorsing moet gerig wees op die voorsiening van gesonde kos met genesende krag. Ander dinge is ook belangrik: opbrengs, voorkoms, wins en 'n langer raklewe. Maar dit mag nooit die voorsiening van goeie gesonde kos wat God se goedkeuring wegdra, ondermyn of benadeel nie. Dit mag nóóit voedingswaarde ondermyn nie.

## Dink na en reageer:

1. Beskryf die roeping van die Koninkryk-boer in jou eie woorde.

2. In baie gevalle maak kos mense siek, in plaas van gesond. Stem jy saam met dié stelling? Motiveer jou antwoord.

3. Gesels oor die volgende: *We need to focus on four things, not only on one*:
   - ✓ *food **security** (availability)*
   - ✓ *food **safety** (not controlled by outsiders – super powers, governments or big businesses that may be manipulative and greedy)*
   - ✓ *food **quality** (God's stamp of approval), and*
   - ✓ *food **affordability** (even the poor can enjoy good food).*

4. Wanneer sal God, soos in Genesis 1, weer sý stempel van **GOED**keuring op grond, plante, bome en kos sit? Aan watter vereistes sal dit moet voldoen?

5. Wat is die effek van chemiese bemesting op lewe in die grond? Maak dit grond beter of slegter? Bevorder dit lewe of maak dit dood? Is daar uitsonderings? Motiveer jou antwoord.

6. Wat diskwalifiseer 'n bepaalde produk of bewerkingsmetode om God se stempel van GOEDkeuring te kry?

7. Wat doen die duiwel in landbou wat tot niet gemaak moet word? Hoe kan ons met Jesus saamwerk om dit te doen? (1 Johannes 3:8)

8. Groter winste mag nooit die primêre fokus van landbou-navorsing wees nie. Kwaliteit móét altyd die belangrikste fokus bly? Wat dink jy van dié stelling?

## Gebed:

† Aanbid, loof en prys **Jehovah-Rapha** vir wie Hy is en wat Hy doen. Dank Hom ook vir jou genesing en gesondheid.

† Here, U is my God. Leer my asseblief om die regte ding op die regte tyd en die regte manier te doen (Jesaja 28:23-29). Help my om u stem te hoor wanneer ek praktiese boerderybesluite moet neem. Bewaar my van die leuens van die duiwel (Johannes 8:44) en die raad van goddelose mense (Psalm 1).

† **Jehovah-Rapha**, help my asseblief om deur dit wat ek produseer, met U saam te werk om mense gesond te maak en gesond te hou. Mag gesondheid vir my net so belangrik wees as vir U.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Liberië.** Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Liberië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Liberië.

# Dag 30
# Jou unieke roeping

**Lees:** Romeine 12:1-8; Efesiërs 2:8-10; 2 Korintiërs 5:7

**Jy is primêr geroep om die verlossing en versoening wat God in Christus Jesus vir jou aanbied, te aanvaar** (2 Korintiërs 5:21). As jy dit nie aanvaar en nie in Jesus glo nie, is jy sonder hoop en sonder God in hierdie wêreld (Efesiërs 2:12). Jou primêre roeping gaan oor jou primêre identiteit: in Christus; kind van God; nuwe mens. Jou primêre identiteit en roeping kan nooit verander nie. Dit word nie deur omstandighede bepaal nie.

**Jou sekondêre roeping is om 'n bepaalde beroep te beoefen.** Jy is geroep om te boer, net soos iemand anders geroep is om 'n onderwyser, argitek, kunstenaar, tuisteskepper, sakeman of predikant te wees. Jou sekondêre roeping gaan oor jou sekondêre identiteit. Jy is 'n boer. Dit kan verander. Jy kan geroep word om 'n ander beroep te beoefen.

Besaleël en Oholiab is geroep om ontwerpers en vakmanne te wees (Eksodus 35:30 – 36:1). Josef is geroep om lewe te beskerm deur kos te voorsien (Genesis 50:20). Gideon, 'n boer, is geroep om 'n soldaat te word en Israel van die oorheersing van die Midianiete te bevry (Rigters 6 en 7). Nehemia was die koning se skinker, maar is geroep om 'n bouer, projekbestuurder en hervormer te wees (Nehemia 1:11 en 6:15-16). Maria is geroep om die moeder van ons Here Jesus te wees (Lukas 1:26-38).

Jou **unieke roeping** kom dikwels deur 'n Rhema-woord. Dis 'n **spesifieke** woord, op 'n spesifieke tyd en plek vir 'n spesifieke mens of groep mense. Maria het so 'n spesifieke Rhema-woord van die Here gekry in Lukas 1:38. Hierdie woord het nie sin gemaak nie. Só iets is nog nooit vantevore vir iemand gesê nie. 'n Maagd kan mos nie swanger word as sy nog nooit seks met 'n man gehad het nie. Die vervulling van hierdie Rhema-woord was volledig van God se almag afhanklik, want dit was menslik onmoontlik (Lukas 1:35-38). Moenie verbaas wees as jóú unieke roeping ook menslik onmoontlik is nie.

Veral drie ***God's Way***-beginsels is hier van toepassing. Die eerste een is: *God's Way* is deur die Gees! Jou unieke roeping kan jy nie in jou eie krag en vermoë uitleef nie. Die tweede is: *God's Way* is só radikaal anders, dit klink na nonsens. Daar is talle sulke verhale in die Bybel. Die finale bevestiging hiervan is God se verlossingsplan – die kruis! Paulus sê op meer as een plek dat dit onsin is vir die wat verlore gaan. Dit maak

nie sin vir ongelowiges nie (1 Korintiërs 1:18-30 en 2:14). Die derde is: *God's Way* is om geloof te eer. God het Abraham se geloof geëer en hom regverdig verklaar (Romeine 4:13-25). ***"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon"*** (Hebreërs 11:6). Ons is geroep om in geloof te lewe, nie op grond van waarneembare feite nie (vgl. 2 Korintiërs 4:16-18 en 5:7).

Jou unieke roeping gaan waarskynlik die volgende kenmerke hê:

- ✓ Dit is so radikaal anders, dit klink na nonsens – dis nie logies nie.
- ✓ Almal om jou sê dis onmoontlik – dit kan nie gedoen word nie.
- ✓ Jy voel onbevoeg en onbekwaam vir die taak.
- ✓ Jy het nie (nog nie) genoeg middele (fondse) tot jou beskikking om die taak te verrig nie.
- ✓ Mense mag sê dis malligheid. Jy mag dalk self so dink.
- ✓ As jy gehoorsaam is en jou roeping vervul, sal God die lof en eer daarvoor kry. Hý maak die onmoontlike moontlik.

God roep sommige boere ***om te gee***. Hulle finansier groot projekte, publikasies, nasorgsentrums, kerke en laat ander mense se kinders leer. Hulle gee miljoene sonder bybedoelings! Ander boere word geroep om ***leiers in die landbou te wees***, en hulle doen dit met toewyding! Daar is boere wat God roep om 'n nuwe generasie jong boere op hulle voete te help. Hulle doen dit met blymoedigheid. Hulle geniet dit, want dis hulle unieke roeping. Die Here roep sommige boere om hulle gemeenskap **te dien**, en hulle doen dit met oorgawe. Soos Job is hulle tot seën vir almal in die gemeenskap (Job 29). Daar is boere wat dit as hulle roeping ervaar om ander **te leer en te onderrig**. *Living and farming God's Way* is nie vir hulle net 'n slagspreuk nie. Dis hulle passie. Hulle deel graag hulle kennis en vaardighede met ander (Romeine 12:1-8).

Alles wat God gedoen wil hê om sy Koninkryk op aarde uit te brei, doen Hy deur mense. Hy werk altyd deur mense – dis ook een van die *God's Way*-kenmerke. God roep sy kinders, ook boere, vir 'n baie groot verskeidenheid take. Hou op om verskonings te maak. Wees net gehoorsaam!

God roep jou ook vir iets wat nét jy kan doen. Hy het jou geskep en in Christus herskep ('n nuwe mens gemaak – 2 Korintiërs 5:17-18a) vir 'n bepaalde doel. Hy het jou bestem om iets spesifiek te doen. Hy het dit in sy boek opgeskryf nog voordat jy gebore is (Psalm 139:13-18). Manoag, die pa van Simson, het vir die Here gevra wat Simson se roeping en taak is, sodat hy hom kon grootmaak om dít te doen (Rigters 13:12). Daarom móét jy 'n

intieme verhouding met God hê en voortdurend met Hom oor jóú roeping en die van jou kinders, praat.

## Dink na en reageer:

1. God gee voortdurend nuwe kennis en insig aan sy kinders, want die Koninkryk is besig om te kom. Wat moet ons afleer en wat moet ons aanleer? Is die heropleiding van boere belangrik?

2. Is daar genoeg goeie landbouskole en kolleges met leerplanne wat God se goedkeuring wegdra?

3. Wie is verantwoordelik vir die opleiding van 'n nuwe generasie boere wie se doel en strewe ook *Living and Farming God's Way* sal wees?

4. Christene het deur die Heilige Gees direkte toegang tot die wysheid, kreatiwiteit en openbaringe van God. Hulle moet dit gebruik om **probleme in landbou op te los.** Só kom die Koninkryk in landbou. Só kom alles onder die beheer en bestuur van die een Hoof, Jesus Christus. Só is Koninkryk-boere tot seën vir die nasies.

## Gebed:

† HERE, **her-posisioneer** my vir roepingsvervulling, intimiteit met U en finansiële vryheid. AMEN

† HERE, wys my wat ek moet sien;
Leer my wat ek moet weet;
Sê vir my wat ek moet doen, en
maak my wat ek moet wees, u Beeld. AMEN

† Bid vir die oprigting van 'n nuwe generasie jong boere in Afrika wat kundig en vaardig is, en wat hulle vir die koms van die Koninkryk in die landbou beywer.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Sierra Leone.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Sierra Leone deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Sierra Leone.

# DEEL 5
## Die mikro-omgewing waarin ons leef en boer: Ons grond

Ons leef en boer op ŉ spesifieke stukkie grond op hierdie aarde wat aan die Here behoort. Hy het dit net vir ŉ tyd aan ons sorg toevertrou. Deel van ons **roeping en verantwoordelikheid** is om goeie rentmeesters **op** God se grond, én **van** God se grond te wees.
Drie belangrike waarhede wat ek en jy van ons grond moet weet:
1. Ons grond behoort aan God;
2. Hy het in en deur Christus ons grond met Homself versoen;
3. Christus het volle seggenskap op en oor ons grond.

Wat beteken dit regtig? Hoe moet ons op God se grond leef en boer? Hoe moet ons ons roeping daarop uitleef?

# Dag 31
## *Living and Farming God's Way*... op God se grond

**Lees:** Levitikus 25:23; Psalm 145:9-10; Jesaja 62:4

*Living and Farming God's Way* is nie iets wat êrens in die lug gebeur nie. Dis hoe ek en jy moet leef, werk en boer op dié stukkie grond wat God aan ons sorg toevertrou het. *Living and Farming God's Way* gaan ook oor ons **verhouding met die grond** waarop ons leef en boer.

In boerdery is dit belangrik dat jy weet hoeveel water jy het, en met watter tipe grond (sand, leem, klei, ensovoorts) en klimaat (temperatuur, ryp, reënval, ens.) jy te doen het. Dan kan jy besluit waarmee jy op die spesifieke stuk grond kan boer. Maar dis nie al wat jy moet weet van die grond waarop jy boer nie. Daar is drie ander belangriker dinge wat jy ook van jou grond moet weet.

Dit is:

- Jy leef en boer op grond wat aan die Here behoort;
- Jy leef en boer op grond wat God met Homself versoen het;
- Jy leef en boer op grond waaroor Christus gesag en seggenskap het.

Jy moet weet **jy leef en boer op God se grond**. Die HERE God het die hemel en die aarde geskep (Genesis 1). Daarom behoort die aarde en alles daarop aan Hom (Psalm 24:1). Alle grond, ook jóú grond, behoort aan die Here (Levitikus 25:23). Al besit jy grond in terme van die wette van die land of die gebruike van jou gemeenskap (Jeremia 32:6 12 en Handelinge 5:4), bly dit steeds God se grond. Jy moet dit net versorg. Jy moet dit namens God met liefde en sorg bewerk en benut.

God het gesê dat die grond goed is (Genesis 1:10). In Goeie grond groei goeie plante wat goeie vrug dra en wat goeie en gesonde kos vir mens en dier is. Gesonde, vrugbare grond is die basis van suksesvolle landbou. Daar is lewe in die grond. Dié lewe moet beskerm en gevoed word. 'n Paragraaf in "*Earth Conscious Life*" (7 Julie 2023 - Rob Herring) het my oog gevang: ***ACOUSTIC SOIL***: *Could the **sound of soil** be an indicator for soil health? Scientists "found that soils that had a richer variety of sounds contained a greater diversity of species," and "intensively managed agricultural lands were eerily quiet." Measuring soil sounds below the surface may help differentiate vulnerable soil-dwelling species, and "detect deteriorating soil health before its effects are visible above ground."* Grond en die lewe daarin is deel van die *"skepping-koor"* wat dag en nag die lof van die Skepper wil en moet besing. Ons mag die koor nie stil maak of uitwis nie.

Jy mag jou grond nie verniel nie. Jy verniel jou grond as jy te veel vee daarop aanhou of verkeerde metodes van beweiding toepas; as jy boerderypraktyke gebruik wat erosie aanhelp en die lewe in die grond doodmaak; as jy jou veld of jou lande nie laat rus nie; as jy nie voedingstowwe in die grond terugsit nie; as jy indringerplante toelaat om te vermeerder, ens. Jy moet die grond (en water) só gebruik dat jou kinders, en hulle kinders dit ook nog sal kan gebruik. Jy moet volhoubaar boer!

Jy en jou werkers mag nie okkultiese of heidense rituele uitvoer om jou huis of jou grond te beskerm nie. Jy moet juis jou grond bewaar en beskerm (Genesis 2:15) teen die duiwel en sy bose geeste. Hulle maak of die grond aan hulle behoort. Hulle gee voor dat hulle die reg het om te sê wat jy op die grond mag doen, en wat nie. Hulle kan jou nie verbied om 'n gat te grawe of om die rivier se water te gebruik nie. Die grond en die water behoort nie aan hulle nie. Alles behoort aan die Here. Moenie op

God se grond na die duiwel en sy bose geeste luister nie. Moenie vir die Bose 'n vastrapplek of *"verblyfreg"* op God se grond gee nie!

Elkeen aan wie God 'n stukkie grond toevertrou het, sal aan God rekenskap moet gee oor die manier hoe hy of sy God se grond gebruik of misbruik het.

## Dink na en reageer:

1. Jy weet nou dat jou grond aan die HERE behoort. Is daar iets wat jy dink jy anders behoort te doen? Wat?

2. Sê hardop: *Die grond waarop ek leef en boer behoort aan die Here. Die duiwel en sy bose geeste het geen sê op my grond nie.* Memoriseer Jesaja 62:4.

3. Hoe "klink" jou grond? Sing dit 'n loflied of 'n swanesang?

## Gebed:

† Dank die Here vir die voorreg wat jy het om vir 'n tyd die rentmeester van sý grond te wees.

† Bid dat landbouers hulle grond met liefde, eerbied en respek sal hanteer, sonder om daarvan 'n afgod te maak.

† Bid vir die produktiewe, maar volhoubare benutting van landbougrond in Afrika.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Togo en Benin.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Togo en Benin deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer Living and Farming God's Way oor landbou in Togo en Benin.

# Dag 32
# *Living and Farming God's Way*... op grond wat God met Homself versoen het

**Lees:** Kolossense 1:15-23

Jy leef en boer op grond wat aan God behoort. Jy moet ook onthou ***jy leef en boer op grond wat met God versoen is. Daar is 'n besondere verhouding tussen God en die grond waarop jy boer.***

Deur sy Seun het God alles geskep wat in die hemel en op die aarde is. Die dinge wat ons sien en ook die dinge wat ons nie kan sien nie. Deur die Seun hou God ook alles in stand wat Hy geskep het (Hebreërs 1:2-3). Die hele skepping is dus óók vir God belangrik, nie net mense nie. Net so is die hele mens (siel, gees en liggaam – 1 Tessalonisense 5:23) vir God belangrik, nie net sy siel nie. God het ***álles*** vir die Seun geskep – óók die grond, plante, diere, ensovoorts. ***Daar is 'n besondere verhouding tussen God en die grond waarop jy boer.***

Adam se ongehoorsaamheid het 'n vloek oor die hele aarde gebring (Genesis 3:17-19). Maar, toe die tyd daarvoor reg was, het God sy Seun gestuur. Christus het die vloek op Hom geneem deur as 'n vervloekte aan die kruis te sterf (Galasiërs 3:13). Deur sy bloed aan die kruis het Jesus nie net mense met God versoen nie. In Kolossense 1:20 lees ons dat God deur Christus ***álles*** met Homself versoen het, ***álles*** op die aarde en in die hemel. In die plek van vyandskap het Jesus vrede gebring. Die verhouding tussen God en die grond waarop jy boer, is dus nie meer 'n vyandige verhouding nie. Die verhouding word nie meer deur die sonde en die vloek bepaal nie. Christus het die verhouding volkome herstel. ***Daar is nou 'n besondere verhouding tussen God en die grond waarop jy boer.*** Daarom hoef jy geen offers te bring of rituele uit te voer om jou grond met God te versoen nie. As jy wel iets wil doen, kan jy 'n herinneringsteken oprig (vgl. Josua 4:4-7). Dis nié om jou grond met God te versoen nie, maar om jou gedurig daaraan te herinner dat Christus reeds jou grond met God versoen het.

Kom ek verduidelik dit só: Christus het my volkome met God versoen (Kolossense 1:22). Dit het die verhouding tussen my en God verander (Romeine 5:1). Maar dit het nie onmiddellik 'n einde aan al die gevolge van die sonde gebring nie. My liggaam word ouer en swakker en kan siek

word en sterf. Dieselfde geld vir die skepping. Dis klaar volkome met God versoen, al is dit volgens Romeine 8:20-22 nog aan swaarkry, agteruitgang en die dood uitgelewer. Met die wederkoms van Christus gaan God die skepping bevry, verander en vernuwe. Dan sal die skepping ook die heerlikheid van God weerkaats en pas by die sondeloosheid en heerlikheid van God se kinders (Romeine 8:21).

Alles ís met God versoen. Aanvaar in die geloof dat jou grond met God versoen is, net soos jy in die geloof aanvaar dat jy deur Christus met God versoen is. Bely dit met jou mond: *My/ons grond is met God versoen.* Moet niks doen wat maak dat die versoening sy effek verloor nie. Moenie aan God ongehoorsaam wees en dinge doen wat Hy haat nie (Deuteronomium 28:15 en verder). Moenie dinge doen waarin God 'n afsku het nie (Deuteronomium 18:9 14). Moenie weer jou grond onder die vloek bring nie.

Jy moet die sonde en ongehoorsaamheid in jou eie lewe bely en oorwin omdat jy met God versoen is. Net so moet jy die gevolge van die sondeval op jou plaas en jou grond teenwerk.

- Vra vergifnis vir bloed wat al op jou grond gevloei het. Vra ook vergifnis vir alle ander sonde wat daartoe lei dat die reën nie meer val en die grond nie meer goeie oeste lewer nie (Genesis 4:12; Deuteronomium 11:16 18 en 28:23; Job 31:38 40; Psalm 107:33 34; Jesaja 8:19 22; 14:8 en 37:24 25; Jeremia 7:16 20; Hosea 4:1 3; Habakuk 2:17 19).
- Vra vergifnis vir alle boerderypraktyke wat die grond en omgewing beskadig en/of vernietig het.
- Herroep alle verbonde (ooreenkomste) waarvolgens jy (of iemand wat voor jou op die grond gebly het) jou grond aan enige iets of iemand anders gewy het: die songod; afgode; veldduiwels; voorvaders, ensovoorts. Verwerp alle afgodery.
- As jy bewus is van enige muti wat op jou/julle grond begrawe is om dit te beskerm of om seën te probeer verkry, verwyder en verbrand dit. Vra dat die Here alleen jou/julle grond sal beskerm en sy seën daarop gee.
- Roep die Naam van die HERE oor jou grond uit. Verklaar dat jou grond aan die HERE behoort en dat dit met Hom versoen is.
- Verbind jou om in die toekoms aan die HERE jou God gehoorsaam te wees. Leef en boer dan op sy grond soos iemand wat met Hom versoen is. Wys met jou dade dat die verhouding tussen jou en die HERE herstel is.
- Bewys liefde aan ander. Respekteer mense en laat reg en geregtigheid op jou grond geskied.

- Kweek 'n liefde vir die natuur en implementeer bewaringspraktyke op jou grond.
- Respekteer die natuurlike plantegroei en dierelewe. Roei indringer-plante en onkruid uit; bekamp wind en watererosie; gee die veld tye van rus om te herstel; voorkom lug en waterbesoedeling en sit die nodige voedingstowwe terug in die grond; ensovoorts.
- Streef na *Living and Farming God's Way.*

## Dink na en reageer:

1. Doen jy iets wat veroorsaak dat die versoening sy effek op jou grond verloor? Onthou, Adam se ongehoorsaamheid aan God het aanleiding tot die vloek gegee. Christus se gehoorsaamheid het versoening gebring (Romeine 5:12-21).

2. Sê hardop: *Die grond waarop ek leef en boer behoort aan die Here en is reeds deur Christus met God versoen.* Begin doen wat jy in die laaste paragraaf beveel word. Memoriseer Kolossense 1:20.

## Gebed:

† Dank die Here dat Hy alles, ook ons grond, met Homself versoen het.
† Bid dat die landelike en boerderygemeenskap aan God gehoorsaam sal wees. Bid vir wysheid om bogenoemde opdragte prakties uit te voer.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Burkina Faso.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Burkina Faso deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor landbou in Burkina Faso.

# Dag 33
# *Living and Farming God's Way*...
# op grond waaroor Christus gesag het

**Lees:** Efesiërs 1:18-23

Jy leef en boer op grond wat aan die HERE behoort en deur Christus met Homself versoen is. Maar daar is nog iets wat jy moet onthou. **Jy leef en boer op grond waaroor Christus die gesag en seggenskap het.** God wil hê dat jy en die grond waarop jy boer volledig onder die beheer en bestuur van die een Hoof, Jesus Christus sal wees.

In die begin het God die gesag oor die aarde aan die mens gegee. Adam moes oor die aarde heers en dit bewaak. Toe die Here hierdie opdrag aan hom gegee het, was die skepping volmaak en baie goed, net soos die Here dit gemaak het (Genesis 1:31). Die opdrag het dus nie beteken dat Adam die aarde teen die vernietigende gevolge van die sonde moes beskerm nie. Adam moes dit beskerm teen Satan se pogings om die beheer en seggenskap oor die aarde by hom af te neem. Maar **Adam** het nie gedoen wat God gesê het nie. Deur sy **ongehoorsaamheid** het hy die deur vir Satan oopgemaak en aan hom gesag oor die aarde gegee (Lukas 4:5 6). Só het Satan die god, owerste en heerser van die wêreld geword (2 Korintiërs 4:4 asook Johannes 12:31; 14:30 en 16:11).

Maar **Christus** het as mens gekom en deur sy **gehoorsaamheid** aan God weer die gesag en die mag van Satan afgevat. Christus sit nou aan die regterhand van God: ***"hoog bo alle bose magte en enige vorm van gesag waarvan daar sprake mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom"*** (Efesiërs 1:21). Daarom sê Hy met sy hemelvaart: ***"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde"*** (Matteus 28:18). As jy dus hulp nodig het, vra dit van Hom. Hy kan met alles help: probleemdiere wat jou lammers vang; ryp wat jou vrugtebome se bloeisels kan beskadig; aalwurm wat jou groente se wortels aanval en hael wat dreig om jou hele mielie of koringoes weg te slaan. Jy mag nie die hulp van sangomas, hekse of besweerders inroep om jou en jou grond te beskerm nie. Jy hoef dit nie te doen nie, want geen vloek het enige landingsreg op jou of jou grond nie (Spreuke 26:2), tensy jý landingsreg daaraan gee. Vra die beskerming van Jesus, want niks en niemand het meer mag en gesag as Hy nie.

Satan het geen reg, mag of gesag meer oor jou of jou grond nie. Sy enigste wapen is leuens, want Hy is die vader van die leuen (Johannes 8:44). Wanneer jy sy leuens glo, gee jy aan hom mag wat hom nie toekom nie. Daarom moet jy God gehoorsaam en Hom glo. Hou vas aan die waarheid. Moenie toelaat dat Satan jou bangpraat, intimideer of dreig om jou skade aan te doen as jy nie na hom luister nie. Ná die kruis en leë graf het die Bose geen mag of gesag meer nie (Kolossense 2:15; Hebreërs 2:14-15). Wanneer bose geeste daarop aanspraak maak, lieg hulle. ***Alle*** gesag behoort aan Christus. ***Niks*** behoort aan die Satan nie. Christus het aan ons die gesag gegee om die Bose met al sy geweld te oorwin (Lukas 10:18-20).

Onthou, Christus woon deur sy Gees in elkeen wat in Hom glo (Romeine 8:9-10). Daarom is die duiwel en al sy bose geeste bang vir die kinders van die Here. Die Woord sê: *Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sál van julle af wegvlug* (Jakobus 4:7). Jy hoef nie die duiwel en sy demone te vrees nie. Jy hoef nie bose geeste, towenaars of enige iemand wat op bo natuurlike mag aanspraak maak, te vrees nie. Jy hoef nie die noodlot te vrees nie. Jy hoef nie die toekoms of selfs die dood te vrees nie (Romeine 8:31-39). Christus het mag oor die dood en die doderyk (Openbaring 1:17b-18).

In Christus het ek en jy ons gesag teruggekry. Nou kan jy weer, as God se verteenwoordiger met die gesag van Christus, oor jou grondgebied heers (Psalm 8:6-9). Daarom móét jy as koning heers oor alle sonde en bose magte. As priester móét jy vir almal bid wat saam met jou op die grond bly en ook vir julle boerdery. As profeet móét jy *Living and Farming God's Way* met woord en daad verkondig.

## Dink na en reageer:

1. Verteenwoordig God op jou grond en oefen die gesag wat Christus aan jou gegee het, daaroor uit!

2. Implementeer *God's Way*-beginsels - dis sý grond. Gehoorsaam sý Woord.

3. Weerstaan die duiwel totdat hy wegvlug! Moenie aan hom enige *"landingsreg"*, plek of gesag gee nie.

## Gebed:

- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Dank die HERE vir die besondere verhouding tussen Hom en die grond waarop ons leef en boer.
- † Bid dat Christen-landbouers God se verteenwoordigers sal wees en die gesag van Christus oor hulle grond sal uitoefen.
- † Bid vir genoeg reën op die regte tyd in elke streek.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Guinee-Bisau en Guinee**, asook **Gambië en Senegal** in Wes-Afrika. Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in dié vier Wes-Afrikalande deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor dié lande.

# Kaalvoetdag - 10 Oktober

In *AMOS* is 10 Oktober jaarliks ***Kaalvoetdag***. God beveel dikwels sy profete om iets ongewoon te doen om 'n spesifieke boodskap hard en duidelik by mense tuis te bring. (Bv. Esegiël 3:24; 4:1-4; 4:10-11; 5:1; 12:2-3; 12:18; 21:6; 24:15-16; 37:15-19; Jeremia 13:1-14; 16:1-4; 27:1-2; 32:1-44; Hosea 3).

**Die doel van *Kaalvoetdag* is om jou gedurig te herinner dat ons op heilige grond, God se grond, in God se teenwoordigheid leef en boer.** God se teenwoordigheid in die brandende bos het die grond geheilig waarop Moses gestaan het. Daarom moes hy sy skoene uittrek (Eksodus 3). Sedertdien het Christus aarde toe gekom en Hy word Immanuel genoem. Dit beteken: *God is by ons* (Matteus 1:23). Hy het ook die aarde met God versoen en dit deur sy offer en teenwoordigheid geheilig (Kolossense 1:19-20). Hy is elke dag met ons tot aan die einde van die wêreld (Matteus 28:20). **Oral leef en boer ons nou daagliks op heilige grond in God se direkte teenwoordigheid.** Om die hele dag daarvan bewus te bly, is lewensveranderend. Met my sagte, sensitiewe kaalvoete dink ek mooi waar ek loop en ek trap versigtig. Ek jaag nie net onnadenkend deur die dag nie. Dieselfde is van toepassing op my lewe in God se teenwoordigheid. Dit help my om sonde (dorings en skerp klippe) te vermy én dit is 'n geweldige troos en bemoediging. Hy is hier by my om my te dra, te help en te beskerm (Vgl. Josua 1:9; 2 Kronieke 16:9 en Matteus 28:20).

**Dis ook 'n besondere getuienis-geleentheid.** Oral gaan mense vir jou vra: *Waarom loop jy kaalvoet?* Dit gee jou die geleentheid om aan die hand van bogenoemde teksverse te getuig. **Kaalvoetdag** is dus 'n geleentheid om mense te bemoedig en hulle daarop te wys dat hulle nie net in die kerk nie, maar oral in God se teenwoordigheid leef en boer.




Onthou om op **10 Oktober** kaalvoet te boer!
Behou die momentum!

# DEEL 6
## Die makro-omgewing waarbinne ons leef en boer: Die gevegsterrein tussen twee koninkryke!

Daar is voortdurende konflik tussen lig en duisternis. Satan veg verbete omdat hy weet sy tyd is min. Hy weet hy kan nie die geveg wen nie. Nogtans probeer hy soveel as moontlik mense saam met hom die ewige poel van vuur en swael insleep deur hulle te mislei en te manipuleer. Hy probeer soveel as moontlik skade aanrig.

# Dag 34
## Wêreldleiers span saam teen die Here en teen sy Gesalfde

**Lees:** Psalm 2:1-12 en Efesiërs 1:10

Wanneer twee riviere saamvloei, vorm dit 'n groter en magtiger rivier. Hoe meer strome en systrome saamvloei, hoe groter word die momentum en hoe sterker die vloei. Figuurlik is daar tans baie verskillende strome in die wêreld wat saamvloei. Dinge gebeur al vinniger en op al hoe groter skaal.

Die koms van die internet en selfone het die wêreld onherroeplik verander. Een deurbraak het tot 'n volgende gelei, en 'n volgende, en 'n volgende. Digitale en inligtingstegnologie het alles verander. Alles gebeur nou vinniger, meer akkuraat en op groter skaal. Afstand is irrelevant en die wêreld het klein geword. Verskeie tegnologieë word tans op verskillende terreine ontwikkel. Elkeen kan 'n groter invloed op die wêreld hê as wat die koms van die internet en selfone gehad het. Hulle begin nou ook saamwerk om 'n sterker stroom te vorm. Landbou, onderwys, medies, godsdiens, politiek, banke, besigheid, media en die vermaaklikheid-industrie begin almal hande vat deur middel van digitale en inligtingtegnologie (dinge soos *"blockchain analysis and Artificial Intelligence [AI]*

*technologies*") om die agenda van hulle keuse te dryf. Vir baie is dit 'n vreesaanjaende gedagte. Dit maak hulle bang. Maar ...

Geld is nie goed of sleg nie. Wetenskap en tegnologie is nie goed of sleg nie. AI (Artificial Intelligence) is nie goed of sleg nie. Dit is alles neutraal, maar dis in die hande van mense wat nie "neutraal" is nie. Dit neem die karakter aan van die mens in wie se hand dit is. Dit word 'n bedreiging wanneer dit in die hande van verkeerde mense beland. Maar, dit kan ook tot voordeel van die mensdom en die koms van die Koninkryk wees wanneer God se kinders dit in ooreenstemming met God se wil gebruik.

Die Satan is nie kreatief nie. Hy sien wat God doen, en dan probeer hy dit naboots. God openbaar Homself as die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. In Openbaring lees ons ook van die bose trio: die Satan, die dier/monster (Johannes gebruik nie die naam Antichris in Openbaring nie) en die vals profeet. Jesus is die Christus, die Gesalfde. Daarom is daar ook antichriste (1 Johannes 2:18 en 22; 4:3; 2 Johannes 1:7). God het sy wil bekend gemaak: Hy gaan alles onder een Hoof verenig. Satan probeer dieselfde doen. Hy wil een wêreldregering vestig. Nie onder Christus as die een Hoof wat God aangestel het nie, maar onder die Antichris wat in sy diens is. God gebruik mense om onder leiding van sy Gees saam met Hom te werk om alles onder die heerskappy van die een Hoof te bring. Satan doen dieselfde. Deur goddelose mense dryf hy skaamteloos sý agenda: *Een wêreldregering wat teen Christus (en sy volgelinge) in opstand is.*

Satan verblind en misbruik mense op elke terrein (landbou, onderwys, medies, godsdiens, politiek, banke, besigheid, media en die vermaaklikheidindustrie) om sy doel te probeer bereik. Bo aan die lys is (sommige) regerings, (sommige) ekonomiese forums, internasionale en reuse farmaseutiese maatskappye, sogenaamde gesondheidsorganisasies en mediahuise. Baie van hulle is gewetenloos, boos, korrup en geldgierig. Soos die tien konings in Openbaring 17, stel hulle hul mag en gesag tot beskikking van die dier, die Antichris (Openbaring 17:13 en 17). Hulle is magsbehep en misbruik geld en tegnologie om al wat boos is te bevorder. Hulle skep oorloë, hongersnood en pandemies – dan bied hulle oplossings aan wat hulleself verryk. Hulle skep bankstelsels wat op waardelose papier gebou is en bankkaarte wat hulle insig gee oor wie geld op wat spandeer sodat hulle die inligting tot voordeel van hulleself en hulle agenda kan gebruik. Hulle misbruik tegnologie om saad geneties te manipuleer. Hulle gee voor dit is ter wille van voedselsekerheid, maar die werklike agenda is om beheer oor die wêreld se kosvoorraad te kry. Hulle ontwikkel bemesting om oeste te vergroot, maar wat terselfdertyd die grond doodmaak, kos van hulle voedingswaarde beroof en die boer ekonomies in skuld en

slawerny dwing. Daar is net genoeg waarheid in die *Climate Change*-agenda om dit geloofwaardig te laat klink, maar die werklike motivering agter die agenda word nie geopenbaar nie. [Natuurlik moet Christene goeie rentmeesters wees van die grond, water, lug en ander hulpbronne wat ons uit God se hand ontvang het. Maar dis nie waaroor húlle agenda gaan nie.] Hulle breek die huwelik as Goddelike instelling af en bevorder die LGBTQ-agenda (lesbian, gay, bisexual, transgender and queer) op elke denkbare manier. Hulle teiken tot kinders en onderwysstelsels. Hulle maak aanspraak op vryheid van spraak om hulle standpunte te propageer, maar as jy dit waag om van hulle te verskil word jy van haatspraak aangekla. Hulle het "slim" antwoorde op alle vrae, maar daar is een vraag wat hulle nie kan of wil antwoord nie. Dit is: *Waarom verdra julle alle godsdienste, behalwe die Christendom? Waarom haat julle Bybelse waardes en beginsels* (Jesaja 5:20)? Miskien hoef hulle nie die vraag te antwoord nie, want Christus het dit reeds gedoen. Hy openbaar die rede vir hulle gesindheid en optrede: Hulle haat Christus – die een Hoof onder wie hulle weier om te staan. **Lees Johannes 3:19-20 en 15:18-27.**

Die woorde in Psalm 2 som alles wat Babilon doen, mooi op: ***"Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy gesalfde en sê: 'Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af!'"*** (Psalm 2:2-3). Maar let op die Here se reaksie: **Hy lag hulle uit! Hy spot met hulle. Hy sien hulle dag kom** (Psalm 2:4; 37:13; 59:9)! Hulle hou vir God géén bedreiging in nie. Hulle sal nooit daarin slaag om van Christus as Hoof ontslae te raak of die wêreld onder iemand anders se regering te verenig nie. Christus is die Heerser oor die konings van die aarde. Al sy vyande sal aan Hom onderwerp word (Handelinge 2:34-35; 1 Korintiërs 15:25; 2 Tessalonisense 2:8; Hebreërs 10:13). Babilon gaan beslis val (Openbaring 17-18). Die oorwinning behoort vir ewig en altyd aan God en sy kinders (Openbaring 19-20).

Maar wie is Babilon? Die antwoord is in die volgende stukkie.

## Dink na en reageer:

1. Verstaan ek en jy die makro-omgewing waarin ons vandag *Living and Farming God's Way* 'n werklikheid moet maak?

2. Waarom is Christene bang vir iets wat vir God belaglik is? Waarom is ons bang vir mense wat dink hulle kan van God en sy Koninkryk ontslae raak? Dis lagwekkend en absoluut verwaand.

**Gebed:**

- † Praat met die Here oor die makro-omgewing waarin ons moet leef en boer.
- † Die Here het ons geseën met wonderlike tegnologie. Vra dat Hy ons sal leer hoe om die tegnologie te gebruik om sý wil te doen en sy Koninkryk te bevorder.
- † Praat met die Here oor jou vrees indien jy bang is vir die vinnige en voortdurende verandering in die wêreld.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Mauritanië, Wes-Sahara** en **Marokko.** Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in dié drie Wes-Afrikalande deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor dié lande.

# Dag 35
## Twee opponerende koninkryke

**Lees:** Kolossense 1:9-14

Daar is twee koninkryke. Die koninkryk van Duisternis (die koninkryk van hierdie wêreld) is as gevolg van die ongehoorsaamheid van die eerste Adam aan die beheer van Satan oorgegee (Lukas 4:5-7). Satan het probeer om die beheer te behou deur die Tweede Adam (Jesus) ook te versoek om aan God ongehoorsaam te wees en voor hom te buig. Maar Jesus het nie gesondig nie. Hy het Satan oorwin deur aan God gehoorsaam te bly.

Die ander koninkryk is die Koninkryk van God. God se geliefde Seun, Jesus Christus, heers in dié Koninkryk. Dis 'n hemelse Koninkryk wat deur Jesus op aarde kom vestig is (Matteus 13:44-49). ***"Julle moet die Vader met blydskap dank ... Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet"*** (Kolossense 1:12-13).

Omdat Jesus, die tweede Adam, volkome gehoorsaam was aan die Vader, het die Vader Hom verheerlik en Hom as Koning oor alle konings en Heerser oor alle heersers aangestel (Openbaring 1:5). Jesus is réëds as Koning gekroon. Maar sy koningskap word nie oral en deur almal erken nie. Dis 'n proses. Die koms van die Koninkryk word vergelyk met 'n

mosterdsaadjie wat van baie klein tot baie groot groei. Ook met suurdeeg wat stadig maar seker die hele deeg deursuur (Lukas 13:18-21).

Jy kan die hoof van ŉ maatskappy oornag verander, maar hoe groter en ouer die maatskappy is, hoe langer gaan dit neem voor die hele maatskappy verander en vernuwe. Mense in die maatskappy het oor jare geleer om op ŉ sekere manier te dink en te doen. Hulle het stelsels en sisteme geskep wat later hulle hele lewe onbewustelik begin bepaal het.

Dis soos iemand wat ŉ huis bou. As die huis volgens sy wil en begeerte ontwerp en gebou is, bepaal dit sy lewe. Die uitleg van die huis bepaal waar kos gemaak, geëet, gebad, geslaap, gekuier en gewerk word. Mense besef nie eers hoe ŉ groot invloed die struktuur van hulle huis elke dag op hulle het nie. Hulle is gewoond daaraan. Hulle is nie so vry soos hulle dink hulle is nie. Net so het mense oor eeue heen strukture en sisteme geskep wat hulle lewe onbewustelik beheer.

Die ***Babiloniese stelsel*** is die oorkoepelende naam vir al die stelsels van die wêreld wat onder die beheer en invloed van Satan is. Dié stelsels is deur mense geskep, word deur mense in stand gehou en bepaal hoe mense dink en optree. In die Babiloniese stelsel is daar nie plek vir God nie, wel vir godsdiens. **Die Babiloniese stelsel is ŉ teen-Christus-stelsel.** Dit het ŉ anti-Christelike karakter. Christus is die **Waarheid** (Johannes 14:6). Satan is die vader van die leuen en daar is géén waarheid in hom nie (Johannes 8:44). Die heerskappy van Christus is gebou op **reg en geregtigheid** (Psalm 97:2; Jesaja 9:6; Openbaring 15:3-4). Die Babiloniese stelsel is gebou op **onreg**. Die Babiloniese stelsel floreer op die misbruik van mag op politieke, ekonomiese en godsdienstige terrein.

**Babilon staan dus teenoor die Koninkryk van God.** Daar is vyandskap. Daar woed ŉ oorlog. Hierdie oorlog is geweldig intens en word op elke terrein van die lewe geveg. Bloed vloei letterlik en figuurlik (Openbaring 17:5-6). Tog het baie mense so gewoond geraak aan die Babiloniese stelsel waarin ons leef, dat hulle **onbewus** is van die konflik tussen lig en duisternis. Hulle is **mislei** en **verblind** deur die stelsel en word daardeur gevange gehou (vgl. 2 Korintiërs 4:4).

Maar moenie bekommerd wees nie! Jesus is reeds op die troon en Hy sal daar bly totdat al sy vyande aan Hom onderwerp is (Handelinge 2:34-35; 1 Korintiërs 15:25; Filippense 2:9-11; Hebreërs 10:13). Sy Koninkryk is ŉ ewige Koninkryk. Dit is die enigste Koninkryk wat gaan oorbly nadat al die ander vernietig is (Daniël 2:35 en 44; Lukas 1:31-33). Die Koninkryk van God gaan die aarde vul. Dis net ŉ kwessie van tyd. Maar dis absoluut seker.

## Dink na en reageer:

1. Ongeag hoe die geveg op ŉ dag-tot-dag-basis verloop, die *"eindtelling"* is bekend: Die Koninkryk van God behaal ŉ **klinkende oorwinning!** Babilon ly ŉ **verpletterende nederlaag.** Kies in watter stelsel jy wil wees.

2. Moenie vergeet dat die eintlike geveg nie teen fisiese mense is wat jy kan sien nie. Die geveg is eintlik met die onsigbare bose en demoniese magte agter (en in) mense wat hulle mislei en hulle gedrag bepaal (Efesiërs 2:2 en 6:12). Daar is geen grense aan die boosheid van mense wat hulleself (dikwels onbewus) as handlangers tot beskikking van dié bose geeste stel nie. Hulle raak on-menslik! (2 Timoteus 3:1-5). Sulke mense kan hongersnood beplan; pandemies skep om geld uit entstof te maak; oorloë doelbewus begin om ekonomiese voordeel daaruit te trek; navorsingsresultate bekook om hulle eie agendas te bevorder; dwaalleer verkondig om wet en orde te ondermyn; mense omkoop en betaal om te lieg. Sommige van die sogenaamde *"conspiracy theories"* waarvan Christene beskuldig word, is inderdaad feite. In die duisternis, agter die skerms, is daar inderdaad anti-Christelike magte wat saamsweer teen die Here en teen sy Gesalfde (vgl. Psalm 2:2-3). Jy is naïef as jy dit nié glo nie. Laat die wêreld jou maar spot en sê jy is naïef as jy dit glo. Ons weet daar is geen waarheid in hulle argumente nie.

3. Hierdie geveg woed ook in landbou en die boerderygemeenskap. Hoe?

## Gebed:

† Praat met die Here oor die twee Koninkryke. Verbind jouself opnuut tot die bevordering van God se Koninkryk.
† God weet wat in die donker bedink en beplan word (Daniël 2:20-22; Jeremia 23:24). Bid dat Hy dit deur sy Woord en Gees aan jou sal openbaar sodat jy daarop voorbereid kan wees.
† Dank die Here dat dit onmoontlik is vir duisternis om die Lig te oorwin.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Niger** en **Tsjad.**
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Niger en Tsjad deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor Niger en Tsjad.

# Dag 36
## Wie en wat is Babilon?

**Lees:** Genesis 11:4; Habakuk 1:6-12

Babel was 'n antieke stad in die huidige Irak, omtrent 80 km suid van Bagdad langs die Eufraatrivier.

In Genesis 11 word die stad geassosieer met trots en verset teen God. In Jesaja 13 en 14 word die stad in soortgelyke terme beskryf: trots, hoogmoed, vermetel, sonder medelye, ens. God het die Babiloniërs gebruik om sy volk vir hulle volgehoue ongehoorsaamheid te straf. Israel is na Babel weggevoer. Babel het Israel gevange gehou tot die tyd wat God vir haar vrylating bepaal het. Toe het God Israel begenadig en Babel gestraf vir haar hoogmoed en wreedheid. Die profeet Habakuk beskryf hierdie gebeure en sluit sy profesie af met die bekende oorwinningslied: ***"Al sou die vyeboom nie bot nie..."*** (Habakuk 3:17-19). Hy sing omdat Hy oortuig is dat, op grond van God se openbaring aan hom, Babilon tot 'n val gaan kom (Habakuk 3:16). (In Openbaring 17-18 val Babilon. In 19:1-4 word 'n oorwinningslied oor Babilon se val gesing.)

In 1 Petrus 5:13 is Babel 'n skuilnaam vir Rome – nóg 'n stad wat teen God in opstand was en Christene wreed vervolg het. Deur Rome het God in 70 n.C. die oordeel oor Israel voltrek omdat hulle Jesus verwerp het. Rome het Jerusalem met die grond gelyk gemaak. .

In Openbaring 17:5-6 word Babel beskryf as die ***"moeder van die sedeloses en van losbandigheid op die aarde"***. (Onsedelikheid verwys na seksuele immoraliteit, maar ook na godsdienstige afvalligheid deur afgodery.) Babilon word beskryf as bloeddorstig en wreed. Die rede vir die val van Babilon word in Openbaring 18:3 as volg beskryf:

1. Omdat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid gedrink het;
2. Omdat die konings van die aarde onsedelik met haar verkeer het;
3. Omdat die sakemanne van die aarde ryk geword het uit haar grenslose weelde.

Babilon is dus meer as net 'n plek. Dit word as metafoor gebruik om die bose manier van dink en doen (die bedryfstelsel, die kultuur of *"operating system"*) van die wêreld te beskryf. Babilon verteenwoordig alles wat boos is. Alle stelsels en sisteme wat gekenmerk word deur die misbruik van mag en gesag op godsdienstige, ekonomiese en politieke terrein.

In die Ou Testament het God sy volk deur die profete beveel om Babilon te verlaat voordat Hy dit straf (Jesaja 52:11-12; Jeremia 51:44-50). Dieselfde opdrag word in Openbaring 18:4 aan ons gegee: ***"... Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plae wat oor haar kom, julle ook tref nie."***

## Dink na en reageer:

1. Beskryf Babilon in jou eie woorde. Wie en wat is Babilon?

2. In Egipte moes die Israelitiese slawe fisies baie hard werk. Daar was slawerny hoofsaaklik 'n *"lyf-ding"*. In Babilon was hulle **kultuur-slawe** (ideologiese slawe). Hulle moes dink, glo, doen en leef soos die Babiloniërs. In Babilon was slawerny hoofsaaklik 'n *"kop-ding"*. Dis moeiliker om uit laasgenoemde vry te kom as uit eersgenoemde. In watter mate het jy 'n kultuur-slaaf van Babilon geword? Hoe kom jy vry van die Babiloniese kultuur?

## Gebed:

† Bid dat jy en al jou mense vrywillig uit Babilon sal kom en sal kies om onder die beheer en bestuur van die een Hoof, Jesus Christus die Here, te wees.

† Bid dat God jou en jou medeboere se lewe sal verander deur julle (Babiloniese = soos die wêreld) denke te vernuwe (Romeine 12:1-2).

† Dank die Here dat Babilon gaan val – ook in die landbou.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Mali** en **Algerië**.
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Mali en Algerië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor Mali en Algerië.

# Dag 37
# Twee teenstrydige kulture

**Lees:** Daniël 1:1-9; Johannes 17:13-19; Romeine 12:2

ʼn Indiërvriend het my hierdie waarheid geleer: *"Die bootjie hoort in die water, maar die water hoort nie in die bootjie nie. Die bootjie is gemaak vir die water. Dit het geen doel op droë grond nie. Maar as die water in die bootjie kom, is dit lewensgevaarlik. Net só," het my vriend gesê, "hoort die Christen in die wêreld om sy roeping te kan vervul, maar die wêreld hoort nie in die Christen nie. Wanneer Christene soos die wêreld begin dink en doen, is hulle in lewensgevaar."* Daniël en sy drie vriende het hierdie beginsel goed verstaan. Al was hulle in Babel en al het die Babiloniërs alles in hulle vermoë gedoen om Babel in die vier jongmanne se hart en denke te vestig, kon hulle nie daarin slaag nie (Daniël 1:3-8; 3:16-18; 6:11, 17-18, ens.)

Kom ons stel die twee kulture (wat mense in die twee koninkryke dink, glo en doen; hoe hulle daarin lewe) teenoor mekaar. Dan is dit maklik om te sien wat die verskil is en hoe om te verhoed dat Babilon in jou kom, al is jy nog in Babilon (die wêreld).

* * *

**B** = hoe **B**abilon werk en hoe mense in **B**abilon lewe.

**K** = hoe die **K**oninkryk werk en hoe mense in die **K**oninkryk lewe.

* * *

**B:** Mense dien en vereer iets of iemand in die skepping, in plaas van die Skepper van alle dinge (Romeine 1:20-25; Jesaja 44:9-20). Daar is geen skeiding tussen Skepper en skepsel nie.

**K:** Daar is net een ware God, die Skepper van hemel en aarde (Jesaja 45:18). Hy is radikaal anders en verhewe bo dit wat Hy geskep het. Daar is ʼn duidelike skeiding tussen die Skepper en sy skepping (Genesis 1; Openbaring 19:9-10).

**B:** Die mens is die middelpunt van alles (mens-sentries).

**K:** God is die middelpunt en alles (God-sentries).

**B:** Dié stelsel word gebou op menslike logika (denke en redenasies).

**K:** Die stelsel word gebou op die Logos, die wysheid wat van God kom (die Woord van God, God self – Johannes 1:1; 1 Korintiërs 1:30).

**B:** Burgers van Babilon is teen God en sy Gesalfde. Hulle is anti-Christus in alles was hulle dink, sê en doen.

**K:** Burgers van die Koninkryk is vir God en sy Gesalfde. Hulle is pro-Christus in alles wat hulle dink, sê en doen.

**B:** Babilon funksioneer volgens 'n wêreldse model.

**K:** Die Koninkryk werk volgens 'n hemelse model ("soos in die hemel").

**B:** Babilon is beperk tot wat menslik moontlik is.

**K:** Burgers van die Koninkryk maak ruimte vir God om te doen wat menslik onmoontlik is. Moontlikhede in die Koninkryk is dus onbeperk.

**B:** Babilon word gebou op en in stand gehou deur onreg, korrupsie, misleiding, intimidasie, vervolging (geweld), leuens en vrees.

**K:** Die Koninkryk word gebou op en in stand gehou deur reg en geregtigheid, waarheid, liefde en lojaliteit.

**B:** Babilon is verwaand, hoogmoedig, selfversekerd, trots.

**K:** Burgers in die Koninkryk besef hulle afhanklikheid van God, is nederig en buig in aanbidding voor God.

**B:** Werk is 'n afgod en vernietig verhoudings.

**K:** Werk is aanbidding en benadeel nie verhoudings nie.

**B:** Werk is 'n vloek – doen dus so min as moontlik vir so veel as moontlik.

**K:** "*Work is worship and love made visible*" – geniet dit.

**B:** Eiebelang is altyd voorop.

**K:** Ander se belang kom altyd eerste (Filippense 2:3-5).

## Dink na en reageer:

1. Wat beteken die beeld van die bootjie en water vir jou?

2. Watter van die bogenoemde verskille ervaar jy in die omgewing waar jy leef en boer?

**Gebed:**

† ***"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is"*** (Romeine 12:2). Vra dat die Here jou en jou mense se denke sal vernuwe.

† Vra dat die Here deur sy Woord en Gees ook Afrika se denke sal vernuwe.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Djiboeti**, **Eritrea** en **Tunisië**. Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Djiboeti, Eritrea en Tunisië deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor Djiboeti, Eritrea en Tunisië.

# Dag 38

## Twee teenstrydige kulture (2)

**Lees:** Romeine 12:2; Kolossense 3:5-11

Elke stam, taal, volk en nasie het sy eie kultuur (Openbaring 5:9-10). Maar daar is twee "super-kulture" bo al hierdie kulture. Dis die kultuur van Babilon en die kultuur van die Koninkryk. Dié twee super-kulture is in konflik met mekaar en het 'n baie groot invloed op alle ander kulture.

Daar is ook diepliggende verskille tussen die twee super-kulture se siening van die **ekonomie, geld, besittings en besigheid:**

**B:** Privaat eienaarskap – gebruik alles soos die mens wil – dis mos mý keuse.
**K:** Dubbele eienaarskap: primêr (God) en sekondêr (mens). Rentmeesterskap (mens bestuur God se eiendom namens Hom). Rekenskap (mens moet verslag aan God gee oor die gebruik van sý goed).

**B:** Transaksies is belangriker as verhoudings – trap op mense.
**K:** Verhoudings is belangriker as transaksies (1 Korintiërs 6:7-8).

**B:** Glo voorsiening kom uit die aarde. Daarom is daar te min vir almal. Hulle uitgangspunt is skaarste. (Die gevolg is: wedywering; gryp eerste, gryp

soveel as jy kan, gryp alles. Soek maniere om die mense op die aarde minder te maak.)

**K:** God voorsien en sorg (Matteus 6:25-31). Daarom is daar altyd genoeg vir almal. Ons kan met mekaar deel (2 Konings 4:42-44; 1 Timoteus 6:17-19).

**B:** Vrees toekomstige gebrek. Daarom is hulle onvergenoegd en gierig. (Dis altyd die gevolg as jy God verwerp en dink jy moet vir jouself sorg.)

**K:** Vader sorg vir ons daaglikse brood. Daarom kan ons vergenoegd, tevrede en ontspanne wees.

**B:** Soek oorvloed deur wen-of-verloor-praktyke na te jaag (bv. Lotto).

**K:** Geniet oorvloed omdat God seën. Seën laat almal wen.

**B:** Hou arm mense afhanklik, maak hulle jou slawe (bv. Nehemia 5).

**K:** Fokus op arm en kwesbare mense. Dien en help hulle op hul voete (Jesaja 58:6-10; Psalm 41:1-4; 146:7-9; Jakobus 1:27).

**B:** Probeer waarde uit ander kry sonder om billik daarvoor te betaal. (Buit mense uit. Beroof en verslaaf ander).

**K:** Heg waarde aan ander se bydrae (goedere, dienste, kennis) en is bereid om ruim daarvoor te betaal. Hulle glo almal moet baat uit elke transaksie.

**B:** Fokus op geld en besittings as bron van voorsiening, veiligheid en 'n kwaliteit lewe.

**K:** Fokus op God as die Bron van voorsiening, veiligheid en kwaliteit lewe (Lukas 12:15 / Matteus 10:29-31; 1 Timoteus 6:17-19).

**B:** Gaping tussen ryk en arm word al groter.

**K:** Almal is geseënd (Almal geniet voorspoed). Niemand is arm nie (Deuteronomium 8:9; Handelinge 2:43-45; 2 Korintiërs 8:13-15).

**B:** Probeer ander beïndruk (en mislei) met uiterlike voorkoms. Dink aan Babilon se grenslose weelde (Openbaring 18:3).

**K:** Seën ander met werklike kwaliteit en waarde.

**B:** Kruip weg in die donker (Johannes 3:19-20). Geheimhouding, verskuilde agendas, 'n geknoei agter die skerms.

**K:** Leef in die lig en hoef niks weg te steek nie (Efesiërs 5:8-11; Romeine 13:12). Wat hulle doen is deursigtig – almal kan dit sien.

**B:** Wen (gaan vorentoe) deur allerhande bedenklike plannetjies (schemes) en die gebruik en/of misbruik van mag.

**K:** Wen deur geloof en gehoorsaamheid aan God (Sagaria 4:6; 2 Korintiërs 6:7; Filippense 2:8). Gaan vorentoe omdat hulle geseënd is (Galasiërs 3:13-14).

## Dink na en reageer:

1. Watter kultuur het die grootste invloed op jou lewe? Jou volkseie kultuur? Die Babiloniese kultuur? Die kultuur van die Koninkryk?

2. Wat is vir jou die drie belangrikste verskille tussen Babilon (koninkryk van Duisternis) en die Koninkryk van God?

3. Wat is die eerste tree wat jy moet gee om uit Babilon te kom?

4. Babilon kan nie reg, heel of beter gemaak word nie. Babilon moet oorwin word en heeltemal verdwyn (Openbaring 18:21b). Dit moet deur die Koninkryk vervang word.

## Gebed:

† Vra dat die Heilige Gees jou sal help om die verskil tussen 'n Koninkryk-kultuur en die Babiloniese kultuur al hoe duideliker te sien. Ons het so gewoond geword aan die Babiloniese kultuur dat ons die verskil nie maklik raaksien nie. Babilon doen ook alles in sy vermoë om ons te verblind en te mislei.

† Vra vir die Here om vir jou te sê wat die eerste tree is wat jy uit Babilon moet gee. Vra dat Hy jou sal help om dit dadelik te doen.

† Bid vir die verlossing van die landbou uit die Babiloniese kultuur waaraan dit in 'n groot mate verslaaf geraak het. Koninkryk-boere kan nie soos Babel (wêreld) dink, glo, doen en leef nie.

**Bid vir Afrika:** Fokus vandag op **Libië** en **Egipte**.
Vra dat God sy spesifieke plan vir landbou in Libië en Egipte deur sy Woord en Gees aan boere bekend sal maak. Proklameer ***Living and Farming God's Way*** oor Libië en Egipte.

# DEEL 7
## Seënbedes

***Alles en almal onder een Hoof!*** Dit ís die wil van God. Dit is God se agenda. Ons is geroep om met Hom saam te werk om alles onder die beheer en bestuur van Christus te bring. Ons moet sy medewerkers wees.

Ons is God se medewerkers wanneer ons volgens sý wil bid; wanneer ons vra wat Hy wil gee. **God werk in antwoord op ons gebede.** Dit is 'n duidelike *God's Way*-kenmerk. Dís hoe God werk.

Gebed is die belangrikste manier hoe ons met Hom kan saamwerk.

Kom ons bid!

# Dag 39
# Die gebed van ’n boer

Here, U het ons geroep en beveel: ***“Do business until I return”***. Dis nie ’n eenvoudige opdrag of ’n geringe taak nie – veral nie nou nie. Daarom vra ons dat U ons sal seën om ons in staat te stel om dit te doen. Ons verwagting is van U alleen.

Luk. 19:13
Gen. 1:26-28

Mag ons grond deur U geseën word...
met die beste uit die hemel, met dou en reën;
met die beste uit die water diep onder die grond;
met die beste wat deur die son gegee kan word en
die beste wat deur elke maand opgelewer kan word;
met die beste uit die gryse berge en
die beste uit die ou-ou heuwels;
met die beste uit die aarde en wat daarop is;
met u goedheid en guns, o Heer!

Deut. 33:13-17

Mag U wat in die woestyn vanuit ’n doringbos aan Moses sy roeping en opdrag gegee het, ’n welbehae in ons hê. Mag U tevrede wees met die manier waarop ons die roeping wat U aan ons gegee het, in die landbou uitleef. Mag U gedurig met ons praat en u wil daagliks aan ons bekend maak. Mag ons met vreugde alles doen wat U sê.

Deut. 33:16b
Eksodus 3:3

Mag ons *Living and Farming God’s Way* prakties demonstreer. Mag *“on time, high standard, no wastage and with joy”* ons hele boerdery kenmerk.

Mag ons nooit nalaat om met almal op die plaas oor Jesus en die Koninkryk van God te praat nie. Laat die Heilige Gees elkeen oortuig dat dit ’n betroubare woord is wat hulle sonder enige twyfel kan aanvaar! Mag almal dit glo en Christus as Verlosser én Koning aanvaar. Help ons om elkeen te dissipel en tot geestelike volwassenheid te lei.

Hand. 20:24-27
1 Tim. 1:15-17
Mat. 28:19-20

Laat ons almal saam u Naam heilig, u Koninkryk soek en u wil gehoorsaam. Mag ons as lede van u huisgesin almal saam Nagmaal vier.

Mat. 6:9-10
Efesiërs 2:19
1 Kor. 10:16-17

Wys ons wat ons diere nodig het. Gee ons insig in al hulle behoeftes. Mag ons diere gesond en baie vrugbaar wees. Laat ons hulle altyd goed versorg. Leer ons ook wat ons grond nodig het om te verseker dat die plante en die kos wat dit produseer, voedsaam en gesond is. **Mag mense u goedheid proe en sien wanneer hulle die kos eet wat ons produseer.** Leer ons om effektief te boer - hoe om die regte ding op die regte tyd en die regte manier te doen, want U is ons God.

Spr. 27:23
Psalm 144:12-14
Spreuke 12:10
Ps. 34:9
Jes. 28:23-29

Mag u engele rondom ons grondgebied wagstaan en mag u vaandel van oorwinning oor alle bose magte, dag en nag daarop wapper! Mag elke aanslag teen ons misluk en geen wapen iets teen ons vermag nie. Mag die vyand wat georganiseerd teen ons optrek, in baie rigtings van ons af wegvlug. Mag die angskrete van mense, van vroue en kinders nooit op die plaas gehoor word nie. Mag die bloed van mense nooit op ons grond vloei nie. Beskerm ons ook teen hael, ryp en vuur. Bewaar ons van peste en plae wat ons oeste bedreig.

Eks. 17:15-16
Kol. 2:15
Ef. 1:15-23
Jesaja 54:17
Deut.28:7
Ps. 144:14b

Mag ons nooit leuens glo nie, maar altyd vashou aan die waarheid. Mag vrees en wanhoop ons nooit oorweldig nie. Mag lewenslus en vreugde ons nooit verlaat nie. Mag verslawing en slegte gewoontes nooit oor een van ons die oorhand kry nie.

Ef. 4:14-15
Heb. 13:5-6
1 Kor. 6:12-15
Gal. 5:16, 24-25

Mag ons by ons kinders 'n liefde vir die landbou kweek. Mag ons die volgende generasie inspireer om hulle ook tot *Living and Farming God's Way* te verbind.

**Mag die HERE ons seën om tot seën te wees,** want Christus is in ons. Ons is die nageslag van Abraham.
**AMEN**

Kolossense 1:27
Gen. 12:2-3
Psalm 67
Gal. 3:14 en 29

# Dag 40
# Seënbede

Omdat ek geseënd is, seën ek Afrika, die landbou in Afrika en elke landbouer saam met al sy of haar mense. Ek seën julle in die Naam van Jesus sodat julle tot seën kan wees.

Ek seën Afrika en al die landbouers in Afrika met **'n duidelike visie, 'n volkleur prentjie** van God se roeping vir Afrika, en sy wil vir landbou en die landbouers van Afrika.

Ek seën Afrika met **roepingsvervulling:**

Jy sal 'n goeie rentmeester van jou grond, water en lug wees.
Jy sal genoeg gesonde kos vir almal kan produseer.
Jy sal dit sonder skuld produseer, omdat jy geseënd is.
Jy sal slim boer sodat almal jou kwaliteit-kos kan bekostig.
Jy sal tegnologie slegs tot eer van God gebruik.
Jy sal dit slegs gebruik in soverre dit tot voordeel van die mens se gesondheid en in belang van die hele skepping is.
Jou bewerkingsmetodes en boerderypraktyke sal lewe bevorder, en nie dood bring nie.
Jy sal kos produseer wat God se stempel van goedkeuring dra.
Almal wat daarvan eet sal sien en proe dat God goed is.

Ek seën Afrika met 'n **intieme verhouding met God:**

Jy sal God liefhê met jou hele hart, al jou krag en jou hele verstand (Matteus 22:37-38).
Jy sal verstaan wie jy in Christus is en hoe geseënd jy is.
Jou groot begeerte sal wees om Jesus Christus beter te leer ken (Filippense 3:10).
Jy sal in Hom bly en Hy in jou (Johannes 15:4).
Jy sal God se Woord liefhê en die Goeie Herder se stem ken.
Jy sal nie na vreemde stemme luister en Babilon toelaat om haar stempel op jou af te druk nie - selfs al bied sy haar weelde vir jou aan.
Jy sal deur die Heilige Gees gelei en onderrig word – ook oor hoe om te boer (Jesaja 28:23-29; 1 Johannes 2:27).

Ek seën Afrika met **finansiële vryheid:**

Jy sal altyd deur die Vader versorg wees.
Jy sal die gees van Mammon oorwin.
Jy sal bevry word van die vrees vir gebrek.

Jy sal nie langer bakhand geld van ander lande bedel nie.
Jy sal nie langer deur vreemde lande uitgebuit en beroof word nie.
Jou leiers sal nie langer omgekoop word en korrup wees nie.
Jy sal skuldvry word en skuldvry boer omdat Christus die vloek van armoede en skuld op Homself geneem het.
Jy sal geseënd wees met genoeg reën op die regte tyd.
Jy sal geseënd wees in die aanteel van jou vee.
Jy sal geseënd wees op jou vrugbare lande.
Jou handewerk sal geseënd wees.
Jy sal self die vrug op jou arbeid geniet. Voortdurende peste, plae, misoeste en droogtes sal dit nie vernietig nie.
Jy sal meer as genoeg produseer om Afrika te voed.
Afrika sal tot seën vir die wêreld wees.

**Mag Afrika onder een Hoof verenig word.**
**Mag Christus die beheer en bestuur oor alles en almal in Afrika kry.**


**AMEN** – só sal dit wees!

# Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem


Die volgende AMOS-publikasies is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar. Jy kan dit **gratis** aflaai by www.amosafrica.net, of teen koste bestel deur ’n e-pos te stuur aan secretary@amosafrica.net





***be*Vry om op te staan** (Gebedsfokus 2014)
Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstrengel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werkswyse van die duiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhinder om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebid word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**





**Arbeidsverhoudinge** (Gebedsfokus 2015)
Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstrengel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werkswyse van die duiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhinder om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebid word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**




**Finansiële Vryheid** (Gebedsfokus 2016)
Finansiële vryheid is meer as net ’n mooi ideaal. Dis binne jou bereik as jy die tydlose ekonomiese beginsels wat God in sy Woord aan ons gee, ken en toepas. Die wêreld dink radikaal anders oor geld en besittings as wat die Woord van God ons leer. Dís die rede vir die ekonomiese chaos rondom ons. Daarom moet ons God die geleentheid gee om ons denke deur sy Woord te vernuwe. Die eerste tree op die pad van finansiële vryheid is om te erken dat **álles aan die Here behoort.** Óók dit wat ek en jy het. Ons is nét rentmeesters van alles wat die Here in ons sorg plaas.





**Boer voor die Troon** (Gebedsfokus 2017)
Die doel van hierdie Gebedsfokus is nie om vir gelowiges meer kennis oor gebed te gee nie, maar eerder om hulle te motiveer om die voorreg van gebed ten volle te benut. Gebed in die Naam van Jesus is wesenlik belangrik as ons landbou wil transformeer na *Living and Farming God's Way*. Die Gebedsfokus sluit ook 'n praktiese handleiding met gebedsriglyne en gebede in. Dit help die bidder om Skrifinhoud aan sy of haar gebede te gee – om sinvol te bid vir persoonlike behoeftes, die gemeenskap en die landbou. Gebed is die sleutel tot die oplossing van probleme in die landbou. Deur gebed kom die Koninkryk in die landbou. Bid sonder ophou! Boer voor die Troon!




**Living and farming God's Way** (Gebedsfokus 2018)
Dis ons visie en ons hart. Dis waaroor dit vir Amos Agrimin gaan. Dis ons droom vir Afrika! Die Koninkryk van God kan nét op God se manier gebou word. ***Let's build God's Kingdom God's Way!*** Tien **kenmerke** van *God's Way* word bespreek en baie praktiese toepassings word gemaak. Jy leer ook hoe om 'n *God's Way*-**kultuur** op die plaas te vestig. Laastens word gefokus op drie belangrike dinge wat die Woord sê oor die **grond** waarop ons boer. Hierdie 40 oordenkings is noodsaaklik vir elke Christen-landbouer. Bestudeer en implementeer dit biddend.




**In jou sien God vir Hom 'n koning!** (Gebedsfokus 2019)
God sê in 1 Samuel 16:1 van Dawid: ***"In hom sien ek vir My 'n koning."*** Nadat Dawid as koning gesalf is, het daar eers 'n minimum van 10 jaar verloop voordat hy koning geword het. Dit was 10 uiters moeilike jare waarin God hom gevorm en sy karakter gebou het, sodat hy die koning kon word wat God in hom gesien het. Ons kan baie leer uit die lewe van Dawid gedurende hierdie tyd. Uit die nageslag van koning Dawid, is Koning Jesus gebore. Koning Jesus het ons konings en priesters vir God gemaak. Om die koning te wees wat God jou gemaak het, moet jy, soos koning Dawid en Koning Jesus, absolute sekerheid hê oor jou identiteit as kind van God, jou verhouding met die Vader en die opdrag wat Hy jou gegee het.




**Lied in die Nag** (Gebedsfokus 2020)
God wil jou leer om 'n ***lied in die nag*** te sing! Daarom is ***Lied in die Nag*** nie 40 troosboodskappies nie. Dis perspektiewe uit die Woord om jou te help om eerlik in gesprek met God te tree oor jóú lyding en swaarkry. Hierdie gesprekke sal jou help om God beter te leer ken; lyding beter te verstaan en meer verantwoordelik op lyding te reageer. Die oordenkings is sistematies, eenvoudig en toepaslik.




**Jou toekoms – Jou keuse** (Gebedsfokus 2020)
Dis die verantwoordelikheid van elke stemgeregtigde om aan verkiesings deel te neem en te stem. Of jy besluit om te stem of nie – jou keuse het gevolge! Jy moet besluit met watter gevolge jy wil saamleef.
Daar word op die volgende gefokus:

- Die gevaar van mag wat in verkeerde hande beland
- Die verantwoordelikheid van kiesers
- Rooi ligte wat waarsku dat dinge besig is om verkeerd te loop
- Wie behoort te regeer? Noodsaaklike eienskappe en vaardighede

Deel hierdie inhoud met soveel as moontlik mense voor elke verkiesing!


Die naam ***AMOS*** kom uit die Ou Testament. Amos was ’n boer en ’n profeet. Hy het gewaarsku teen vormgodsdiens, onreg en uitbuiting. Hy het verkondig dat godsdienstigheid nie genoeg is om God te behaag nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord ***Agrimin*** is ’n afkorting van *Agricultural Ministries*.

***AMOS*** se logo is ryk aan simboliek. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en dit bring lewe en voorspoed. In ***AMOS*** bely ons Jesus Christus (die rooi kruis) as die Bron van Lewende Water (blou stroom). Sonder Hom is lewe in oorvloed onmoontlik. Die windpomp is 100% afhanklik van die wind. Net so is ons volledig afhanklik van die kragtige werking van die Heilige Gees.

## Amos Agrimin se kernbesigheid:

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:




**Living and Farming God’s Way**

ALLES ONDER een Hoof

40 Dae GEBEDSFOKUS 2023

**AMOS AGRIMIN**

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net

**AMOS AGRIMIN STREKE**

Vir kontak- en bankbesondehede,
besoek ons webwerf
*www.amosafrica.net*

***Amos Agrimin Kaap***
(Wes-Kaap)

***Amos Agrimin Sentraal***
(Vrystaat en Noordwes)

***Amos Agrimin Noord-Kaap***
(Noord-Kaap en oorblywende provinsies)

***www.amosafrica.net***

Find us on Facebook

40-Dae Gebedsfokus
uitgegee deur *Amos Agrimin Noord-Kaap*

**Bankbesonderhede:**
Amos Agrimin
FNB Brandwag, 230534
Rek. 5299 000 8842

30 JAAR
Amos agrimin
LIVING AND FARMING GOD'S WAY - sedert 1993